" despatch clerk " means an employee who is engaged in any form of clerical work and/or who is responsible for receiving garments and for packing garments for transport or delivery and who may supervise the packing, weighing and/or folding of such garments and the checking and addressing thereof;

" despatch clerk, male, qualified ", means a male despatch clerk who has had not less than five years' experience;

" despatch clerk, male, unqualified ", means a male despatch clerk who has had less than five years' experience;

" despatch clerk, female, qualified ", means a female despatch clerk who has had not less than four years' experience;

" despatch clerk, female, unqualified ", means a female despatch clerk who has had less than four years' experience;

" establishment " means any premises in or in connection with which one or more employees are employed in the pressing industry;

" experience " means in relation to a despatch clerk, checker, grade I employee or grade II employee, the total period or periods of employment which an employee has had as a despatch clerk, checker, grade I employee or grade II employee respectively;

" grade I employee " means an employee engaged in pressing garments other than hats, caps, shirts, ties, underwear or seams;

" grade I employee, qualified ", means a grade I employee who has had not less than three years' experience;

" grade I employee, unqualified ", means a grade I employee who has had less than three years' experience;

" grade II employee " means an employee engaged in one or more of the following duties or occupations:—

(a) Pressing hats, caps, shirts, ties, underwear or seams;

(b) folding garments;

" grade II employee, qualified ", means a grade II employee who has had not less than eighteen months' experience;

" grade II employee, unqualified ", means a grade II employee who has had less than eighteen months' experience;

" labourer " means an employee engaged in one or more of the following capacities or duties:—

(a) Making tea or similar beverages;

(b) cooking rations;

(c) cleaning premises, machinery, animals, vehicles, implements, utensils or other articles;

(d) carrying, moving and/or stacking;

(e) delivering letters, messages, or goods on foot or by means of a bicycle, tricycle or hand-propelled vehicle;

(f) loading or unloading;

(g) making or maintaining fires, removing refuse or ashes;

(h) oiling and greasing machinery and vehicles other than motor vehicles;

(i) opening or closing doors, boxes, packages, bags or other containers;

(j) marking, stencilling or affixing labels on containers or packages;

(k) tending, feeding, harnessing or unharnessing animals;

" motor vehicle driver " means an employee engaged in driving a motor vehicle, other than a motor vehicle conveying a traveller in the course of his duties, and for the purposes of this definition, driving a motor vehicle includes all periods of driving and any time spent by the driver on work connected with the vehicle or the load and all periods during which he is obliged to remain at his post in readiness to drive;

" piece-work or task-work " means any system under which any part of an employee's remuneration is based upon the quantity or output of work done;

" pressing industry " means the industry in which employers and employees are associated for the pressing of garments;

" short-time " means a temporary reduction in the number of ordinary hours of work of an employee due to a general breakdown of plant or machinery or a threatened breakdown of buildings caused by accident or unforeseen emergency, or to slackness of trade;

" traveller's driver " means an employee who drives a motor vehicle conveying a traveller in the course of his duties and for the purpose of this definition " traveller " means an employee who, as the travelling representative of an establishment, on behalf of such establishment, invites, canvasses or solicits orders from persons for the pressing of garments;

" wage " means that portion of the remuneration payable to an employee in money in respect of the ordinary hours of work laid down in clause 6.

(2) In classifying an employee for the purposes of this Award he shall be deemed to be in that class in which he is wholly or mainly employed.

„ versendingsklerk ", 'n werknemer wat enige soort klerklike werk verrig en/of verantwoordelik is vir die ontvang van kledingstukke, die verpakking van kledingstukke vir vervoer, of aflewering, en wat toesig kan hou oor die verpak, weeg en/of vou van sulke kledingstukke en die kontroleer en adresseer daarvan;

„ versendingsklerk, manlik, gekwalifiseerd ", 'n manlike versendingsklerk met minstens vyf jaar ervaring;

„ versendingsklerk, manlik, ongekwalifiseerd ", 'n manlike versendingsklerk met minder as vyf jaar ervaring;

„ versendingsklerk, vroulik, gekwalifiseerd ", 'n vroulike versendingsklerk met minstens vier jaar ervaring;

„ versendingsklerk, vroulik, ongekwalifiseerd ", 'n vroulike versendingsklerk met minder as vier jaar ervaring;

„ inrigting ", enige perseel waarin, of in verband waarmee, een of meer werknemers in die persnywerheid in diens is;

„ ervaring ", ten opsigte van 'n versendingsklerk, kontroleur, graad-I-werknemer, of graad-II-werknemer, die totale tydperk, of tydperke, van ervaring wat 'n werknemer het onderskeidelik as 'n versendingsklerk, kontroleur, graad-I-werknemer, of graad-II-werknemer;

„ graad-I-werknemer ", 'n werknemer wat kledingstukke pers, behalwe hoede, pette, hemde, dasse, onderklere, of some;

„ graad-I-werknemer, gekwalifiseerd ", beteken 'n graad I-werknemer met minstens drie jaar ervaring;

„ graad-I-werknemer, ongekwalifiseerd ", 'n graad-I-werknemer met minder as drie jaar ervaring;

„ graad-II-werknemer ", 'n werknemer wat een of meer van die volgende pligte vervul, of werksaamhede verrig:—

(a) Pers van hoede, pette, hemde, dasse, onderklere, of some;

(b) vou van kledingstukke;

„ graad-II-werknemer, gekwalifiseerd ", 'n graad-II-werknemer met minstens agtien maande ervaring;

„ graad-II-werknemer, ongekwalifiseerd ", 'n graad-II-werknemer met minder as agtien maande ervaring;

„ arbeider ", 'n werknemer wat een of meer van die volgende werksaamhede verrig, of pligte vervul:—

(a) Maak van tee, of soortgelyke dranke;

(b) kook van rantsoene;

(c) skoonmaak van persele, masjinerie, diere, voertuie, werktuie, gerei, of ander goedere;

(d) dra, verplaas en/of stapel;

(e) aflewer van briewe, boodskappe, of goedere te voet, of per fiets, driewieler, of handvoertuig;

(f) laai, of aflaai;

(g) maak en onderhou van vure, verwyder van afval, of as;

(h) olie en ghries van masjinerie en voertuie, behalwe motorvoertuie;

(i) oopmaak, of toemaak, van deure, kiste, pakette, sakke, of ander houers;

(j) merk, sjabloneer, of etiketteer van houers, of pakkette;

(k) diere oppas, voer, inspan, of uitspan;

„ motorvoertuigbestuurder ", 'n werknemer wat 'n motorvoertuig bestuur, behalwe 'n motorvoertuig wat 'n handelsreisiger vir die verrigting van sy werk vervoer, en vir die doel van hierdie woordbepaling omvat „ 'n motorvoertuig bestuur " alle tydperke van bestuur en alle tyd wat die bestuurder bestee aan werk in verband met die voertuig, of die vrag en alle tydperke wat hy op sy pos gereed moet wees om te bestuur;

„ stukwerk, of taakwerk ", enige stelsel waarvolgens enige deel van 'n werknemer se besoldiging op die hoeveelheid, of omvang, van die verrigte werk gebaseer is;

„ persnywerheid ", die nywerheid waarin werkgewers en werknemers verbonde is vir die pers van kledingstukke;

„ korttyd ", enige tydelike vermindering van die getal gewone werkure van 'n werknemer as gevolg van 'n algemene breekstop van installasie, of masjinerie, of dreigende ineenstorting van geboue, wat deur ongeluk, of onvoorsiene noodgeval, of slapte in die bedryf veroorsaak word;

„ bestuurder van handelsreisiger se voertuig ", 'n werknemer wat die voertuig bestuur wat die handelsreisiger vir die verrigting van sy werk vervoer en vir die doel van hierdie woordbepaling, beteken „ handelsreisiger " 'n werknemer wat in sy hoedanigheid van reisende verteenwoordiger van 'n inrigting, namens sulke inrigting van persone bestelligs vir die pers van kledingstukke aanneem, of daarom vra;

„ loon ", daardie deel van die besoldiging wat kontant aan 'n werknemer betaal moet word vir die gewone werkure wat in klousule 6 voorgeskryf word.

(2) Vir die klassifisering van 'n werknemer vir die doel van hierdie Uitspraak, word hy beskou tot daardie klas te behoor waarin hy geheel, of hoofsaaklik, werksaam is.

4.—Remuneration.

(1) The minimum wage which shall be paid by an employer to each member of the undermentioned classes of his employees shall be as set out hereunder:—

	Per Week.
(i) Mechanic engaged in maintaining or repairing plant or machinery	£6 13 6
(ii) Maintenance man engaged in making minor repairs to plant or machinery	4 10 0
(iii) Motor vehicle driver	3 10 0
(iv) Traveller's driver	2 5 0
(v) Driver of an animal-drawn vehicle	1 15 0
(vi) Employee firing and controlling the water level in boilers	2 5 0
(vii) Employee guarding property and/or patrolling premises	2 2 6
(viii) Checker, qualified	2 7 6
(ix) Checker, unqualified—	
during the first six months of experience	1 17 6
during the second six months of experience	2 2 6
(x) Employee operating a passenger or goods lift	1 15 0
(xi) Despatch clerk, male, qualified	5 15 5
(xii) Despatch clerk, male, unqualified—	
during the first twelve months' experience	1 16 11
during the second twelve months' experience	2 13 1
during the third twelve months' experience	3 9 3
during the fourth twelve months' experience	4 5 5
during the fifth twelve months' experience	5 1 6
(xiii) Despatch clerk, female, qualified	3 9 3
(xiv) Despatch clerk, female, unqualified—	
during the first twelve months' experience	1 16 11
during the second twelve months' experience	2 6 2
during the third twelve months' experience	2 15 5
during the fourth twelve months' experience	3 4 7
(xv) Grade I employee, qualified	4 0 0
(xvi) Grade I employee, unqualified—	
during the first six months' experience	1 10 0
during the second six months' experience	1 18 4
during the third six months' experience	2 6 8
during the fourth six months' experience	2 15 0
during the fifth six months' experience	3 3 4
during the sixth six months' experience	3 11 8

Provided that a grade I employee who has had not less than 18 months' experience as a grade II employee shall be paid not less than £2. 6s. 8d. during the first six months of experience; £2. 15s. during his second six months of experience; £3. 3s. 4d. during his third six months of experience and £3. 11s. 8d. during his fourth six months of experience as a grade I employee, and thereafter, not less than the wage prescribed for a grade I employee, qualified;

Provided further that the wages to be paid to a grade I employee, qualified, and a grade I employee, unqualified, may be reduced by 10 per cent. during the first six months and by 5 per cent. during the second six months following the date of comnig into operation of this Award.

	Per Week.
(xvii) Grade II employee, qualified	£2 5 0
(xviii) Grade II employee, unqualified—	
during the first six months' experience	1 10 0
during the second six months' experience	1 15 0
during the third six months' experience	2 0 0
(xix) Labourer—	
of the age of 18 and over	1 12 6
under the age of 18	1 0 0
(xx) Casual employee: For each day or part of a day, one-fifth of the highest weekly wage prescribed for an employee performing the same class of work as the casual employee is required to perform.	
(xxi) Employees not elsewhere specified in this subclause	2 0 0

(2) *Basis of Contract.*—For the purpose of this clause the basis of contract of employment of an employee shall be weekly and save as provided in sub-clause (3) and in clause 5 (5), an employee shall be paid in respect of a week not less than the full weekly wage prescribed in sub-clause (1) for an employee of his class whether he has in that week worked the maximum number of ordinary hours prescribed in clause 6 (1) for an employee of his class or less.

(3) *Differential Wage.*—An employer who requires or permits a member of one class of his employees, other than an employee mentioned in paragraph (xix) of sub-clause (1), to perform for longer than one hour in the aggregate on any day and an employer who requires or permits an employee mentioned in paragraph (xix) of sub-clause (1) to perform for any period on any day, either in addition to his own work or in substitution therefor work of another class for which either—

(*a*) a wage higher than that of his own class; or

(*b*) a rising scale of wages terminating in a wage higher than that of his own class;

4. Besoldiging.

(1) Die minimum lone wat 'n werkgewer aan elke lid van die ondergenoemde klasse van sy werknemers moet betaal, is as volg:—

	Per week.
(i) Werktuigkundige wat die installasie, of masjinerie onderhou, of herstel	£6 13 6
(ii) Onderhoudhandlanger wat klein herstellings aan installasie, of masjinerie, uitvoer	4 10 0
(iii) Motorvoertuigbestuurder	3 10 0
(iv) Handelsreisiger se voertuigbestuurder	2 5 0
(v) Dierevoertuigbestuurder	1 15 0
(vi) Werknemer wat ketels stook en die waterstand op peil hou	2 5 0
(vii) Werknemer wat eiendom oppas en/of persele patrolleer	2 2 6
(viii) Kontroleur: gekwalifiseerd	2 7 6
(ix) Kontroleur: ongekwalifiseerd	
gedurende eerste ses maande ervaring	1 17 6
gedurende tweede ses maande ervaring	2 2 6
(x) Werknemer wat 'n passasiers- of goederehyser bedien	1 15 0
(xi) Versendingsklerk: manlik, gekwalifiseerd	5 15 5
(xii) Versendingsklerk: manlik: ongekwalifiseerd	
gedurende eerste twaalf maande ervaring	1 16 11
gedurende tweede twaalf maande ervaring	2 13 1
gedurende derde twaalf maande ervaring	3 9 3
gedurende vierde twaalf maande ervaring	4 5 5
gedurende vyfde twaalf maande ervaring	5 1 6
(xiii) Versendingsklerk: vroulik, gekwalifiseerd	3 9 3
(xiv) Versendingsklerk: vroulik: ongekwalifiseerd	
gedurende eerste twaalf maande ervaring	1 16 11
gedurende tweede twaalf maande ervaring	2 6 2
gedurende derde twaalf maande ervaring	2 15 5
gedurende vierde twaalf maande ervaring	3 4 7
(xv) Graad-I-werknemer: gekwalifiseerd	4 0 0
(xvi) Graad-I-werknemer: ongekwalifiseerd	
gedurende eerste ses maande ervaring	1 10 0
gedurende tweede ses maande ervaring	1 18 4
gedurende derde ses maande ervaring	2 6 8
gedurende vierde ses maande ervaring	2 15 0
gedurende vyfde ses maande ervaring	3 3 4
gedurende sesde ses maande ervaring	3 11 8

met dien verstande dat 'n graad-I-werknemer met minstens agtien maande ervaring as 'n graad-II-werknemer, minstens £2. 6s. 8d. betaal moet word gedurende sy eerste ses maande ervaring; £2. 15s. 0d. gedurende sy tweede ses maande ervaring; £3. 3s. 4d. gedurende sy derde ses maande ervaring en £3. 11s. 8d. gedurende sy vierde ses maande ervaring as 'n graad-I-werknemer en daarna minstens die vir 'n gekwalifiseerde graad-I-werknemer voorgeskrewe loon;

verder met dien verstande dat die lone wat aan 'n gekwalifiseerdegraad-I-werknemer en ongekwalifiseerde graad-I-werknemer betaal moet word, met 10 persent gedurende die eerste ses maande en met 5 persent gedurende die tweede ses maande wat volg op die datum van inwerkingtreding van hierdie Uitspraak, verminder mag word.

	Per week.
(xvii) Graad-II-werknemer: gekwalifiseerd	2 5 0
(xviii) Graad-II-werknemer: ongekwalifiseerd	
gedurende eerste ses maande ervaring	1 10 0
gedurende tweede ses maande ervaring	1 15 0
gedurende derde ses maande ervaring	2 0 0
(xix) Arbeider—	
18 jaar oud en ouer	1 12 6
onder 18 jaar	1 0 0
(xx) Los werknemer—vir elke dag, of gedeelte van 'n dag, eenvyfde van die hoogste voorgeskrewe weekloon vir 'n werknemer wat dieselfde klas werk doen as wat van die losnemer geëis word om te doen;	
(xxi) Werknemers nie elders in hierdie subklousule genoem nie	2 0 0

(2) *Basis van kontrak.*—Vir die doel van hierdie klousule is die basis van 'n werknemer se dienskontrak weekliks en behoudens soos bepaal in subklousule (3) en in klousule 5 (5), moet 'n werknemer ten opsigte van 'n week minstens die volle weekloon betaal word wat in subklousule (1) voorgeskryf is vir 'n werknemer van sy klas, onverskillig of hy in daardie week die maksimum getal gewone ure soos in subklousule 6 (1) vir 'n werknemer van sy klas voorgeskryf, of minder gewerk het.

(3) *Differensiële lone.*—'n Werkgewer wat eis, of toelaat, dat 'n lid van een klas van sy werknemers, behalwe 'n werknemer genoem in paragraaf (xix) van subklousule (1), om op enige dag vir langer as totaal een uur en 'n werkgewer wat eis, of toelaat, dat 'n werknemer genoem in paragraaf (xix) van subklousule vir enige tydperk op enige dag, hetsy benewens sy eie werk, of in plaas daarvan, werk verrig van 'n ander klas waarvoor hetsy—

(*a*) 'n hoër loon as dié vir sy eie klas, of

(*b*) 'n opgaande loonskaal wat eindig op 'n hoër loon as dié vir sy eie klas,

is prescribed in sub-clause (1) shall pay to such employee a wage for all the ordinary hours of work of the establishment for that day—

(i) in the case referred to in paragraph (*a*) at a rate for each such hour, equal to the higher weekly wage divided by the number of ordinary hours worked by such employee in a week;

(ii) in the case referred to in paragraph (*b*) at a rate for each hour equal to the weekly wage prescribed in sub-clause (1) for an employee of his class plus 30 per cent., divided by the number of ordinary hours worked by such employee in a week. Provided that such employee shall not be entitled to an agregate amount in respect of the day on which he performs such work, greater than the amount that would have accrued to a qualified employee in such higher class at the rate of wage prescribed for him in sub-clause (1);

Provided that where the sole difference between classes is in terms of sub-clause (1) based on experience, sex or age, the provisions of this clause shall not apply.

(4) *Calculation of Monthly Wage.*—Whenever the wage due to an employee is in terms of clause 5 (1) paid monthly, the amount of such wage shall be calculated at the rate of four and one third times the wage prescribed in sub-clause (1) for an employee of his class.

5. Payment of Remuneration.

(1) Save as provided in clause 7 (3) any amount due to an employee shall be paid in money weekly, or, if the employer and employee have agreed thereto in writing, monthly, during the hours of work or within fifteen minutes of ceasing work on the usual pay day of the establishment, or on termination of employment if this takes place before the usual pay day, and shall be contained in an envelope or other container, or shall be accompanied by a statement showing the employer's and employee's names, the employee's occupation, the number of ordinary and overtime hours worked, the remuneration due and the period in respect of which payment is made.

(2) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(3) *Purchase of Goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop or person nominated by him.

(4) *Board and Lodging.*—Save as provided in the Natives (Urban Areas) Act, 1923, and the Native Labour Regulation Act, 1911, an employer shall not require his employee to board and/or lodge with him or with any person or at any place nominated by him.

(5) *Fines and Deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employee nor shall he make any deductions from his employee's remuneration, other than the following:—

(*a*) With the written consent of his employee a deduction for holiday, sick, insurance, provident or pension funds or subscriptions to an employees' organization;

(*b*) except where otherwise provided in the Award, whenever an employee is not at work a deduction proportionate to the period of his absence calculated on the basis of the weekly wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time thereof;

(*c*) a deduction of any amount which an employer by any law or order of any competent court is required or permitted to make;

(*d*) when an employee agrees or is required in terms of the Natives (Urban Areas) Act, 1923, or the Native Labour Regulation Act, 1911, to accept from his employer board and/or lodging, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder—

	Per Week	*Per Month.*
Board	£0 3 0	£0 13 0
Lodging	0 2 0	0 8 8
Board and lodging	0 5 0	1 1 8

(*e*) whenever the ordinary hours of work prescribed in clause 5 (1) are reduced on account of short-time, a deduction in respect of each hour of such reduction of the employee's weekly wage divided by the number of ordinary hours worked by such employee in a week: Provided that no deduction shall be made—

(i) in the case of short time arising out of slackness of trade unless the employer has given his employee not less than twenty-four hours' notice of his intention so to reduce the ordinary hours of work;

(ii) in the case of short time arising out of a general breakdown of plant or machinery or a threatened breakdown of buildings due to accident or other unforeseen emergency, in respect of the first hour not worked unless the employer has given his employee notice on the previous day that no work will be available;

(*f*) a deduction in respect of any public holiday other than New Year's Day, Good Friday, Dingaan's Day or Christmas Day on which an employee is required or permitted not to work of the wage which he would have received had he worked on such day.

in subklousule (1) voorgeskryf is, moet sodanige werknemer vir alle gewone werkure van die inrigting op daardie dag betaal—

(i) in die in paragraaf (*a*) genoemde geval teen 'n skaal vir elke uur wat gelyk is aan die hoër weeklikse loon gedeel deur die getal gewone ure wat deur sodanige werknemer per week gewerk word;

(ii) in die in paragraaf (*b*) genoemde geval teen 'n skaal vir elke uur wat gelyk is aan die weeklikse loon in subklousule (1) voorgeskryf vir 'n werknemer van sy klas plus 30 persent, gedeel deur die getal gewone ure wat deur sodanige werknemer per week gewerk word: met dien verstande dat sodanige werknemer nie vir die dag waarop hy sodanige werk verrig het geregtig is nie tot 'n totale bedrag wat hoër is as wat aan 'n gekwalifiseerde werknemer in sodanige hoër klas sou verskuldig gewees het teen die loonskaal wat vir hom in subklousule (1) voorgeskryf is:

met dien verstande dat waar die enigste verskil tussen klasse in terme van subklousule (1) gebasseer is op ervaring, geslag, of ouderdom, die bepalings van hierdie klousule nie van toepassing is nie.

(4) *Berekening van maandloon.*—Wanneer ook al kragtens klousule 5(1) aan 'n werknemer verskuldigde loon maandeliks betaal word, moet die bedrag van sodanige loon bereken word teen die skaal van vier-en-eenderde maal die in subklousule (1) voorgeskrewe loon vir 'n werknemer van sy klas.

5. Betaling van Besoldiging.

(1) Behoudens soos bepaal in klousule 7(3), moet enige aan 'n werknemer verskuldigde bedrag weekliks kontant betaal word, of, as die werkgewer en werknemer aldus skriftelik ooreengekom het, maandeliks, gedurende die werkure of binne vyftien minute na beëindiging van werk op die gewone betaaldag van die inrigting, of by diensbeëindiging wanneer dit voor die gewone betaaldag plaasvind en dit moet bevat wees in 'n koevert, of ander houer, of vergesel wees van 'n staat, waarop die werkgewer en werknemer se name, die werknemer se vak, die getal gewone ure en oortydure wat gewerk is, die verskuldigde besoldiging en die tydperk waarvoor die betaling gedoen word, vermeld.

(2) *Premies.*—Geen betaling mag hetsy regstreeks of onregstreeks aan 'n werkgewer gedoen, of deur hom aangeneem word nie ten opsigte van werkverskaffing aan, of opleiding van, 'n werknemer.

(3) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer kan nie van sy werknemer eis om van hom, of enige deur hom aangewese winkel, of persoon, goedere te koop nie.

(4) *Kos en Huisvesting.*—Behoudens soos bepaal in die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923, en die Naturellen Arbeidsregelingwet, 1911, kan 'n werkgewer nie van sy werknemer eis om by hom, of by enige deur hom aangewese persoon of plek, kos en/of huisvesting aan te neem nie.

(5) *Boetes en Kortings.*—'n Werkgewer mag nie van sy werknemer enige boete hef, of van sy werknemer se besoldiging enige korting-aftrek nie, behalwe die volgende:—

(*a*) Met die skriftelike toestemming van sy werknemer 'n korting vir verlof-, siekte-, versekerings-, voorsorg-, of pensioenfondse, of ledegelde aan 'n werknemer se organisasie;

(*b*) behoudens waar andersins in die Uitspraak bepaal, 'n *pro rata* korting vir die tydperk van sy afwesigheid, bereken op die basis van die weekloon wat so'n werknemer dan ten opsigte van sy gewone werkure ontvang het, wanneer 'n werknemer van sy werk af wegbly;

(*c*) 'n korting van enige bedrag wat 'n werkgewer kragtens enige wet, of bevel van 'n bevoegde hof, verplig, of toegelaat is om af te trek;

(*d*) wanneer 'n werknemer toestem, of kragtens die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923, of die Naturellen Arbeidsregelingwet, 1911, verplig is, om van sy werkgewer kos en/of huisvesting aan te neem, 'n korting van hoogstens die hierondergenoemde bedrae:—

	Per week.	*Per maand.*
Kos	£0 3 0	£0 13 0
Huisvesting	0 2 0	0 8 8
Kos en huisvesting	0 5 0	1 1 8

(*e*) wanneer ook al die gewone werkure wat in klousule 5 (1) voorgeskdyf word, verminder word weens korttyd, ten opsigte van elke uur van sodanige vermindering 'n korting van die werknemer se weekloon gedeel deur die getal gewone ure wat deur sodanige werknemer per week gewerk word; met dien verstande dat geen kortings afgetrek mag word nie—

(i) in die geval van korttyd wat ontstaan deur slapte in die bedryf, tensy die werkgewer sy werknemers minstens vier-en-twintig uur kennis gegee het van sy voorneme om die gewone ure aldus te verminder;

(ii) in die geval van korttyd wat ontstaan deur 'n algemene breekstop van installasie, of masjinerie, of 'n dreigende ineenstorting van geboue veroorsaak deur ongeluk, of ander onvoorsiene noodgeval, ten opsigte van die eerste uur wat nie gewerk word nie, tensy die werkgewer op die voorafgaande dag kennis gegee het dat geen werk beskikbaar sal wees nie;

(*f*) ten opsigte van enige ander publieke vakansiedag as Nuwejaarsdag, Goeie-Vrydag, Dingaansdag, of Kersdag, waarop van 'n werknemer geëis, of hom toegelaat, word nie te werk nie, 'n korting van die loon wat hy sou ontvang het as hy op sodanige dag sou gewerk het.

6. Hours of Work, Ordinary and Overtime and Payment for Overtime.

(1) *Ordinary Hours of Work.*—The ordinary hours of work shall not exceed—

(A) in the case of an employee, other than a motor vehicle driver, a driver of an animal drawn vehicle or an employee engaged solely in delivering goods:—

(*a*) forty-six hours in any week from Monday to Saturday, inclusive;

(*b*) eight in any day:

Provided that—

(i) where the hours of work of such employee do not exceed five on one day in any week the limit of eight hours a day may on any of the remaining days of the week be exceeded by not more than half an hour;

(ii) where work is performed on not more than five days in any week the limit of eight hours a day may on any such days be exceeded by not more than one and a quarter hours;

if by such extension the ordinary hours of work do not exceed forty-six in a week.

(B) in the case of a motor vehicle driver, a driver of an animal drawn vehicle or an employee engaged solely in delivering goods—

(*a*) forty-eight hours in any week from Monday to Saturday, inclusive;

(*b*) ten in any day.

(2) The ordinary hours of work of a casual employee shall not exceed eight in any day.

(3) *Meal Breaks.*—An employer shall not require or permit his employee to work for more than five consecutive hours on any day without an interval of not less than one hour during which no work shall be performed and such interval shall not be deemed to be part of the ordinary hours of work or overtime: Provided that—

(*a*) if such interval be for longer than one hour any period in excess of one and one-quarter hours shall be deemed to be part of the ordinary hours of work or overtime, as the case may be;

(*b*) periods of work interrupted by an interval of less than one hour shall be deemed to be continuous.

(4) *Rest Intervals.*—An employer shall grant to each of his employees employed in or about his establishment, other than a motor vehicle driver, a driver of an animal-drawn vehicle or an employee engaged in delivering letters, messages or goods, a rest interval of not less than ten minutes at as nearly as practicable—

(*a*) the middle of each first work period in a day;

(*b*) the middle of each second work period in a day where such period is longer than three hours, during which an employee shall not be required or permitted to perform any work and such interval shall be deemed to be part of the ordinary hours of work.

(5) *Hours of Work to be Consecutive.*—Save as provided in sub-clauses (3) and (4) all hours of work shall be consecutive.

(6) *Overtime.*—All time worked in excess of the number of hours prescribed in respect of a day or a week in subclause (1) and (2) shall be deemed to be overtime.

(7) *Limitation of Overtime.*—An employer shall not require or permit his employee to work overtime—

(*a*) for more than two hours in any day;

(*b*) for more than ten hours in any week.

(8) *Female Employees.*—An employer shall not require or permit a female employee—

(*a*) to work between 6 o'clock p.m. and 6 o'clock a.m.;

(*b*) to work after 1 o'clock p.m. on more than five days in any week;

(*c*) to work overtime on more than three consecutive days;

(*d*) to work overtime on more than sixty days in any year;

(*e*) to work overtime after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless she has—

(i) before midday given notice thereof to such employee, or

(ii) provided such employee with an adequate meal before the commencement of such overtime, or

(iii) paid to such employee one shilling and sixpence in sufficient time to enable her to obtain a meal before such overtime is due to commence.

(9) *Payment for Overtime.*—An employer shall pay to his employee in respect of all overtime worked by him remuneration at a rate not less than one and a third times the wage prescribed in clause 4 (1) for an employee of his class: Provided that where in any week overtime calculated on a daily basis differs from overtime calculated on a weekly basis, the basis which gives the greater amount of overtime during that week shall be adopted.

(10) *Savings.*—The provisions of this clause shall not apply to an employee engaged in guarding property or patrolling premises; and the provisions of sub-clauses (3), (4), (5) and (7) shall not apply to an employee engaged on work necessitated by a breakdown of plant or machinery or other unforeseen emergency.

7. Annual Leave.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2) an employer shall grant to his employee in respect of each completed year of employment with him two consecutive weeks' leave

6. Werkure, gewone tyd en oortyd en betaling vir oortyd.

(1) *Gewone werkure.*—Die gewone werkure is nie meer nie as—

(A) in die geval van 'n werknemer, behalwe 'n motorvoertuigbestuurder, 'n dierevoertuigbestuurder, of 'n werknemer wat uitsluitlik goedere aflewer—

(*a*) ses-en-veertig uur in enige week van Maandag tot en met Saterdag;

(*b*) ag op enige dag;

met dien verstande dat—

(i) waar die werkure van sodanige werknemer nie meer as vyf op een dag in enige week is nie, die beperking van ag uur per dag op enige van die orige dae van die week oorskry mag word met hoogstens 'n halfuur;

(ii) waar op hoogstens vyf dae in enige week werk verrig word, die beperking van ag uur per dag op alle sodanige dae met hoogstens een-en-eenkwart uur oorskry mag word,

indien deur sodanige oorskryding die gewone werkure nie meer as ses-en-veertig per week oortref nie.

(B) in die geval van 'n motorvoertuigbestuurder, 'n dierevoertuigbestuurder, of 'n werknemer wat uitsluitlik goedere aflewer—

(*a*) ag-en-veertig uur in enige week van Maandag tot en met Saterdag;

(*b*) tien op enige dag.

(2) Die gewone werkure van 'n los werknemer is hoogstens ag op enige dag.

(3) *Etensonderbrekings.*—'n Werkgewer kan nie van sy werknemer eis, of hom toelaat, om op enige dag meer as vyf agtereenvolgende ure te werk nie, sonder 'n pouse van minstens een uur waarin geen werk verrig mag word nie en sodanige pouse word nie beskou deel van die gewone werkure, of oortyd, te vorm nie; met dien verstande dat—

(*a*) indien sodanige pouse langer as een uur duur, enige tydperk bo een-en-eenkwart uur deel van die gewone werkure, of na gelang van die geval, oortyd te wees beskou sal word;

(*b*) werktydperke onderbreek deur pouses van minder as een uur as agtereenvolgend te wees beskou sal word.

(4) *Ruspouses.*—'n Werkgewer moet aan elkeen van sy werknemers op of by sy inrigting werksaam, behalwe 'n motorvoertuigbestuurder, 'n dierevoertuigbestuurder, of 'n werknemer wat briewe, boodskappe, of goedere aflewer, 'n ruspouse van minstens tien minute toestaan so naby as moontlik aan—

(*a*) die middel van elke eerste werktydperk op 'n dag;

(*b*) die middel van elke tweede werktydperk op 'n dag, as sodanige tydperk langer as drie uur is,

waarin van 'n werknemer nie geëis, of hom toegelaat kan word, om enige werk te verrig nie en sodanige tydperk word beskou deel van die gewone werkure te wees.

(5) *Werkure is agtereenvolgend.*—Behoudens soos bepaal in subklousules (3) en (4) is alle werkure agtereenvolgend.

(6) *Oortyd.*—Alle tyd wat gewerk word bo die getal ure wat in subklousules (1) en (2) ten opsigte van 'n dag, of 'n week, voorgeskryf word, word beskou oortyd te wees.

(7) *Beperking van oortyd.*—'n Werkgewer kan nie van sy werknemer eis, of hom toelaat, om oortyd te werk nie—

(*a*) vir meer as twee uur op enige dag;

(*b*) vir meer as tien uur in enige week.

(8) *Vroulike werknemers.*—'n Werkgewer kan nie van 'n vroulike werknemer eis, of haar toelaat, nie—

(*a*) om tussen 6-uur nm. en 6-uur vm. te werk nie;

(*b*) om op meer as vyf dae in enige week na 1-uur nm. te werk nie;

(*c*) om op meer as drie agtereenvolgende dae oortyd te werk nie;

(*d*) om op meer as sestig dae in enige jaar oortyd te werk nie;

(*e*) om na voltooiing van haar gewone werkure meer as een uur op enige dag oortyd te werk nie, tensy hy—

(i) voor 12-uur middag sodanige werknemer daarvan in kennis gestel het; of

(ii) aan sodanige werknemer 'n voldoende ete verskaf het voordat sodanige oortyd begin;

(iii) aan sodanige werknemer betyds een sjieling en ses pennies betaal het om haar in staat te stel, om 'n maaltyd te neem voordat sodanige oortyd moet begin.

(9) *Betaling vir oortyd.*—'n Werkgewer moet aan sy werknemer ten opsigte van alle oortyd wat deur hom gewerk is, besoldiging betaal teen 'n skaal van minstens een-en-eenderde maal die loon wat in klousule 4 (1) voorgeskryf word vir 'n werknemer van sy klas; met dien verstande dat as in enige week oortyd bereken op 'n daaglikse basis verskil van oortyd bereken op 'n weeklikse basis, die basis wat die grootste bedrag vir oortyd gedurende daardie week oplewer, aangeneem moet word.

(10) *Voorbehoude.*—Die bepalings van hierdie klousule is nie van toepassing nie op 'n werknemer wat persele oppas, of patrolleer; en die bepalings van subklousules (3), (4), (5) en (7) is nie van toepassing nie op 'n werknemer wat noodsaaklike werk in verband met 'n breekstop van installasie, of masjinerie, of ander onvoorsiene noodgeval verrig.

7. Jaarlikse verlof.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2), moet 'n werkgewer sy werknemer ten opsigte van elke voltooide jaar diens by hom, twee agtereenvolgende weke verlof toestaan

and shall in respect of each week thereof pay to such employee an amount not less than the weekly wage which he was receiving immediately before the commencement of such leave.

(2) The leave referred to in sub-clause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided that—

(i) if such leave has not been granted earlier it shall be granted within two months of the completion of the year of employment to which it relates;

(ii) the period of such leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 8 nor with any period during which an employee is required to undergo training under the South Africa Defence Act, 1912;

(iii) if New Year's Day, Good Friday, Dingaan's Day or Christmas Day falls within the period of such leave, another day shall be added to the said period as a further period of leave on full pay;

(iv) an employer may set off against such period of leave any day of occasional leave granted on full pay to his employee at his employee's request made in writing during the year of employment to which the period of annual leave relates.

(3) *Leave Remuneration.*—The remuneration in respect of annual leave referred to in sub-clause (1) shall be paid not later than on the last work day before the date of the commencement of such leave.

(4) An employee whose contract of employment terminates in the first or any subsequent year of employment with the same employer before the period of leave referred to in sub-clause (1) has accrued, shall, save as provided in the fourth proviso to sub-clause (2), upon such termination be paid in lieu of leave and in respect of each completed month of such period of less than one year not less than one-sixth of the weekly wage which he was receiving immediately before the date of such termination.

(5) An employee who has become entitled to a period of leave in terms of sub-clause (1) and whose contract of employment terminates before such leave has been granted shall upon such termination be paid in respect of leave the amounts referred to in sub-clauses (1) and (4).

(6) For the purposes of this clause the expression "employment" shall be deemed to include any period or periods during which an employee is—

(a) absent on leave in terms of sub-clause (1);
(b) required to undergo training under the South Africa Defence Act, 1912;
(c) absent from work on the instructions of or at the request of his employer;
(d) absent on sick leave in terms of clause 8;

amounting in the aggregate to not more than ten weeks in any year and shall be deemed to commence—

(i) in the case of an employee who had before the coming into force of this Award become entitled to leave in terms of any law, from the date on which such employee last became entitled to such leave in terms of such law;

(ii) in the case of an employee who was in employment before the date of commencement of this Award and to whom any law prescribing annual leave for such employee applied but who had not become entitled to leave in terms of such law, from the date on which such employment commenced;

(iii) in the case of any other employee, from the date on which such employee entered his employer's service or from the date of coming into force of this Determination, whichever is the later:

Provided that, if in any year the period of training under the South Africa Defence Act, 1912, of any employee is less than 30 days, the period of ten weeks shall be reduced by a period equal to that by which the period of training is less than 30 days.

8. Sick Leave.

(1) An employer shall grant to his employee, after one month's employment with him, who is absent from work through sickness or accident not caused by his own misconduct, other than an accident compensable under the Workmen's Compensation Act, 1941—

(a) in the case of an employee who works a six-day week, twelve work days', and
(b) in the case of an employee who works a five-day week, ten work days'

sick leave in the aggregate during any one year of employment with him and shall pay to him in respect of any period of absence in terms hereof not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided that the employer may require the production of a certificate signed by a registered medical practitioner showing the nature and probable duration of the employee's illness in respect of each period of absence for which payment is claimed: Provided further that, where there exists in an establishment by virtue of an agreement between the employer and his employees or between an employer and a duly registered trade union, a sick benefit or provident fund to which the employer contributes in respect of each of his employees an amount not less than the amount payable by each such employee and out of which fund an employee is, in case of absence from work on account of sickness or accident

en ten opsigte van elke week daarvan sodanige werknemer minstens die weekloon betaal wat hy onmiddellik voor aanvang van sodanige verlof ontvang het.

(2) Die in subklousule (1) genoemde verlof moet toegestaan word op 'n tyd wat deur die werkgewer bepaal word: met dien verstande dat—

(i) as sodanige verlof nie eerder toegestaan is nie, dit binne twee maande na die voltooiing van die jaar diens waarop dit betrekking het, toegestaan moet word;

(ii) die tydperk van sodanige verlof mag nie met siekteverlof toegestaan kragtens klousule 8, nòg enige tyd wanneer 'n werknemer verplig is om opleiding kragtens die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, te ondergaan, saamval nie;

(iii) as Nuwejaarsdag, Goeie-Vrydag, Dingaansdag, of Kersdag binne die tydperk van sodanige verlof val, moet nog 'n dag aan die genoemde tydperk toegevoeg word as 'n verdere tydperk van verlof met volle betaling;

(iv) 'n werkgewer kan van sodanige tydperk van verlof enige dag toevallige verlof wat met volle betaling aan sy werknemer toegestaan is op skriftelike versoek van die werknemer gedurende die jaar waarop die tydperk van jaarlikse verlof betrekking het, aftrek;

(3) *Verlofbesoldiging.*—Die besoldiging ten opsigte van jaarlikse verlof wat in subklousule (1) genoem is, moet uiterlik op die laaste werkdag voor die datum van aanvang van sodanige verlof betaal word.

(4) 'n Werknemer wie se dienskontrak in die eerste, of enige volgende jaar diens, by dieselfde werkgewer eindig voordat die in subklousule (1) genoemde tydperk van verlof opgeloop het, moet, behoudens soos bepaal in die vierde voorbehoud van subklousule (2), by beëindiging in plaas van verlof en ten opsigte van elke voltooide maand van sodanige tydperk van minder as 'n jaar, minstens eensesde van die weekloon wat hy op die datum onmiddellik voor sodanige beëindiging ontvang het, betaal word.

(5) 'n Werknemer wat tot 'n tydperk van verlof kragtens subklousule (1) geregtig geword het en wie se dienskontrak eindig voordat sodanige verlof toegestaan is, moet by beëindiging die in subklousules (1) en (4) genoemde bedrae ten opsigte van verlof betaal word.

(6) Vir die doel van hierdie klousule word dit beskou dat die uitdrukking „diens" enige tydperk, of tydperke, insluit wanneer 'n werknemer—

(a) met verlof kragtens subklousule (1) afwesig is;
(b) verplig is om opleiding kragtens die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, te ondergaan,
(c) op bevel, of versoek, van sy werkgewer van sy werk afwesig is;
(d) met siekteverlof kragtens klousule 8 afwesig is;

wat in totaal nie meer as tien weke in enige jaar bedra nie en beskou word te begin—

(i) in die geval van 'n werknemer wat voor die inwerkingtreding van hierdie Uitspraak tot verlof kragtens enige wet geregtig geword het, van die datum waarop sodanige werknemer vir die laaste keer tot verlof kragtens sodanige wet geregtig geword het;

(ii) in die geval van 'n werknemer wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Uitspraak in diens was en op wie enige wet waarby jaarlikse verlof voorgeskryf word van toepassing was, maar wat nog nie kragtens daardie wet tot verlof geregtig geword het nie, van die datum waarop sodanige diens aangevang het;

(iii) in die geval van enige ander werknemer, van die datum waarop sodanige werknemer by sy werkgewer in diens gekom het, of, na gelang van die jongste datum, die datum waarop hierdie Uitspraak in werking tree:

met dien verstande dat as in enige jaar die tydperk van 'n werknemer se opleiding kragtens die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, minder as 30 dae is, die tydperk van tien weke verminder moet word met 'n tydperk wat gelyk is aan dié wat die tydperk van opleiding minder as 30 dae is.

8. Siekteverlof.

(1) Na een maand diens by hom, moet 'n werkgewer sy werknemer wat weens siekte, of ongeval nie deur sy eie wangedrag veroorsaak nie, behalwe 'n ongeval waarvoor kragtens die Ongevallewet, 1941, skadeloosstelling toegeken word, van sy werk afwesig is, die volgende toestaan:—

(a) in die geval van 'n werknemer wat 'n sesdaagse week werk, twaalf werkdae; en
(b) in die geval van 'n werknemer wat 'n vyfdaagse week werk, tien werkdae;

siekteverlof in totaal gedurende enige jaar diens by hom en hom ten opsigte van enige tydperk van afwesigheid kragtens hierdie Uitspraak die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy gedurende sodanige tydperk gewerk het; met dien verstande dat die werkgewer kan eis dat 'n deur 'n geregistreerde dokter getekende sertifikaat vertoon word wat die aard en waarskynlike duur van die werknemer se siekte vermeld, ten opsigte van elke tydperk van afwesigheid waarvoor betaling gevra word: verder met dien verstande dat die bepalings van hierdie subklousule nie van toepassing is nie as daar kragtens 'n ooreenkoms tussen die werkgewer en sy werknemers, of tussen die werkgewer en 'n behoorlik geregistreerde vakunie, 'n siektebystand- of -voorsorgfonds in 'n inrigting bestaan, waaraan die werkgewer ten opsigte van elkeen van sy werknemers 'n bedrag bydra wat minstens die bedrag is wat deur elke sulke werknemer betaal moet word en uit welke fonds 'n werknemer geregtig is om ingeval van afwesigheid van werk weens siekte, of ongeval (behalwe 'n

(other than an accident compensable under the Workmen's Compensation Act, 1941) entitled to receive in the aggregate in any one year not less than an amount equivalent to his full wages for two weeks in respect of such absence, under conditions substantially not less favourable than those herein prescribed, the terms of this sub-clause shall not apply.

(2) For the purpose of this clause, the expression "employment" shall have the same meaning as in clause 7 (6).

9. Public Holidays and Sundays.

(1) *Public Holidays.*—An employee shall be entitled to and be granted leave on New Year's Day, Good Friday, Dingaan's Day and Christmas Day and shall be paid in respect of each such day not less than the wage he would have received had he worked on that day: Provided that an employee may be required to work on any such day.

(2) Whenever an employee works on New Year's Day, Good Friday, Dingaan's Day or Christmas Day, his employer shall pay to him for each such day an amount equal to that referred to in sub-clause (1) plus in respect of each hour or part of an hour so worked his weekly wage divided by the number of ordinary hours worked by him in a week.

(3) *Payment for Work on Sundays.*—Whenever an employee works on a Sunday, his employer shall either—

(*a*) pay the employee not less than double the remuneration payable in respect of the period ordinarily worked by him on a week-day; or

(*b*) pay the employee remuneration at a rate not less than one and one-third times his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such Sunday and grant him within seven days of such Sunday one day's holiday and pay him in respect thereof remuneration at a rate not less than his ordinary rate of remuneration as if he had on such holiday worked his average ordinary working hours for that day of the week.

10. Proportion or Ratio.

(1) An employer shall employ a qualified male despatch clerk, female despatch clerk, grade I employee, grade II employee or checker before he may employ an unqualified male despatch clerk, female despatch clerk, grade I employee, grade II employee or checker, as the case may be, and he shall employ not less than one qualified male despatch clerk, female despatch clerk, grade I employee, grade II employee or checker for each unqualified male despatch clerk, female despatch clerk, grade I employee, grade II employee or checker respectively employed by him.

(2) An unqualified male despatch clerk, female despatch clerk, grade I employee, grade II employee or checker receiving not less than the wage prescribed in clause 4 (1) for a qualified male despatch clerk, female despatch clerk, grade I employee, grade II employee or checker respectively shall be deemed to be a qualified male despatch clerk, female despatch clerk, grade I employee, grade II employee or checker, as the case may be.

11. Piece-work or Task-work.

An employer shall not require or permit his employee to perform nor shall an employee perform piece-work or task-work.

12. Overalls and Protective Clothing.

An employer shall supply and maintain in good condition free of charge any overalls and/or protective clothing which he may require his employee to wear or which by any law or regulation he may be compelled to provide for his employee and shall further as and when necessary press any such overall free of charge.

13. Prohibition of Employment of any Person Under the Age of Fifteen Years.

An employer shall not employ any person under the age of fifteen years.

14. Certificate of Service.

An employer shall upon termination of the contract of employment of any of his employees furnish such employee with a certificate of service showing the full names of the employer and employee, the nature of employment, the dates of commencement and termination of the contract and the rate of remuneration at the date of such termination.

15. Termination of Contract of Employment.

(*c*) The total amount collected under (*a*) and (*b*) of this section shall be forwarded to the secretary of the fund by the employer, together with a statement showing the names of the employees from whom the deductions were made, within one week from the date the deductions were required to be made.

(3) Such funds shall be applied to the assistance of employees with the services of a general medical practitioner, with medicine, on the doctor's prescription, and, with sick-pay in the case of illness, and shall be administered by a management committee, appointed by the Council and consisting of two representatives of the employers' organisation and two of the trade union, in accordance with a constitution approved by the Council. Such constitution may be amended at any time by the committee, subject to the approval of the Council.

(4) The Council may, in its discretion, establish sub-committees to administer the business of the fund in any particular area.

(5) Should at any time a dispute arise as to the provisions of the constitution or the administration of the fund in regard to which members of the said committee are equally divided and no agreement arrived at, such dispute shall be referred to an arbitrator agreed upon by them, or failing such agreement, nominated by the Minister for Labour, whose decision shall be final.

(6) In the event of the expiry of this Agreement by effluxion of time or cessation for any other cause, the fund shall continue to be administered by the management committee until such fund shall be liquidated or until transferred to a fund duly constituted for the same purpose for which the original fund was created.

(7) A copy of the constitution and any amendment thereof shall be lodged with the Secretary of the Council and with the Secretary for Labour, Pretoria.

(8) The Council shall open a banking account for the fund, to which all moneys received by the fund shall be deposited. Withdrawals from the fund shall be made by cheque, signed by the chairman, vice-chairman and the secretary of the fund.

(9) Notwithstanding the provisions of sub-section (8) of this section, the management committee may decide to deposit all moneys received to the account of the Council. In case of such decision, the moneys deposited shall be paid out by cheques signed by the same signatories as sign the cheques of the Council. Separate accounts shall be kept in the Council's books for the fund. The management committee may deposit any surplus the fund may have with a savings bank or building society, and the interest accruing on such deposit shall be paid into the fund.

(10) All administrative expenses shall be a charge upon the fund.

(11) The management committee shall appoint an auditor, who shall be a registered chartered accountant, for the fund and determine his remuneration, which shall be paid out of the fund.

The accounts of the fund shall be audited for the period ending 30th June each year, and the auditor's report shall be made available not later than the 31st July of the year. The auditor's statement shall show—

(*a*) all moneys received—

(i) in terms of sub-section (2) hereof;

(ii) from any other source; and

(*b*) expenditure incurred under all headings during the twelve months ended 30th June preceding, together with a balance sheet showing the assets and liabilities of the fund. The audited statement and balance sheet shall thereafter lie for inspection at the office of the Council and copies thereof shall be transmitted to the Secretary for Labour, Pretoria.

(12) Disbursements from the fund shall cease whenever the amount to the credit of the fund falls below £50.

(13) Sick-pay may be had on the following conditions:—

(*a*) Members must make twenty-six contributions to the society before they are entitled to sick-pay.

(*b*) A certificate must be produced from a medical officer of the society showing the period of absence from work due to illness.

(*c*) Members who live outside the municipal boundary and who call in a medical officer not appointed by the society must produce a certificate from the doctor who attended them, and that certificate must be countersigned by the Society's doctor.

(*d*) Members must be off work a full week before they are entitled to sick-pay.

(*e*) In case of absence from work for more than a week members will be paid as follows:—

For the first twenty-three working hours—no payment.
For the next twenty-three working hours—half a weeks' sick-pay.

(*f*) Members shall be entitled to a maximum of four weeks' sick-pay in any year, commencing from the first payment to the member concerned. The committee may at its discretion extend this period to a maximum of six weeks.

(2) (*a*) Vir doeleindes van die fonds moet elke werkgewer op die eerste betaaldag nadat hierdie Ooreenkoms in werking tree en op elke betaaldag daarna, van elkeen van sy werknemers vir wie lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is, ses pennies per week aftrek.

(*b*) by die totale bedrag, ingevorder kragtens subartikel (*a*) van hierdie artikel, moet elke werkgewer 'n gelyke bedrag voeg.

(*c*) Die totale bedrag ingevorder ingevolge (*a*) en (*b*) van hierdie artikel moet binne een week na die datum waarop die korting afgetrek moes word, deur die werkgewer aan die sekretaris van die fonds gestuur word tesame met 'n staat wat die name van die werknemers van wie kortings afgetrek is, vermeld.

(3) Sodanige fondse word aangewend tot bystand van werknemers met doktersbehandeling, medisyne volgens voorskrif van 'n dokter en siektebehandeling in geval van siekte en word geadministreer deur 'n beheerkomitee, aangestel deur die Raad en bestaande uit twee verteenwoordigers van die werkgewersorganisasie en twee van die vakvereniging in ooreenstemming met 'n konstitusie wat deur die Raad goedgekeur is. Sodanige konstitusie kan te enige tyd deur die komitee gewysig word, onderworpe aan die goedkeuring van die Raad.

(4) Die Raad kan na goeddunke in enige bepaalde gebied subkomitees aanstel om die fonds se besigheid waar te neem.

(5) As, betreffende die bepalings van die konstitusie, of betreffende die administrasie van die fonds, te enige tyd 'n geskil ontstaan ten opsigte waarvan lede van genoemde komitee gelykop verdeel is en geen ooreenkoms bereik is nie, moet sodanige geskil na 'n skeidsregter oor wie hulle ooreengekom het, verwys word, of wat, by gebrek aan sodanige ooreenkoms, deur die Minister van Arbeid benoem is; sodanige skeidsregter se beslissing is finaal.

(6) Ingeval hierdie Ooreenkoms verstryk weens tydsverloop, of om enige ander rede nie langer in werking is nie, moet die fonds onder administrasie van die beheerkomitee voortgesit word tot sodanige fonds gelikwideer word, of tot dit oorgedra word aan 'n behoorlik gekonstitueerde fonds vir dieselfde doel as dié waarvoor die oorspronklike fonds gestig is.

(7) 'n Kopie van die konstitusie en alle wysigings daarvan moet by die sekretaris van die Raad en by die Sekretaris van Arbeid, Pretoria, ingedien word.

(8) Die Raad moet 'n bankrekening vir die fonds open waarop alle gelde deur die fonds ontvang, gestort moet word. Trekkings op die fonds geskied per tjek geteken deur die voorsitter, ondervoorsitter en die sekretaris van die fonds.

(9) Die beheerkomitee kan, ondanks die bepalings van subartikel (8) van hierdie artikel, besluit om alle gelde wat ontvang word op die rekening van die Raad te deponeer. In die geval van 'n sodanige besluit, moet die gedeponeerde geld uitbetaal word per tjek wat geteken is deur dieselfde ondertekenaars as wat die Raad se tjeks teken. Afsonderlike rekenings moet in die Raad se boeke vir die fonds gehou word. Die beheerkomitee kan enige surplus wat daar in die fonds mag wees by 'n spaarbank, of bougenootskap, deponeer en die rente wat op sodanige deposito oploop, moet in die fonds inbetaal word.

(10) Die fonds moet met alle administrasiekoste gedebiteer word.

(11) Die beheerkomitee moet 'n ouditeur, wat 'n geregistreerde geöktrooieerde rekenmeester moet wees, vir die fonds aanstel en sy besoldiging vasstel wat uit die fonds betaal moet word.

Die rekenings van die fonds moet vir die tydperk geëindig 30 Junie van dié jaar, geouditeer word en die ouditeursverslag moet voor of op 31 Julie van daardie jaar beskikbaar gestel word. Die ouditeurstaat moet onderstaande aantoon:—

(*a*) Alle gelde wat ontvang is—

(i) ingevolge subartikel (2) hiervan;

(ii) uit enige ander bron; en

(*b*) uitgawes aangegaan onder alle hoofde gedurende die twaalf maande geëindig op die voorafgaande 30 Junie, tesame met 'n balansstaat waarop die bate en laste van die fonds aangetoon word. Die geouditeerde staat en balansstaat moet daarna op die kantoor van die Raad ter insae lê en kopieë daarvan moet aan die Sekretaris van Arbeid, Pretoria, gestuur word.

(12) Uitbetalings uit die fonds moet gestaak word as die bedrag tot krediet van die fonds onder £50 daal.

(13) Siektebetaling kan op die volgende voorwaardes geskied:—

(*a*) Lede moet ses-en-twintig bydraes aan die fonds betaal het voordat hulle tot siekteverlof geregtig is.

(*b*) 'n Sertifikaat van 'n mediese amptenaar van die vereniging met vermelding van die tydperk van afwesigheid van werk as gevolg van siekte moet voorgelê word.

(*c*) Lede wat buite die munisipale grens woon en wat 'n mediese amptenaar inroep wat nie deur die vereniging aangestel is nie, moet van die dokter wat hulle behandel 'n sertifikaat kry wat deur die vereniging se dokter mede-onderteken moet word.

(*d*) Lede moet 'n volle week van werk afwesig wees, voordat hulle tot siektebetaling geregtig is.

(*e*) Ingeval hulle langer as een week van werk afwesig is, word hulle as volg betaal:—

Vir die eerste drie-en-twintig werkure: geen betaling.
Vir die volgende drie-en-twintig werkure: 'n halwe week siektebetaling.

(*f*) Lede is geregtig tot 'n maksimum van vier weke siektebetaling in enige jaar wat begin met die eerste betaling aan die betrokke lid. Die komitee kan hierdie tydperk na goeddunke tot ses weke verleng.

(*g*) Sick-pay shall be paid at the rate of half the wage, exclusive of cost of living allowance, of the employee, with a maximum of £1 per week and a minimum of half the minimum wage, exclusive of cost of living allowance, due to an employee in his class of work. Members who are in receipt of wages above the minimum rate for their experience in the Millinery Industry, Transvaal, will be paid according to the minimum rate to which their experience entitles them, and this experience shall be assessed in terms of the period they have worked in the Millinery Industry, Transvaal.

(*h*) Throughout this clause "week" shall mean a working week not exceeding forty-six hours.

(14) (*a*) The Secretary shall issue membership cards to members of the society who have made twelve contributions to the society.

(*b*) The card shall be signed by the member to whom it is issued and must be produced whenever the services of the medical or other officers of the society are required. The officers shall have the right to refuse to attend a member who fails to produce his membership card. A member who has made one contribution to the society may obtain the services of the society's medical officers by obtaining written authority from the secretary, until such time as his membership card has been issued to him.

(15) (*a*) A member who becomes ill as a result or by reason of misconduct, excessive drinking or his own negligence shall not be entitled to any benefits by reason of such illness. The decision of the committee as to whether a member is barred under this clause from obtaining any particular benefits shall be final and binding on such member.

(*b*) Members of the society who incur costs by consulting medical or other officers not appointed by the society or have prescriptions made up by chemists not appointed by the society shall have no claim upon the funds of the society, provided, however, that the committee in its discretion may pay part or the entire costs so incurred.

(*c*) Members of the society shall not be entitled to any benefits after absence from work due to illness for three consecutive months. This period may be extended at the discretion of the committee.

(*d*) Anaesthetics, obstetrics, major surgery and venereal diseases are not included in the benefits provided by the society, and the society shall not be responsible for costs incurred for any such services.

(*e*) The society is not responsible for any hospital, nursing home or operation fees nor for payment of accounts from medical officers not appointed by the society except in the case of members living outside the municipal boundaries, who shall be entitled to call in any doctor, not a specialist, for one visit, for which the society will pay.

(*f*) The society is not responsible for payment for conveyance by ambulance to hospitals or nursing homes.

23. Unemployment Benefit Fund.

(1) There is hereby continued an Unemployment Benefit Fund, established under the Council's previous Agreement, to be known as the Unemployment Benefit Fund for the Millinery Industry, Transvaal, in this section referred to as "the fund", which shall continue to pay benefits as provided in this section, but no further contributions shall be payable by employers and employees to this fund.

(2) The fund shall be administered in accordance with a constitution approved by the Council by a *management committee* appointed by the Council in terms of this constitution, and consisting of two representatives of the employers and two representatives of the employees. The Council may in addition appoint local committees to assist in the administration of the fund. The constitution of the fund may be amended at any time by the management committee, subject to the approval of the Council.

(3) The object of the fund shall be the provision of benefits to employees for whom minimum wages are prescribed in this Agreement during the time they are unemployed.

(4) Benefits shall be paid to unemployed employees who contribute to the fund, subject to the following conditions:—

(*a*) The applicant must be capable of and available for work.

(*b*) The applicant must have had his services terminated by his employer. Where an applicant has terminated his services of his own free will or has been discharged through misconduct, the management committee shall have full power to decide whether benefits should be paid to him and may also determine the period from which he shall be entitled to benefit.

(5) Every applicant shall register immediately he becomes unemployed, at such place as the management committee shall appoint. For the purpose of receiving benefits, unemployment shall commence from the date of registration. The management committee may waive this rule if good reason is shown why registration was delayed.

(6) Applicants must sign the unemployment register, provided by the committee, from time to time, as determined by the management committee.

(7) Application for benefits shall be made to the management committee in the form and manner prescribed by the committee.

(*g*) Siektebetaling geskied teen die skaal van die halwe loon, sonder lewenskostetoelae, van die werknemer, met 'n maksimum van £1 per week en 'n minimum van die helfte van die minimumloon, sonder lewenskostetoelae, wat aan die werknemer in sy klas van werk verskuldig is. Lede wat meer loon as die minimum skaal vir hul ervaring in die Hoedemakerynywerheid, Transvaal, ontvang, word ooreenkomstig die minimum skaal waartoe hul ervaring hulle geregtig maak, betaal en hierdie ervaring word bereken ooreenkomstig die tydperk wat hulle in die Hoedemakerynywerheid, Transvaal, gewerk het.

(*h*) Vir hierdie gehele klousule beteken: „week", 'n werkweek van nie meer as ses-en-veertig uur nie.

14. (*a*) Die sekretaris moet aan die vereniging se lede wat twaalf bydraes aan die vereniging betaal het, lidmaatskapkaarte uitreik.

(*b*) Die kaart moet onderteken word deur die lid aan wie dit uitgereik word, en moet vertoon word wanneer die dienste van die mediese, of ander amptenare van die vereniging vereis is. Die amptenare het die reg om te weier om 'n lid te behandel wat in gebreke bly om sy lidmaatskapkaart te vertoon. 'n Lid wat een bydrae aan die vereniging betaal het, kan tot sodanige tyd as wat sy lidmaatskapkaart aan hom uitgereik word, die dienste van die vereniging se mediese amptenare verkry as skriftelike magtiging van die sekretaris verkry is.

(15) (*a*) 'n Lid wat siek word as gevolg, of omrede van wangedrag, buitensporige drankgebruik, of sy eie nalatigheid, is nie uit hoofde van sodanige siekte tot enige bystand geregtig nie. Die beslissing van die komitee of 'n lid kragtens hierdie klousule uitgesluit word van die verkry van enige bepaalde bystand is finaal en vir sodanige lid-bindend.

(*b*) Lede van die vereniging wat koste maak deur raadpleging van mediese, of ander, amptenare wat nie deur die vereniging aangestel is nie, of wat resepte laat berei deur aptekers wat nie deur die vereniging aangestel is nie, het geen vordering op die vereniging se fondse nie, met dien verstande ewewel dat die komitee na goeddunke 'n deel van, of die gehele koste aldus gemaak, kan betaal.

(*c*) Lede van die vereniging is nie tot enige bystand geregtig nie na afwesigheid van werk weens siekte vir drie aaneenlopende maande. Hierdie termyn kan na goeddunke van die komitee verleng word.

(*d*) Pynverdowingsmiddels, verloskundige behandeling, groot operasies en verneriese siektes is nie in die bystand wat deur die vereniging verstrek word, ingesluit nie en die vereniging is nie vir die koste wat in verband daarmee gemaak word, aanspreeklik nie.

(*e*) Die vereniging is nie aanspreeklik vir enige hospitaalverpleeginrigting-, of operasiegelde nie nog vir betaling van rekenings van mediese amptenare wat nie deur die vereniging aangestel is nie, behalwe in die geval van lede wat buite die munisipale grense woon, wat geregtig is om enige dokter, maar geen spesialis nie, vir een besoek in te roep waarvoor die vereniging sal betaal.

(*f*) Die vereniging is nie vir vervoer per ambulans na hospitale, of verpleeginrigtings, aanspreeklik nie.

23. Werkloosheidbystandsfonds.

(1) Hierby word 'n werkloosheidbystandsfonds voortgesit, wat onder die raad se vorige Ooreenkoms ingestel is en bekend staan as die Werkloosheidbystandsfonds vir die Hoedmakerynywerheid, Transvaal, en wat in hierdie artikel „die fonds" genoem word, wat moet voortgaan om bystand te betaal soos in hierdie artikel bepaal word, maar geen verder bydraes aan dié fonds is deur werkgewers en werknemers betaalbaar nie.

(2) Die fonds word in ooreenstemming met 'n konstitusie wat deur die raad goedgekeur is, geadministreer deur 'n *beheerkomitee* wat ingevolge hierdie konstitusie deur die raad aangestel is en bestaan uit twee verteenwoordigers van die werkgewers en twee verteenwoordigers van die werknemers. Die raad kan ook nog plaaslike komitees aanstel om by die administrasie van die fonds behulpsaam te wees. Die konstitusie van die fonds kan te enige tyd deur die beheerkomitee gewysig word, onderworpe aan die goedkeuring van die raad.

(3) Die doel van die fonds is die verlening van bystand aan werknemers, vir wie minimum lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is, gedurende die tyd wat hulle werkloos is.

(4) Bystand moet aan werklose werknemers wat tot die fonds bydra, betaal word op onderstaande voorwaardes:—

(*a*) Die applikant moet in staat tot en beskikbaar vir werk wees.

(*b*) Die applikant se dienste moet deur sy werkgewer beëindig wees. As 'n applikant sy dienste uit eie wil beëindig het, of weens wangedrag ontslaan is, het die beheerkomitee volle mag om te besluit of bystand aan hom betaal moet word en kan ook die tydperk vasstel met ingang waarvan hy tot bystand geregtig is.

(5) Elke applikant moet onmiddellik na hy werkloos word by sodanige plek registreer as wat die beheerkomitee aanwys. Vir doeleindes van die ontvangs van bystand, begin werkloosheid met ingang van die datum van registrasie. Die beheerkomitee kan van hierdie reël afsien as goeie rede aangevoer word waarom registrasie vertraag is.

(6) Applikante moet die werkloosheidregister wat deur die Komitee verskaf word, van tyd tot tyd teken soos bepaal deur die beheerkomitee.

(7) Aansoek om bystand moet aan die beheerkomitee gerig word in die vorm en op die wyse voorgeskryf deur die komitee.

(8) An applicant shall submit such information as the management committee may require to prove his continuous unemployment.

(9) No benefits shall be paid to an employee unless he has been out of work one week.

(10) An applicant shall cease to be entitled to benefits if he refuses to apply for or accept suitable work or if he leaves the work which he has obtained without good reason.

(11) The management committee may refuse to pay benefits to any applicant who supplied the committee with false information or if, in the opinion of the committee, he is not genuinely looking for employment.

(12) No benefits shall be paid to applicants who have been employed for less than twenty-six weeks in the Millinery Industry, Transvaal.

(13) Benefits shall be paid to employees at the rate of half the wage, exclusive of cost of living allowance, they were receiving at the time of termination of their employment, with a maximum of thirty shillings a week, and a minimum of half the minimum wage, exclusive of cost of living allowance, due to an employee in his class of work.

(14) Benefits shall be paid for a period not exceeding six weeks.

The management committee in its discretion may decide, however, to extend that period on such conditions as it may determine. Such extension shall be notified to the employees.

(15) Should at any time a dispute arise as to the provisions of the constitution or of the administration of the fund in regard to which members of the said management committee are equally divided and no agreement arrived at, such dispute shall be referred to an arbitrator agreed upon by them, or, failing such agreement, nominated by the Minister for Labour, whose decision shall be final.

(16) In the event of the expiry of this Agreement by effluxion of time or cessation for any other cause, the fund shall continue to be administered by the management committee until such fund shall be liquidated or until transferred to a fund duly constituted for the same purpose for which the original fund was created.

(17) The Council shall open a banking account for the fund to which all moneys received by the fund shall be deposited. Withdrawals from the fund shall be made by cheque signed by the chairman, vice-chairman and the secretary of the fund.

(18) Notwithstanding the provisions of sub-section (17) of this section, the management committee may decide to deposit all moneys received to the account of the Council. In case of such decision, the moneys deposited shall be paid out by cheques signed by the same signatories as sign the cheques of the Council.

Separate accounts shall be kept in the Council's books for the fund.

(19) The management committee may deposit any surplus the fund may have with a savings bank or building society, and the interest accruing on such deposit shall be paid into the fund.

(20) All administrative expenses shall be a charge upon the fund.

(21) The management committee shall appoint an auditor, who shall be a registered chartered accountant, for the fund and determine his remuneration, which shall be paid out of the fund. The accounts of the fund shall be audited for the period ending 30th June of each year, and the auditor's report shall be made available not later than 31st July of the year. The auditor's statement shall show—

(*a*) all moneys received;

(*b*) expenditure incurred under all headings during the twelve months ended 30th June preceding, together with a balance sheet showing the assets and liabilities of the fund. The audited statement and balance sheet shall thereafter lie for inspection at the office of the Council, and copies thereof shall be transmitted to the Secretary for Labour, Pretoria.

(22) A copy of the constitution and any amendments thereof shall be lodged with the Secretary of the Council and with the Industrial Registrar appointed in terms of section *three* of the Act.

(23) Disbursements from the fund shall cease whenever the amount to the credit of the fund falls below £50 (fifty pounds).

24. Employees on Active Service.

Any employee who has been absent on military service, shall be credited with the full period of such absence for the purpose of calculating his experience in the industry and the wages to which he is entitled.

25. Employment of Trade Union Labour.

No employer shall employ an employee who is not a member of the trade union, and no member of the trade union shall work for any employer who is not a member of the employers' organisation, provided that any person who is or will be adversely affected by a refusal of membership may place his case before the Council, which may declare that, notwithstanding such refusal, the provisions of this clause shall not preclude him from employing members of the trade union or being employed by members of the employers' organisation, as the case may be.

(8) 'n Applikant moet sodanige inligting verstrek as wat die beheerkomitee mag eis ter staving van sy ononderbroke werkloosheid.

(9) Geen bystand word aan 'n werknemer betaal tensy hy een week werkloos was nie.

(10) 'n Applikant se reg op bystand verval as hy weier om aansoek te doen om geskikte werk, of om dit aan te neem, of as hy die werk wat hy gekry het sonder boeie rede verlaat.

(11) Die beheerkomitee kan weier om bystand te betaal aan enige applikant wat valse inligting aan die komitee verstrek het, of as hy na mening van die komitee nie werklik werk soek nie.

(12) Geen bystand word aan applikante betaal wat minder as ses-en-twintig weke in die hoedemakerynywerheid, Transvaal in diens was nie.

(13) Bystand moet aan werknemers betaal word teen die helfte van die basiese loon, sonder lewenskostetoelae, wat hulle by beëindiging van hul diens ontvang het, met 'n maksimum van dertig sjielings per week en 'n minimum van die halwe minimum loon, sonder lewenskostetoelae, aan 'n werknemer in sy klas van werk betaalbaar.

(14) Bystand word betaal vir 'n tydperk van hoogstens ses weke. Die beheerkomitee kan egter na goeddunke besluit om daardie tydperk op sodanige voorwaardes as wat hy mag bepaal, te verleng. Die werknemers moet van sodanige verlenging, in kennis gestel word.

(15) As te enige tyd 'n geskil ontstaan betreffende die bepalings van die konstitusie, of die administrasie, van die fonds ten opsigte waarvan lede van genoemde beheerkomitee gelykop verdeel is en geen beslissing bereik is nie, moet sodanige geskil verwys word na 'n skeidsregter oor wie hulle ooreengekom het, of wat by gebrek aan sodanige ooreenkoms, deur die Minister van Arbeid benoem is; sodanige skeidsregter se beslissing is finaal.

(16) Ingeval hierdie Ooreenkoms verstryk weens tydsverloop, of om enige ander rede nie langer in werking is nie, moet die beheerkomitee die fonds verder bly administreer tot sodanige fonds gelikwideer word, of tot dit oorgedra word aan 'n fonds behoorlik ingestel vir dieselfde doel as dié waarvoor die oorspronklike fonds gestig is.

(17) Die raad moet 'n bankrekening vir die fonds open waarop alle gelde deur die fonds ontvang, gestort moet word. Trekkings op die fonds geskied per tjek geteken deur die voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris van die fonds.

(18) Die beheerkomitee kan, ondanks die bepalings van subartikel (17) van hierdie artikel, besluit om alle gelde wat ontvang word op rekening van die raad te deponeer. In die geval van 'n sodanige besluit, moet die gedeponeerde geld uitbetaal word per tjek wat geteken is deur dieselfde ondertekenaars wat die raad se tjeks teken. Afsonderlike rekenings moet in die Raad se boeke vir die fonds gehou word.

(19) Die beheerkomitee kan enige oorskot wat die fonds mag hê by 'n spaarbank of bougenootskap, deponeer en die rente wat op sodanige deposito oploop, moet op die fonds inbetaal word.

(20) Die fonds moet met alle administrasiekoste gedebiteer word.

(21) Die beheerkomitee moet 'n ouditeur wat 'n geregistreerde geöktrooieerde rekenmeester moet wees, vir die fonds aanstel en moet sy besoldiging vasstel wat uit die fonds betaal moet word. Die rekenings van die fonds moet geouditeur word vir die tydperk eindigende 30 Junie van elke jaar en die ouditeursverslag moet voor of op 31 Julie van dié jaar beskikbaar wees. Die ouditeurstaat moet ondervaande aantoon:—

(*a*) Alle gelde wat ontvang is;

(*b*) uitgawes aangegaan onder alle hoofde gedurende die twaalf maande geëindig die voorafgaande 30ste Junie tesame met 'n balansstaat waarop die bate en laste van die fonds aangetoon word. Die geouditeerde staat en balansstaat moet daarna op die kantoor van die Raad ter insae lê en kopieë daarvan moet aan die Sekretaris van Arbeid, Pretoria, gestuur word.

(22) 'n Kopie van die konstitusie en alle wysigings daarvan moet by die Sekretaris van die Raad en by die Nywerheidsregistrateur, aangestel ingevolge artikel *drie* van die Wet, ingedien word.

(23) Uitbetalings uit die fonds moet gestaak word as die bedrag tot krediet van die fonds onder £50 (vyftig pond) daal.

24. Werknemers op aktiewe diens.

Enige werknemer wat op aktiewe diens afwesig was, moet met die volle tydperk van sodanige afwesigheid gekrediteer word vir doeleindes van berekening van die duur van sy ervaring in die nywerheid en die lone waartoe hy geregtig is.

25. Indiensneming van lede van vakvereniging.

Geen werkgewer mag 'n werknemer wat nie 'n lid van die vakvereniging is, in diens neem nie, en geen lid van 'n vakvereniging mag in diens tree by enige werkgewer wat nie 'n lid van die werkgewersorganisasie is nie; met dien verstande dat enige persoon wat benadeel is, of sal word deur weiering van lidmaatskap, sy saak voor die Raad kan bring, wat kan verklaar dat nieteenstaande sodanige weiering, die bepalings van hierdie klousule hom nie verhinder om lede van die vakvereniging in diens te neem nie of, na gelang van die geval, deur lede van die werkgewersorganisasie in diens geneem te word nie.

26. Organisation of Employees.

(1) Every employer shall permit any person or persons authorised thereto by the trade union and by the Council, in writing, to enter his establishment from time to time during the lunch-hour for the purpose of—

(*a*) interviewing employees on trade union matters;
(*b*) enrolling new members;
(*c*) posting and distributing notices issued by the trade union;
(*d*) collecting members' contributions to the trade union.

(2) The authorised person or persons shall notify the employer or his representative of his or her intention to visit the establishment.

27. Agents.

The Council shall appoint one or more specified persons as agents to assist it in giving effect to the terms of this Agreement. It shall be the duty of every employer and every employee to permit such agents to institute such enquiries and to examine such books and/or documents and to interrogate such persons as may be necessary for this purpose.

28. Employment of Minors.

No person under the age of fifteen years shall be employed in the Millinery Industry.

29. Exhibition of Agreement.

Every employer shall keep a legible copy of this Agreement in both official languages, in the form prescribed in the regulations under the Act, exhibited in his establishment in a place readily accessible to his employees.

Signed at Johannesburg on behalf of the parties this 30th day of April, 1945.

C. L. Kaufmann,
Chairman of the Council.
E. S. Sacks,
Vice-Chairman of the Council.
D. Douglas,
Secretary of the Council.

ANNEXURE "A".

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MILLINERY INDUSTRY (TRANSVAAL).

(Registered under Act No. 36 of 1937.)

All communications to be addressed to the Secretary.

P.O. Box 4866.
Phone: 22—0052.

No.....

CERTIFICATE OF SERVICE.

Full name of employee.....
Address.....
Age..... Occupation..... Sex.....
Rate of pay at time of engagement.....Plus..... cost of living allowance.
Total remuneration per week.....
Rate of pay at time of leaving.....Plus..... cost of living allowance.
Total remuneration per week.....
Date of entering service.....Date of leaving service.....
Date of last increase.....
State if operating under licence of exemption.....
Number of certificate brought by employee.....
Holiday pay paid to.....

Name of Firm.

Employee
Council
£ :

.....
Employer's Signature.

Date of issue.....

N.B.—This certificate must be filled in accurately and one copy given to the employee and one copy posted to the Secretary of the Council.

ANNEXURE "B".

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MILLINERY INDUSTRY (TRANSVAAL).

P.O. Box 4866.
Phone: 22—0052.

26 Progress Buildings,
156 Commissioner Street,
Johannesburg,
.....194...

This is to certify that the bearer, M....., of....., has had the following experience in the Millinery Industry:—

.....and is entitled to a wage of not less than.....per week plus cost of living allowance.....per week.

This form must be attached to the engagement form and forwarded to the Secretary of the Council within two weeks after the applicant has commenced work.

.....
Secretary.

26. Organisasie van werknemers.

(1) Elke werkgewer moet enige persoon, of persone, wat deur die vakvereniging en die Raad skriftelik daartoe gemagtig is, toelaat om van tyd tot tyd sy inrigting gedurende die middagetensuur te betree met die doel om—

(*a*) met werknemers te praat oor aangeleenthede van die vakvereniging;
(*b*) nuwe lede te werf;
(*c*) kennisgewings van die vakvereniging op te plak en uit te deel;
(*d*) lede se bydraes tot die vakvereniging in te vorder.

(2) Die gemagtigde persoon, of persone, moet die werkgewer of sy verteenwoordiger, kennis gee van sy of haar voorneme om die inrigting te besoek.

27. Agente.

Die Raad moet een of meer bepaalde persone as agente aanstel om hom behulpsaam te wees by die uitvoering van die bepalings van hierdie Ooreenkoms. Elke werkgewer en werknemer is verplig om sodanige agente toe te laat om sodanige navrae te doen, boeke en/of stukke na te gaan en sodanige persone te ondervra as wat vir hierdie doel nodig mag wees.

28. Indiensneming van minderjariges.

Niemand onder die ouderdom van 15 jaar mag in die hoedemakerynywerheid in diens geneem word nie.

29. Vertoning van Ooreenkoms.

Elke werkgewer moet 'n leesbare kopie van hierdie Ooreenkoms in albei amptelike tale in die vorm voorgeskryf in die regulasie ingevolge die Wet in sy inrigtng op 'n plek maklik toeganklik vir sy werknemers vertoon hou.

Namens die partye hede die 30ste dag van April 1945, te Johannesburg onderteken.

C. L. Kaufmann,
Voorsitter van die Raad.
E. S. Sacks,
Ondervoorsitter van die Raad.
D. Douglas,
Sekretaris van die Raad.

AANHANGSEL „A".

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE HOEDEMAKERY-NYWERHEID (TRANSVAAL).

(Geregistreer ingevolge Wet No. 36, van 1937.)

Alle meedelings moet aan die Sekretaris geaddresseer word.
Posbus 4866.
Telefoon 22-0052.

No.....

DIENSSERTIFIKAAT.

Volle naam van werknemer.....
Adres.....
Ouderdom..... Vak..... Geslag.....
Loon by indiensneming..... Plus..... lewenskostetoelae.
Totale besoldiging per week.....
Loon by diensbeëindiging..... Plus..... lewenskostetoelae.
Totale besoldiging per week.....
Datum van indiensneming..... Datum van diensbeëindiging.
Datum van laaste verhoging.....
Vermeld of kragtens 'n vrystellingsertifikaat werksaam.....
No. van sertifikaat deur werknemer gebring.....
Vakansieverlofbetaling betaal aan.....

.....
Naam van Firma.

Werknemer
£ :
Raad

.....
Werkgewer se handtekening.

Datum van uitreiking.....

N.B.—Hierdie sertifikaat moet korrek ingevul en een kopie aan die werknemer oorhandig en een kopie aan die Sekretaris van die Raad gepos word.

AANHANGSEL „B".

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE HOEDEMAKERY-NYWERHEID (TRANSVAAL).

Posbus 4866.
Telefoon 22-0052.

Progress Buildings 26,
Commissionerstraat, 156,
Johannesburg.
.....194.....

Hierby word gesertifiseer dat die draer M..... van.....die volgende ervaring in die hoedemakerynywerheid het:—

.....en geregtig is tot 'n loon van nie minder as.....per week, plus lewenskostetoelae van.....per week.

Hierdie vorm moet aan die indiensnemingsvorm geheg word en binne twee weke na die applikant begin werk het, aan die Sekretaris van die Raad gestuur word.

.....
Sekretaris.

ANNEXURE " C ".

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MILLINERY INDUSTRY (TRANSVAAL).

(Registered under Act No. 36 of 1937.)

All communications to be addressed to the Secretary.
P.O. Box 4866.
Phone: 22—0052.

No.....

ENGAGEMENT FORM.

1. Full name of employee.....
2. Address of employee in full.....
3. Name of factory.....
4. Occupation.....
5. Age..... Sex.....
6. Date of engagement.....
7. Wages to commence.....Plus.....
   cost of living allowance.
   Total remuneration per week.....
8. Number of certificate brought by employee.....
   Pin to this form the certificate brought to you by the employee.

Employers must complete this form and forward it together with the certificate produced by the employee to the Secretary of the Council not later than two weeks after the employee has commenced work.

.....
Name of Firm.

.....
Employer's Signature.

Date of issue.....

✱ No. 899] [1 June 1945.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941.

MILLINERY INDUSTRY, TRANSVAAL.

I, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister of Labour, acting in terms of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, hereby declare the provisions of the agreement and notice relating to the Millinery Industry published under Government Notice No. 898 of the 1st June 1945, to be not less favourable to the persons whose hours of work are regulated thereby than the relative provisions of the said Act.

WALTER B. MADELEY,
Minister of Labour.

✱ No. 918.] [1 June 1945.

APPRENTICESHIP ACT, 1944.

I, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of sub-section 1 (*a*) of section nineteen of the Apprenticeship Act, 1944, on the recommendation of the National Apprenticeship Board and after consultation with the Apprenticeship Committees concerned, hereby give notice that with effect from the date of this notice the provisions of sub-section (2) of section *nineteen* of the said Act shall be applicable in respect of all trades designated by me within the areas of jurisdiction of the undermentioned Apprenticeship Committees:—

1. Bloemfontein Apprenticeship Committee.
2. Cape Mechanical and Electrical Engineering Industry Apprenticeship Committee.
3. Cape Motor Engineering Apprenticeship Committee.
4. Durban and Districts Engineering Apprenticeship Committee.
5. Durban and Districts Motor Engineering Apprenticeship Committee.
6. East London Engineering Apprenticeship Committee.
7. Kimberley Apprenticeship Committee.
8. Pietermaritzburg Electrical, Mechanical and Motor Engineering Apprenticeship Committee.
9. Port Elizabeth Mechanical and Electrical Engineering Apprenticeship Committee.
10. Port Elizabeth Motor Engineering Apprenticeship Committee.
11. Queenstown Engineering Apprenticeship Committee.
12. Transvaal Mechanical and Electrical Engineering Apprenticeship Committee.
13. Witwatersrand and Pretoria Motor Industry Apprenticeship Committee.
14. Orange Free State Motor Industry Apprenticeship Committee.

WALTER B. MADELEY,
Minister of Labour.

AANHANGSEL „ C ".

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE HOEDEMAKERY-NYWERHEID (TRANSVAAL).

(Geregistreer ingevolge Wet No. 36, van 1937.)

Alle meedelings moet aan die Sekretaris geadresseer word.
Telefoon 22-0052.
Posbus 4866.

No.....

INDIENSNEMINGVORM.

1. Volle naam van werknemer.....
2. Volledige adres van werknemer.....
3. Naam van fabriek.....
4. Vak.....
5. Ouderdom..... Geslag.....
6. Datum van indiensneming.....
7. Aanvangsloon..... Plus.....
   lewenskostetoelae.
   Totale besoldiging per week.....
8. No. van sertifikaat deur werknemer gebring.....

Die sertifikaat deur die werknemer aan u gebring moet aan hierdie vorm vasgespeld word.

Werkgewers moet hierdie vorm invul en dit, tesame met die sertifikaat deur die werknemer vertoon, uiterlik twee weke na die weknemer begin werk het, aan die Sekretaris van die Raad stuur.

.....
Naam van Firma.

.....
Werkgewer se handtekening.

Datum van uitreiking.....

✱ No. 899.] [1 Junie 1945.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941.

HOEDENYWERHEID, TRANSVAAL.

Ek, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister van Arbeid, handelende ingevolge subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, verklaar hierby dat die bepalings van die ooreeskoms en kennisgewing in verband met die Hoedenywerheid bekend gemaak by Goewermentskennisgewing No. 898 van 1 Junie 1945, nie ongunstiger vir die persone is nie wie se werksure daarby gereël word as die ooreenstemmende bepalings van genoemde Wet.

WALTER B. MADELEY,
Minister van Arbeid.

✱ No. 918.] [1 Junie 1945.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944.

Ek, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister van Arbeid, handelende ooreenkomstig die bepalings van subartikel 1 (*a*) van artikel *neëntien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, op aanbeveling van die Nasionale Vakleerlingraad en na raadpleging met die betrokke Komitees vir Vakleerlinge, gee hierby kennis dat die bepalings van subartikel (2) van artikel *neëntien* van genoemde Wet met ingang van die datum van hierde kennisgewing ten opsigte van al die bedrywe deur my aangewys in die magsgebied van ondervermelde Komitees vir Vakleerlinge van toepassing is:—

1. Vakleerlingskap Komitee, Bloemfontein.
2. Kaapse Vakleerlingskapkomitee in die Werktuigkundige en Elektriese Ingenieursnywerhede.
3. Kaapse Vakleerlingskapkomitee vir die Motoringenieursnywerheid.
4. Vakleerlingskapkomitee vir die Ingenieursnywerhede, Durban en Distrikte.
5. Vakleerlingskapkomitee vir die Motoringenieursnywerheid, Durban en Distrikte.
6. Vakleerlingskapkomitee, vir die Ingenieursnywerheid, Oos-Londen.
7. Vakleerlingskapkomitee, Kimberley.
8. Vakleerlingskapkomitee vir die Elektrotegniese, Werktuigkundige en Motoringenieursnywerhede, Pietermaritzburg.
9. Vakleerlingskapkomitee vir die Meganiese en Elektriese Ingenieursnywerhede, Port Elizabeth.
10. Vakleerlingskapkomitee vir die Motoringenieursnywerheid, Port Elizabeth.
11. Vakleerlingskapkomitee vir die Ingenieursbedrywe, Queenstown.
12. Vakleerlingskapkomitee vir die Meganiese en Elektriese Ingenieursnywerhede, Transvaal.
13. Komitee vir Vakleerlinge in die Motoringenieursnywerheid, Witwatersrand en Pretoria.
14. Vakleerlingskapkomitee vir die Motornywerheid vir die Oranje-Vrystaat.

WALTER B. MADELEY,
Minister van Arbeid

DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE.

✱ No. 910.] [1 June 1945.

APPOINTMENT OF MEMBER.—KIMBERLEY RENT BOARD

It is hereby notified for general information that the Minister of Welfare and Demobilisation has, under and by virtue of the powers vested in him by section *two* of the Rents Act, 1942 (Act No. 33 of 1942), appointed Major H. R. Tuckey as a member of the Kimberley Rent Board for the period 1st June, 1945 to the 23rd April, 1948.

✱ No. 911.] [1 June 1945.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—NEWCASTLE RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Welfare and Demobilisation has, under and by virtue of the powers vested in him by section *two* of the Rents Act, 1942 (Act No. 33 of 1942) appointed the undermentioned persons to the Newcastle Rent Board for a period of three years as from the 19th June, 1945:—

As Chairman: The Magistrate, Newcastle.
As Members: P. Cowan and Major F. Greaves.
As alternate member: H. Ross.

✱ No. 912.] [1 June 1945.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—PINETOWN RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Welfare and Demobilisation has, under and by virtue of the powers vested in him by section *two* of the Rents Act, 1942 (Act No. 33 of 1942), appointed the undermentioned persons to the Pinetown Rent Board for a period of three years as from the 22nd May, 1945:—

As Chairman: The Magistrate, Pinetown.
As Members: G. M. Steere and T. H. Flint.
As alternate member: M. G. Fannin.

✱ No. 913.] [1 June 1945.

APPOINTMENT OF MEMBERS.—KROONSTAD RENT BOARD.

It is hereby notified for general information that the Minister of Welfare and Demobilisation has, under and by virtue of the powers vested in him by section two of the Rents Act, 1942 (Act No. 33 of 1942) appointed the undermentioned persons to the Kroonstad Rent Board for a period of three years as from the 24th April, 1945:—

As Chairman: The Magistrate, Kroonstad.
As member: B. J. Scott.
As alternate member: R. G. Rowe.

✱ No. 914.] [1 June 1945.

APPOINTMENT OF MEMBER.—DUNDEE RENT BOARD.

It is hereby notifified for general information that the Minister of Welfare and Demobilisation has, under and by virtue of the powers vested in him by section *two* of the Rents Act, 1942 (Act No. 33 of 1942) appointed Mr. A. G. Watson as a member of the Dundee Rent Board for a period of one year as from the 1st June, 1945, vice Mr. R. Menne, resigned.

✱ No. 915.] [1 June 1945.

CONSTITUTION OF RENT BOARD.—PETRUS STEYN.

It is hereby notified for general information that the Minister of Welfare and Demobilisation has, under and by virtue of the powers vested in him by section *two* of the Rents Act, 1942 (Act No. 33 of 1942), constituted a Rent Board for that portion of the magisterial district of Lindley, falling under the jurisdiction of the Special Justice of the Peace at Petrus Steyn, and has appointed the following persons to the Rent Board so constituted for a period of three years as from the 1st June, 1945:

As Chairman: The Special Justice of the Peace at Petrus Steyn.
As Member: C. Hobbs.
As alternate member: T. Uys.

DEPARTMENT OF MINES.

✱ No. 888.] [1 June 1945.

ISSUE OF A DIAMOND CUTTER'S LICENCE.

It is hereby notified in terms of sub-section (6) of section *one* of the Diamond Cutting Act, 1919 (Act No. 38 of 1919) that the Minister of Mines granted on the 17th May, 1945, a licence to Pieter Andries Christiaan Nel in his capacity as Director of the Johannesburg Diamond Cutting Works (Proprietary), Limited, to carry on the business of diamond cutting at Parkleigh Court, corner of King George and Wolmarans Streets, Johannesburg.

M.M. 25/8/73.

✱ No. 889.] [1 June 1945.

It is hereby notified for general information that Maxwell Warren, John Harold Kevany and Lourens Christiaan Geldenhuys have been appointed as Temporary Assistant Inspectors of Machinery, with effect from the 2nd, 3rd and 8th January, 1945, respectively. M.M. Staff/1.

DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN.

✱ No. 910.] [1 Junie 1945.

AANSTELLING VAN LID.—KIMBERLEYSE HUURRAAD.

Hierby word vir algemene inligting bekengemaak dat die Minister van Welsyn en Demobilisasie vir majoor H. R. Tuckey kragtens artikel *twee* van die Wet op Huurgelde, 1942 (Wet No. 33 van 1942), as lid van die Kimberleyse Huurraad vir die tydperk 1 Junie 1945 tot 23 April 1948 aangestel het.

✱ No. 911.] [1 Junie 1945.

AANSTELLING VAN LEDE.—NEWCASTLESE HUURRAAD.

Hierby word vir algemene inligting gekendgemaak dat die Minister van Welsyn en Demobilisasie, ondergenoemde persone kragtens artikel *twee* van die Wet op Huurgelde, 1942 (Wet No. 33 van 1942), as lede van die Newcastlese huurraad aangestel het vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 19 Junie 1945:—

As voorsitter: Die magistraat, Newcastle.
As lede: P. Cowan en majoor F. Greaves.
As plaasvervangende lid: H. Ross.

✱ No. 912.] [1 Junie 1945.

AANSTELLING VAN LEDE.—PINETOWNSE HUURRAAD.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Welsyn en Demobilisasie ondergenoemde persone kragtens artikel *twee* van die Wet op Huurgelde, 1942 (Wet No. 33 van 1942), as lede van die Pinetownse huurraad aangestel het vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 22 Mei 1945:—

As voorsitter: Die magistraat, Pinetown.
As lede: G. M. Steere en T. H. Flint.
As plaasvervangende lid: M. G. Fannin.

✱ No. 913.] [1 Junie 1945.

AANSTELLING VAN LEDE.—KROONSTADSE HUURRAAD.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Welsyn en Demobilisasie ondergenoemde persone kragtens artikel *twee* van die Wet op Huurgelde, 1942 (Wet No. 33 van 1942), as lede van die Kroonstadse huurraad aangestel het vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 24 April 1945:—

As voorsitter: Die magistraat, Kroonstad.
As lid: B. J. Scott.
As plaasvervangende lid: R. G. Rowe.

✱ No. 914.] [1 Junie 1945.

AANSTELLING VAN LID.—DUNDEESE HUURRAAD.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Welsyn en Demobilisasie vir mnr. A. G. Watson kragtens artikel *twee* van die Wet op Huurgelde, 1942 (Wet No. 33 van 1942), as lid van die Dundeese huurraad vir 'n tydperk van een jaar vanaf 1 Junie 1945 aangestel het in die plek van mnr. R. Menne wat bedank het.

✱ No. 915.] [1 Junie 1945.

INSTELLING VAN HUURRAAD.—PETRUS STEYN.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Welsyn en Demobilisasie, kragtens artikel *twee* van die Wet op Huurgelde, 1942 (Wet No. 33 van 1942), 'n huurraad vir die gedeelte van die magistraatsdistrik van Lindley wat binne die regsgebied van die spesiale vrederegter te Petrus Steyn val, ingestel het, en die volgende persone as lede van die aldus ingestelde huurraad aangestel het vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 1 Junie 1945:

As voorsitter: Die spesiale vrederegter te Petrus Steyn.
As lid: C. Hobbs.
As plaasvervangende lid: T. Uys.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

✱ No. 888.] [1 Junie 1945.

UITREIKING VAN 'N DIAMANTSLYPERSLISENSIE.

Hierby word ooreenkomstig subartikel (6) van artikel *een* van die Wet op Diamantslijperijen, 1919 (Wet No. 38 van 1919) bekendgemaak dat die Minister van Mynwese op 17 Mei 1945 'n lisensie aan Pieter Andries Christiaan Nel in sy hoedanigheid van direkteur van die Johannesburg Diamond Cutting Works (Proprietary), Limited, toegeken het om die diamantslypersbedryf te Parkleigh Court, hoek van King George- en Wolmaransstraat, Johannesburg, uit te oefen.

M.M.25/8/73.

✱ No. 889.] [1 Junie 1945.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Maxwell Warren, John Harold Kevany en Lourens Christiaan Geldenhuys onderskeidelik met ingang van 2, 3 en 8 Januarie 1945 as tydelike assistent-inspekteurs van masjinerie aangestel is. M.M. Staf/1.

✱ No. 890.] [1 June 1945.

Notice is hereby given that certain claims situate in the Mining Districts of Pietersburg, Barberton and Pilgrims Rest in the Province of the Transvaal, and detailed in the attached Schedule, having lapsed to the Crown in terms of section *one hundred* of the Precious and Base Metals Acts, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased, under the powers vested in him by sections *thirty* and *one hundred* of the said Act, to declare the ground over which the rights have been held shall be open to the pegging of claims in accordance with the provisions of Chapter V of the said Act on and after 9 a.m. on the 20th day of June, 1945.

M.M. 22/1/12 (44).

✱ No. 890.] [1 Junie 1945.

Hierby word bekendgemaak dat, aangesien sekere kleims geleë in die myndistrikte Pietersburg, Barberton en Pelgrimsrus in die provinsie Transvaal, en in onderstaande Bylae uiteengesit, kragtens artikel *honderd* van die „ Precious and Base Metals Act, 1908 " (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), aan die Staat verval het, dit Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels *dertig* en *honderd* van genoemde Wet, te verklaar dat die grond ten opsigte waarvan die regte bestaan het, vanaf 9-uur vm. op die 20ste dag van Junie 1945 ooreenkomstig die bepalings van hoofstuk V van genoemde Wet vir die afpenning van kleims oop is.

M.M. 22/1/12 (44).

SCHEDULE "A".—*BYLAE „A".*

MINING DISTRICT OF PIETERSBURG.—*MYNDISTRIK PIETERSBURG.*

BASE METAL CLAIMS—*ONEDELE METAALKLEIMS.*

Lic. No. *Lis. No.*	Distinctive Numbers of Claims. *Onderskeidingsnommers van kleims.*	Total Claims. *Getal kleims.*	Diagram Number. *Kaartnommer.*	Name of Last Registered Owner, Farm and Number. *Naam van laaste geregistreerde eienaar, plaas en nommer.*	Owner of Farm. *Eienaar van plaas.*
16746	Unnumbered (*Ongenommer*)	100	—	E. M. J. Geel, Proc. (*Prok.*) 296/27	S.A. Native Trust (*S.A. Naturelletrust*).
16750	" "	50	—	H. J. Francis, Proc. (*Prok.*) 296/27	" "
16759	" "	100	—	R. C. Janse van Rensburg, Proc. (*Prok.*) 117/22	" "
16782	" "	12	—	M. L. S. Beukes, Proc. (*Prok.*) 1892	Government (*Goewerment*).
16877	" "	100	—	L. A. W. Kubannek, Proc. (*Prok.*) 1892	S.A. Native Trust (*S.A. Naturelletrust*).
16931	" "	100	—	D. J. Harmse, Proc. (*Prok.*) 1892	" "
16952	" "	100	—	G. T. Backman, Proc. (*Prok.*) 117/22	" "
16953	" "	100	—	J. C. Foley, Proc. (*Prok.*) 117/22	" "
16982	" "	3	—	C. M. de Beer, Proc. (*Prok.*) 77/18	Government (*Goewerment*).
17010	" "	50	—	F. Martin, Proc. (*Prok.*) 33/07	S.A. Native Trust (*S.A. Naturelletrust*).
17073	" "	20	—	C. G. Steenkamp, Proc. (*Prok.*) 69/06	" "

PROSPECTING CLAIMS.—*PROSPEKTEERKLEIMS.*

5695	Unnumbered (*Ongenommer*)	1	—	J. P. Meyer, Vrischgewaagd No. 100	J. A. G. M. van Rensburg.
5699	" "	1	—	R. D. Wheelwright, *Palmietfontein No.* 101	Berliner Mission Gesellschaft.
5707	" "	1	—	J. M. Horn, Eersteling No. 87	African Gold & Base Metal Holdings Limited.
5715	" "	1	—	V. Neser, Waterval No. 211	M. Zaacks.
5716	" "	1	—	J. P. Meyer, Waterval No. 211	M. Zaacks.
5723	" "	4	—	R. F. Quinton, Eersteling No. 87	African Gold & Base Metal Holdings, Limited.
5724	" "	1	—	P. M. Grobler, Vrischgewaagd No. 100	J. A. G. M. van Rensburg.

BARBERTON MINING DISTRICT.—*MYNDISTRIK BARBERTON.*

BASE METAL CLAIMS—*ONEDELE METAALKLEIMS.*

9417	76297/308	12	S.P.R.M.T. 744	E. T. E. Andrews, Barberton	Government (*Goewerment*).
9763	Unnumbered (*Ongenommer*)	42	—	M. McAlpine, Barberton	" "
9806	" "	20	—	M. McAlpine, Barberton	" "
9831	" "	25	—	G. W. Gass, Kaapsche Hoop	" "
9855	" "	10	—	H. A. Coetzee, Kaapsche Hoop	" "
9864	" "	6	—	H. A. Coetzee, Kaapsche Hoop	" "
9871	" "	100	—	F. M. Meyer, Barberton	" "
9907	" "	40	—	H. M. McAlpine, Barberton	" "
9975	" "	100	—	L. M. Stoop, Steynsdorp	" "
9976	" "	100	—	S. C. Stoop, Steynsdosp	" "
9977	" "	100	—	G. J. Engelbrecht, Steynsdorp	" "
9984	" "	100	—	H. H. du Toit, Steynsdorp	" "
9985	" "	100	—	H. J. du Toit, Steynsdorp	" "
10001	" "	3	—	A. J. Korf, Steynsdorp	" "
10002	" "	3	—	P. P. Joubert, Steynsdorp	" "
10011	" "	50	—	R. A. Lewis, Barberton	" "
10014	" "	50	—	R. A. Lewis, Barberton	" "
9655	" "	100	—	D. M. E. Gass, Barberton	" "
9656	" "	50	—	G. W. Gass, Barberton	" "

PROSPECTING CLAIMS.—*PROSPEKTEERKLEIMS.*

4637	Unnumbered (*Ongenommer*)	1	—	J. Ferera, Kaapsche Hoop	Government (*Goewerment*).

MINING DISTRICT OF PILGRIMS REST.—*MYNDISTRIK PELGRIMSRUS.*

PROSPECTING CLAIMS.—*PROSPEKTEERKLEIMS.*

15063	Unnumbered (*Ongenommer*)	2	—	C. E. Skipp, Lisbon No. 9	Government (*Goewerment*).
15082	" "	1	—	B. McKeone, Natalshoop No. 14	C. M. v. Velden and (*en*) others (*andere*).
15213	" "	1	—	J. C. Schoeman, Natalshoop No. 14	" "
15255	" "	4	—	H. P. Steyn, Lisbon No. 9	Government (*Goewerment*).
16257	" "	1	—	C. P. Voster, Natalshoop No. 14	C. M. v. Velden and (*en*) others (*andere*).
16260	" "	8	—	D. L. Cogill, Berlyn No. 458	Government (*Goewerment*).

✱ No. 917.] [1 June 1945.

DECLARATION OF MIETJESDOORNS No. 2 ALLUVIAL DIGGING AS A DIAMOND BUYING CENTRE.

In terms of sections *twenty* and *twenty-three* of the Diamond Trade Ordinance, 1903 (Ordinance No. 63 of 1903 of the Transvaal), it is notified that from and after the date of publication of this notice in the *Gazette* and until further notice, a certain portion of Portion I of Portion B of the farm Mietjesdoorns No. H.O. 187 (formerly No. 139), situate in the District of Wolmaransstad, Mining District of Klerksdorp, Transvaal Province, and proclaimed as an alluvial digging for precious stones by Proclamation No. 65 of the 12th April, 1945, published in the *Gazette* of the 27th April, 1945, shall be a locality in respect of which licences may be issued to deal in rough and uncut diamonds.

C. F. STALLARD,
Minister of Mines.

M.M. 25/11/31.

✱ No. 917.] [1 Junie 1945.

VERKLARING VAN ALLUVIALE DELWERY MIETJESDOORNS TOT 'N DIAMANTHANDELSENTRUM.

Ooreenkomstig artikels *twintig* en *drie-en-twintig* van die „ Diamond Trade Ordinance, 1903 " (Ordonnansie No. 63 van 1903 van Transvaal), word hierby bekendgemaak dat 'n sekere gedeelte van gedeelte I van gedeelte *B* van die plaas Mietjesdoorns No. H.O. 187 (voorheen No. 139), geleë in die distrik Wolmaransstad, myndistrik Klerksdorp, Provinsie Transvaal, en geproklameer tot 'n alluviale delwery vir edelgesteentes by Proklamasie No. 65 van 12 April 1945 wat in die *Staatskoerant* van 27 April 1945 verskyn het, vanaf die datum van die publikasie van hierdie kennisgewing in die *Staatskoerant* en tot nadere kennisgewing, 'n plek is ten opsigte waarvan lisensies uitgereik kan word om in ru en ongeslypte diamante handel te dryf.

C. F. STALLARD,
Minister van Mynwese.

M.M. 25/11/31.

DEPARTMENT OF LANDS.

✱ No. 916.] [1 June 1945.

COMMITTEE OF MANAGEMENT, KLIPKOP SETTLEMENT, DISTRICT OF BRITS.—APPOINTMENT.

It is hereby notified for general information that the Minister of Lands has, in terms of paragraph 9 of the regulations framed under section *forty-six* of the Land Settlement Act, No. 12 of 1912, as amended, and published by Government Notice No. 53 of 12 January, 1940, appointed Mr. Andries Petrus Stephanus Brits, a chosen member of the Committee of Management for a period of one year as from 31st July, 1944, as Chairman of the Committee of Management for that portion of the Hartebeestpoort Irrigation Settlement, District of Brits, known as Klipkop, for the unexpired portion of the period for which Mr. Pieter Marthinus Fouche was appointed a member and Chairman of the said Committee of Management by Government Notice No. 1353 dated 18th August, 1944.

The Minister of Lands has, in terms of the said regulations, appointed Mr. Frederick John Eveleigh as a member of the Committee of Management for the unexpired portion of the period published by the above-mentioned Government Notice.

DEPARTMENT OF IRRIGATION.

✱ No. 891.] [1 June 1945.

OLIFANTS RIVER IRRIGATION SCHEME.—REGULATIONS.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased to repeal the regulations promulgated under Government Notice No. 850 dated 21st June, 1935, and to approve of the following regulations made in terms of section *ten* of the Olifants River Irrigation Works Act, 1943 (Act No. 10 of 1943).

INTERPRETATION OF TERMS.

In these regulations, except where the context otherwise indicates—

"Administration Engineer" means the officer appointed by the Director to administer the works;

"distribution furrow" means any furrow conveying irrigation water supplied from the works;

"holding" means any property comprising a single block of land, a portion of which is capable of being irrigated with water from the works;

"Magistrate" means the Magistrate or Assistant Magistrate at Van Rhynsdorp;

"the Act" means the Olifants River Irrigation Works Act, 1943 (Act No. 10 of 1943);

"works" means the irrigation works described in paragraph (*a*) of the First Schedule to the Act; and

any expression to which a meaning has been assigned in the Irrigation and Conservation of Waters Act, 1912 (Act No. 8 of 1912), and any amendment thereof, bears, when used in these regulations, the same meaning.

PART A.

REGULATIONS FRAMED UNDER PARAGRAPHS (*b*) AND (*c*) OF ACT NO. 10 OF 1943, TO PROVIDE FOR THE MANNER OF REGULATING THE FLOW OF WATER INTO, THE DISTRIBUTION OF WATER FROM, THE PROTECTION FROM POLLUTION AND THE USE OF WATER IN OR FROM ANY PART OF THE WORKS OF WHICH THE MAINTENANCE AND CONTROL IS VESTED IN THE MINISTER AND FOR THE PROTECTION AND PRESERVATION OF THE WORKS OR ANY PART THEREOF.

Control, Construction, Maintenance and Operation of Works.

1. The Department shall control and maintain the works.

2. Subject to regulation 5, the Department shall construct and maintain all canals, drains, structures and fences which the Director considers necessary for distributing water to holdings and for the efficient operation of the scheme and shall allot distinguishing numbers to all outlet sluices.

3. The Department may at any time pass water not wanted in any canal or branch canal to waste, through any other canal, waste channel, distribution or private furrow, or drain to the limit of its capacity.

4. The Department may pass surface run-off water over or under the canals where this measure of protection of the canals is considered necessary. Any natural surface flow that would have reached a natural drainage channel at points between the canal and the Olifants River may be intercepted by, at or above the canal and passed out of, over or under the canal at structures built for discharging it into such natural drainage channel below the canal.

5. Distribution furrows not forming part of the works shall be maintained by the owners of holdings. When any such furrow, or a portion thereof, is, in the opinion of the Director in such a condition that wastage will result if water is allowed to flow therein, or if he considers that any such furrow or portion thereof is not in a satisfactory condi-

DEPARTEMENT VAN LANDE.

✱ No. 916.] [1 Junie 1945.

KOMITEE VAN BEHEER, KLIPKOP-NEDERSETTING.—AANSTELLING.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Lande, ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 9 van die regulasies opgestel kragtens artikel *ses-en-veertig* van die Kroongrond Nederzettings Wet, No. 12 van 1912, soos gewysig, en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 53 van 12 Januarie 1940, die heer Andries Petrus Stephanus Brits, gekose lid vir die Komitee van Beheer vir 'n tydperk van een jaar vanaf 31 Julie 1944, benoem het tot voorsitter van die Komitee van Beheer vir die gedeelte van die Hartebeestpoort-besproeiingsnedersetting, distrik Brits, bekend as Klipkop, en wel vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die heer Pieter Marthinus Fouche tot lid en voorsitter van genoemde Komitee van Beheer by Goewermentskennisgewing No. 1353, gedateer 18 Augustus 1944, benoem was.

Die heer Frederick John Eveleigh is ooreenkomstig die bepalings van voornoemde regulasies deur die Minister van Lande benoem tot bykomende lid van die Komitee van Beheer vir die onverstreke tydperk aangekondig by gemelde Goewermentskennisgewing.

DEPARTEMENT VAN BESPROEIING.

✱ No. 891.] [1 Junie 1945.

OLIFANTSRIVIER-BESPROEIINGSKEMA.—REGULASIES.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag van die Unie van Suid-Afrika behaag het om die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 850 van 21 Junie 1935 te herroep en onderstaande regulasies, gemaak kragtens artikel *tien* van die Wet op die Olifantsrivier-besproeiingswerke, 1943 (Wet No. 10 van 1943) goed te keur:—

WOORDBEPALING.

Behalwe waar die samehang anders aandui, beteken in hierdie regulasies—

„Administrasie-ingenieur"; die amptenaar wat deur die Direkteur aangestel is om die werke te beheer;

„verdelingsvoor", enige voor wat besproeiingswater afkomstig van die werke;

„hoewe", 'n eiendom bestaande uit 'n enkele blok grond, 'n gedeelte waarvan besproeibaar is deur water uit die werke;

„magistraat"; die magistraat of assistent-magistraat van Van Rhynsdorp;

„die Wet", die Wet op die Olifantsrivier-besproeiingswerke, 1943 (Wet No. 10 van 1943);

„werke", die besproeiingswerke wat in paragraaf (*a*) van die Eerste Bylae van die Wet beskryf is; en

enige uitdrukking waaraan daar 'n betekenis in die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, 1912 (Wet No. 8 van 1912) en enige wysiging daarvan, gegee is, het dieselfde betekenis wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word.

DEEL A.

REGULASIES OPGESTEL INGEVOLGE PARAGRAWE (*b*) EN (*c*) VAN WET NO. 10 VAN 1943 OM VOORSIENING TE MAAK VIR DIE REËLINGSWYSE VAN DIE WATERSTROOM WAT IN ENIGE GEDEELTE VAN DIE WERKE, WAARVAN DIE INSTANDHOUDING EN BEHEER BY DIE MINISTER BERUS, INLOOP, DIE VERDELING VAN WATER DAARUIT, DIE BESKERMING TEEN BESOEDELING EN DIE GEBRUIK VAN WATER DAARIN OF DAARUIT, ASOOK VIR DIE BESKERMING EN BEWONING VAN DIE WERKE OF ENIGE GEDEELTE DAARVAN.

Beheer, aanleg, instandhouding en werking.

1. Die Departement beheer die werke en hou hulle in stand.

2. Onderworpe aan regulasie 5, lê die Departement alle kanale, sugslote, strukture en heinings, wat die Direkteur vir die verdeling van water aan hoewes en vir die doelmatige werking van die skema nodig beskou, aan en hou hulle in stand en wys onderskeidende nommers aan alle uitlaatsluise toe.

3. Die Departement mag te eniger tyd water, wat nie in enige kanaal of takkanaal nodig is nie, deur enige ander kanaal, afloopkanaal, verdelings- of private voor of sugsloot tot die uiterste van sy inhoudsvermoë, laat wegloop.

4. Wanneer dit nodig beskou word dat die kanale op so'n wyse beskerm moet word, mag die Departement oppervlakte-afloopwater bo-oor of onderdeur die kanale laat loop. Enige natuurlike oppervlakte-stroming wat 'n natuurlike sugsloot by punte tussen die kanaal en die Olifantsrivier sou bereik mag onderskep word by, teenaan of bokant die kanaal en weggevoer word uit, bo-oor of onderdeur die kanaal deur strukture wat gebou is vir die afvoer daarvan in sodanige natuurlike sugsloot onderkant die kanaal.

5. Verdelingsvore wat nie deel uitmaak van die werke nie, moet deur die eienaars van die hoewes in stand gehou word. Wanneer so'n voor of gedeelte daarvan volgens mening van die Direkteur in so'n toestand is dat daar vermorsing sal plaasvind as water toegelaat word om daarin te stroom, of as hy van mening is dat so'n voor of gedeelte daarvan nie in 'n

tion for the proper distribution of water, he may refuse to allow water to flow from the canal into such furrow. The Director may call upon the party or parties responsible to effect such repairs to any furrow as he considers necessary and may withhold water from such furrow or portion thereof until such time as such repairs are effected. The Department shall not be liable for any damage or loss sustained by any person as a result of water being withheld from such furrow.

6. Water available for irrigation shall be distributed in the proportion in which the scheduled area of each holding or group of holdings stands in relation to the total scheduled area, but the Director may restrict the allowance of water per morgen to a reasonable quota, which may vary with seasonal fluctuations of water available for irrigation.

7. The Director reserves the right to distribute, as he deems fit, water that would otherwise run to waste.

8. Irrigation water shall be supplied in the main and branch canals and at the sluices in these canals. The Department accepts no responsibility for the arrangements of turns or for the quantity of water reaching individual holdings which obtain their irrigation water by means of furrows taking off from the canals. The Director may allow an additional percentage of water released from such sluices to compensate for losses sustained in such furrows as he deems fit.

9. The Director may at any time interrupt the flow of water in the canals in order to effect repairs or for any other sufficient reason in the interests of the scheme.

10. Water shall not be supplied at any higher level than the Director considers reasonable.

11. Time-tables showing the quantities of water to be released from the canal sluices shall be prepared each year. These shall be in the possession of the water bailiffs and may be inspected by any owner at reasonable times. The time-tables shall show the number of the sluice, the name of the owner, the area scheduled and the quantity of water and number of hours of flow allotted to each scheduled area.

Pollution.

12. Bathing or washing in the canals or furrows which form part of the works and pollution of the water in any manner are prohibited.

13. No shed, native hut, latrine, or other structure shall be constructed above the level of the canal bed or within 100 feet of the canal bank, unless the Director's consent has been previously obtained.

Complaints.

14. Any complaint made or charge laid against an employee of the Department engaged in the maintenance or operation of the scheme, other than that of a water fault or shortage in the supply referred to in regulation 15, shall be submitted to the Director in writing and shall be made within seven days of the occurrence of the cause. No complaint or charge shall be considered unless signed by the owner or his authorised representative.

15. Water will be considered as having been received in full, unless a complaint is received by the Director or the Administration Engineer from the person entitled to use the water, within 48 hours of the occurrence of any fault or shortage in his supply.

General.

16. No unauthorised person may without the written permission of the Director enter the area covered by the works if the works have been constructed on land owned by the Government.

17. Any servitude for the passage of water agreed upon by the owners themselves shall be subject to the proviso that the furrow conveying the water is maintained in a satisfactory condition by the interested party.

18. No person shall commit any act which will have or may reasonably be expected to have the effect of impeding, hindering or interfering with the flow of water in any canal, or have the effect of endangering, potentially or otherwise, the stability of the works or any structure connected therewith or may have the effect of causing additional labour in the cleaning or maintenance of the works.

19. No sluices, check gates, outlets or any other structure for the control of water shall be operated by any person unless authorised to do so, in writing, by the Director and no alteration to the flow in the canals shall be effected in any manner whatsoever unless by a person so authorised.

20. If any person uses water in a wasteful manner or commits any act of which the reasonable result may be a wastage of water, or fails to take reasonable precautions so as to avoid the wastage of water, or interferes with the Department's officers or employees in the carrying out of their duties, he shall be guilty of an offence.

21. In the event of a subdivision by sale of a scheduled area, the Department will not be responsible for the subdivision of the water until the Department has been furnished with proof of the registration of ownership of the subdivided areas.

22. Any owner occasioning damage to roads or public thoroughfares through lack of control of water supplied to him shall be personally responsible for such damage.

bevredigende toestand vir die behoorlike verdeling van water is nie, mag hy weier om toe te laat dat water uit die kanaal in so'n voor invloei. Die Direkteur mag van die verantwoordelike persoon of persone vereis dat enige besondere voor op so'n wyse herstel word as wat hy nodig beskou en mag die water uit so'n voor of gedeelte daarvan terugehou tot tyd en wyl dit aldus herstel is. Die Departement is nie aanspreeklik vir enige skade of verlies wat deur enige persoon gely word as gevolg van die terughou van water uit so'n voor nie.

6. Water wat vir besproeiing beskikbaar is, word verdeel in die verhouding waarin die ingelyste oppervlakte van elke hoewe of groep hoewes tot die totale ingelyste oppervlakte staan, maar die Direkteur mag die toelaag water per morg beperk tot 'n redelike kwota wat met seisoenskommelings van water wat vir besproeiing beskikbaar is, mag wissel.

7. Die Direkteur behou die reg om water, wat andersins ongebruik sou wegloop, na sy goeddunke te verdeel.

8. Water vir besproeiing word in die hoof- en takkanale en by die sluise in hierdie kanale gelewer. Die Departement aanvaar geen aanspreeklikheid vir die reëling van beurte of vir die hoeveelheid water wat die afsonderlike hoewes, wat hulle besproeiingswater deur middel van vore uit die kanale verkry, bereik nie. Die Direkteur kan na goeddunke 'n ekstra hoeveelheid water uit sulke sluise uitlaat om te vergoed vir verliese gely in sulke vore.

9. Die Direkteur mag te eniger tyd die stroming van water in die kanale onderbreek met die doel om herstelwerk te verrig of om enige ander voldoende rede in belang van die skema.

10. Water word alleen op so'n peil gelewer as wat die Direkteur as redelik beskou.

11. Roosters wat die hoeveelhede water wat deur die kanaalsluise uitgelaat sal word, aantoon, moet jaarliks opgestel word. Hulle moet in die besit van die waterfiskale gehou word en kan op redelike tye deur eienaars ingesien word. Die roosters moet die nommer van die sluis aangee, die naam van die eienaar, die oppervlakte wat ingelys is, die hoeveelheid water wat aan elke ingelyste oppervlakte toegewys is en die aantal uur wat dit na so'n oppervlakte kan vloei.

Besoedeling.

12. Baai of was in die kanale of vore wat deel van die werke uitmaak en besoedeling van die water op enige manier is verbode.

13. Behalwe met die voorafgaande goedkeuring van die Direkteur mag geen skuur, naturellehut, latrine of ander struktuur bo die hoogte van die kanaalbedding of nader as 100 voet van die kant van die kanaal af, opgerig word nie.

Klagtes.

14. Enige klag of aanklag teen 'n werknemer van die Departement wat te doen het met die instandhouding en werking van die skema, behalwe in die geval van 'n waterfout of 'n tekort in die voorraad waarna in regulasie 15 verwys word, moet binne sewe dae nadat die oorsaak daarvan ontstaan het, skriftelik by die Direkteur ingedien word. Geen klag of aanklag sal oorweeg word nie tensy dit deur die eienaar of sy gemagtigde verteenwoordiger geteken is.

15. Beskou word dat die volle hoeveelheid water ontvang is tensy die persoon wat geregtig is om die water te gebruik binne 48 uur nadat 'n fout of tekort in sy toevoer ontstaan het, 'n klagte by die Direkteur of die Administrasie-ingenieur indien.

Algemeen.

16. Sonder die skriftelike toestemming van die Direkteur het geen ongemagtigde persoon reg van toegang tot die gebied wat deur die werke beslaan word as die werke aangelê is op grond wat aan die Regering behoort.

17. Enige serwituut vir die vervoer van water waaromtrent eienaars onder hulself ooreengekom het, is onderworpe aan die voorwaarde dat die voor wat die water vervoer deur die belanghebbende party in 'n bevredigende toestand gehou word.

18. Niemand mag enige handeling verrig wat die vloei van die water in die kanaal vertraag, hinder of belemmer nie, of sulks moontlik mag doen, of wat die stewigheid van die werke of enige struktuur wat daarmee in verband staan, potensiëel of andersins in gevaar stel, of wat mag meebring dat ekstra arbeid vir die skoonmaak of instandhouding van die werke gebruik moet word.

19. Niemand mag enige sluise, kontroleersluise en uitlaatsluise of enige ander struktuur vir die beheer van water hanteer nie tensy hy skriftelik deur die Direkteur daartoe gemagtig is en geen verandering in die voei van die water in die kanale mag op watter wyse ook al aangebring word nie tensy dit gedoen word deur iemand wat daartoe gemagtig is.

20. As enigeen water vermors of 'n handeling verrig wat die vermorsing van water tot moontlike gevolg mag hê of versuim om redelike voorsorgsmaatreëls te tref om die vermorsing van water te voorkom, of die beamptes of werknemers van die Departement hinder in die uitvoering van hul pligte, is hy skuldig aan 'n misdryf.

21. Ingeval 'n ingelyste oppervlakte deur verkoop onderverdeel word, is die Departement, tot tyd en wyl bewys aan hom gelewer is dat die eiendomsreg op die ondervermelde oppervlaktes geregistreer is, nie aanspreeklik vir die onderverdeling van die water nie.

22. 'n Eienaar wat skade aan paaie of publieke deurgange veroorsaak deurdat hy versuim om die water wat aan hom gelewer word, te beheer, is persoonlik aanspreeklik vir sodanige skade.

PART B.

REGULATIONS FRAMED UNDER PARAGRAPHS (*e*) AND (*f*) OF SUBSECTION (1) OF SECTION *ten* OF THE ACT, PRESCRIBING THE MANNER IN WHICH MEMBERS OF THE ADVISORY COMMITTEE REFERRED TO IN SECTION *five* OF THE ACT SHALL BE ELECTED AND THE PROCEDURE TO BE FOLLOWED AT MEETINGS OF THE COMMITTEE.

Irrigation Voters' List.

1. As soon as may be after the promulgation of these regulations, a list, to be called the irrigation voters' list, shall be prepared by the Administration Engineer and shall show in alphabetical order the full name of every person who is for the time being on the assessment roll compiled as hereinafter provided, and the number of votes to which such person is entitled.

Qualification of Voters and Scale of Voting at an Election of Member of the Advisory Committee.

2. (1) Every person whose name appears on the irrigation voters' list and whose rates are not in arrear for three months or more at the date of an election of members of the advisory committee (hereinafter referred to as the committee) shall be entitled to vote at that election: Provided that—

(*a*) if rateable land be owned jointly, by two or more persons, each of whom does not occupy a separate and defined portion thereof, and if the total number of morgen in the irrigable area of such land be not less than the total number of such persons, each of them may vote in respect of an irrigable area equal to the total number of morgen in the irrigable area divided by the number of persons; otherwise only so many of them may vote as there are morgen in such land, and such persons only may vote as the owners in writing name as the persons delegated to vote on their behalf;

(*b*) if the rateable land be owned by the Government or a corporate body, the person duly authorised under a special power of attorney from the Minister or the corporate body (as the case may be) shall be entitled to vote in respect of that land, and he shall vote as if he were the owner and on the same scale as is applicable to the owner.

(2) Every person exercising his right to vote shall vote upon the following scale, that is to say: If the irrigable area in respect of which he is entitled to vote be not more than five morgen in extent, he shall have in respect of each vacancy to be filled at the election one vote and for every additional five morgen or part thereof one additional vote, but no voter shall give more than ten votes for any single candidate.

Revision of Voters' List.

3. The voters' list prepared by the Administration Engineer shall, in the manner hereinafter provided, be revised for each year in which an election of a member or members of the committee is held.

4. Immediately after the preparation of the list by the Administration Engineer, and for the purposes of a subsequent revision thereof, the Minister shall notify by advertisement in the *Gazette* and in such other manner as he may from time to time deem expedient that, from a specified date, a copy of the list will lie for inspection at the offices of the Administration Engineer and of the Magistrate. The list shall thereupon be open for inspection during the ordinary hours of attendance, for a period of fourteen days from the specified date. The notice shall also intimate that upon a certain date and at an hour and place therein set forth, claims to be inserted in the voters' list or objections to any names included therein will be heard and determined by the Magistrate in accordance with the provisions of these regulations.

5. On the day so notified, the Magistrate shall, in open court, hear all claims and objections, and shall then and there determine and adjudicate thereon, or may at his discretion adjourn the sitting of the Court from time to time as he may deem necessary.

6. In the investigation of and adjudication upon claims and objections, the magistrate shall be guided by the following directions, provisions and considerations; that is to say, he shall—

(*a*) insert the name of every person in respect of whom it shall be proved to the magistrate's satisfaction that such person is legally and properly to be inserted in the voters' list;

(*b*) except in cases of death, retain on the list the names of all persons in respect of whom no objections have been made;

(*c*) retain on the list the name of every person objected to, unless the person objecting appears in person or by someone duly authorised in writing under his hand, in support of such objection, and establishes the objection by proof to the satisfaction of the Court;

(*d*) expunge from the voters' list the name of the person objected to only in case the objection made is satisfactorily proved;

(*e*) expunge from the voters' list the name of any person inserted who is proved to be dead;

(*f*) correct any mistake or bona fide error or omission which may appear to have been made in the voters' list.

DEEL B.

REGULASIES OPGESTEL INGEVOLGE PARAGRAWE (*e*) EN (*f*) VAN SUBARTIKEL (1) VAN ARTIKEL *tien* VAN DIE WET, WAT DIE MANIER VOORSKRYF WAAROP LEDE VAN DIE RAADGEWENDE KOMITEE, WAARNA IN ARTIKEL *vyf* VAN DIE WET VERWYS WORD, VERKIES MOET WORD EN DIE PROSEDURE WAT BY VERGADERINGS VAN DIE KOMITEE GEVOLG MOET WORD.

Besproeiingskieserslys.

1. So gou moontlik na die afkondiging van hierdie regulasies moet 'n lys, genoem die besproeiingskieserslys, deur die Administrasie-ingenieur opgestel word waarin in alfabetiese volgorde die volle name aangegee word van elke persoon wat as dan op die belastingrol, opgestel soos hierna bepaal, verskyn, asook die aantal stemme waarop so'n persoon geregtig is.

Kwalifikasies van kiesers en skaal waarvolgens by 'n verkiesing van lede van die raadgewende komitee gestem word.

2. (1) Elkeen wie se naam op die besproeiingskieserslys voorkom en wie se belastings, op die datum waarop lede van die raadgewende komitee (hierna die komitee genoem) verkies word, nie vir drie maande of meer agterstallig is nie, is geregtig om by daardie verkiesing te stem, met dien verstande dat—

(*a*) indien belasbare grond gesamentlik aan twee of meer persone behoort van wie elkeen nie 'n afsonderlike en 'n omskrewe gedeelte daarvan bewoon nie, en indien die totale getal morge waaruit die besproeibare oppervlakte van sodanige grond bestaan, nie minder is as die totale getal van sulke persone nie, elkeen van hulle mag stem ten opsigte van 'n besproeibare oppervlakte wat gelyk is aan die totale getal morge wat die besproeibare oppervlakte beslaan, gedeel deur die aantal persone; anders mag slegs soveel van hulle stem as wat die getal morge is wat sodanige grond beslaan en slegs sulke persone mag stem as wat die eienaars skriftelik genoem het as die persone wat hulle afgevaardig het om namens hulle te stem;

(*b*) as die belasbare grond aan die regering of 'n liggaam met regspersoonlikheid behoort, is die persoon wat behoorlik kragtens 'n spesiale volmag van die Minister of deur die liggaam met regspersoonlikheid (al na die geval) gemagtig is, geregtig om ten opsigte van daardie grond te stem, en hy stem asof hy die eienaar was en volgens dieselfde skaal as wat op die eienaar van toepassing is.

(2) Elkeen wat stemreg uitoefen, moet volgens die volgende skaal stem, d.w.s.; as die besproeibare oppervlakte ten opsigte waarvan hy geregtig is om te stem, nie meer as vyf morge groot is nie, het hy, ten opsigte van elke vakature wat by die verkiesing gevul moet word, een stem, en vir elke addisionele vyf morge of gedeelte daarvan, een addisionele stem, maar geen kieser mag meer as tien stemme op een besondere kandidaat uitbring nie.

Hersiening van kieserslys.

3. Die kieserslys wat deur die Administrasie-ingenieur opgestel is, moet vir elke jaar waarin 'n verkiesing van een of meer lede van die komitee gehou word, hersien word en wel op die volgende manier:—

4. Onmiddellik nadat die Administrasie-ingenieur die lys opgestel het en vir doeleindes van 'n latere hersiening daarvan, maak die Minister deur advertensie in die *Staatskoerant* en op so'n ander wyse as wat hy van tyd tot tyd wenslik ag, bekend dat vanaf 'n bepaalde datum, 'n afskrif van die lys in die kantore van die Administrasie-ingenieur en die Magistraat ter insae sal lê. Die lys moet daarna vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die bepaalde datum gedurende die gewone werksure vir insae beskikbaar wees. Die kennisgewing moet ook vermeld dat op 'n sekere datum en op 'n uur en plek daarin genoem aansprake wat in die kieserslys ingevoeg sal word of besware teen enige name wat daarin opgeneem is, verhoor en deur die Magistraat ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies beslis sal word.

5. Op die aangekondigde datum moet die Magistraat in die ope hof alle aansprake en besware verhoor en wat daar en dan daaroor beslis en uitspraak gee, of hy mag na goeddunke die hofsitting van tyd tot tyd verdaag as hy dit nodig ag.

6. By die ondersoek van en uitspraak in verband met aansprake en besware, moet die Magistraat gelei word deur die volgende voorskrifte, bepalings en oorwegings; d.w.s., hy moet—

(*a*) die naam van elke persoon ten opsigte van wie daar bevredigende bewys aan die Magistraat gelewer is dat so'n persoon wettiglik en behoorlik in die kieserslys opgeneem kan word, invoeg;

(*b*) behalwe in gevalle van dood, die name van alle persone ten opsigte van wie geen besware gemaak is nie, op die lys behou;

(*c*) die naam van elke persoon teen wie besware ingebring is op die lys behou, tensy die persoon wat beswaar maak persoonlik verskyn, of deur iemand wat skriftelik deur hom gemagtig is, verteenwoordig word en die beswaar deur bevredigende bewys aan die Hof staaf;

(*d*) die naam van die persoon teen wie beswaar ingebring is, alleen skrap ingeval die beswaar bevredigend bewys is;

(*e*) die naam van enige persoon van wie bewys is dat hy dood is, van die kieserslys skrap;

(*f*) enige onjuistheid of *bona fide* fout of weglating wat in die kieserslys mag voorkom, verbeter.

Qualification of Members of Advisory Committee.

7. No person whose name is not on the voters' list or whose rates are in arrear for three months or more at the date of his proposed election shall be eligible for election as a member of the committee.

Election of Members of Committee.

8. The duties of returning officer at an election of members of the committee shall be performed by the Magistrate.

9. The returning officer shall, in regard to each general election, by notice published in the *Gazette* and some newspaper or newspapers circulating in the district, fix and appoint the day, hour, and places where polling for such election shall take place; provided that such notice shall be published as hereinbefore mentioned for not less than one month before the day named in the notice for the general election.

10. Upon the day appointed as aforesaid for the election of members of the committee, the returning officer shall hold a public court for the nomination of persons proposed as members of the committee. Every such person shall be nominated by some qualified voter and shall be seconded by some other qualified voter. If the number of persons so proposed be not greater than the number of members to be elected, then the persons so proposed shall then and there be declared to be duly elected, and their names shall forthwith be published in the *Gazette* as the duly elected members of the committee.

11. In cases where the number of persons proposed shall exceed the number of members to be elected, the provisions of regulations 11 to 18 of Part IV of the regulations framed under the Irrigation and Conservation of Waters Act, 1912 (Act No. 8 of 1912), and published under Government Notice No. 1692 in the *Gazette* of the 9th December, 1912, as amended by Government Notices Nos. 870 of 6th July, 1917, 1271 of the 28th September, 1917, 1298 of the 29th July, 1925 and 889 of the 29th June, 1934, shall apply *mutatis mutandis*.

12. If a member of the committee ceases to possess the qualifications which would render him eligible to have his name included in the voters' list if a new list were at that time framed, or if he dies or resigns or absents himself from four consecutive meetings of the committee without having previously obtained the leave thereof, his office shall become vacant.

As often as such vacancy occurs, the regulations relating to the general election of members shall apply, *mutatis mutandis*, to the election of a member to fill the casual vacancy; provided that the date to be fixed for the election to fill a casual vacancy shall be in the discretion of the returning officer.

13. Every retiring member shall, if qualified in terms of these regulations, be eligible for re-election.

Procedure to be followed at Meetings of the Committee.

14. The committee shall meet once every third month at a place and hour fixed by the Director from time to time; provided that the chairman of the committee may convene special meetings at any other time, should he consider that special circumstances necessitate such meetings.

15. Every meeting of the committee shall be convened by the chairman, or officer appointed by him, by written notice sent by post to each member of the committee at his usual address. The notice shall specify the date, hour and place of such meeting and include a copy of the agenda to be considered thereat.

16. All questions for the consideration of the committee at any meeting shall be decided by a majority of the members present at such meeting, and in case of an equality of votes, the chairman shall have a casting vote in addition to his deliberate vote. The names of all members present at each meeting shall be recorded in a minute book to be kept for the purpose by the secretary of the committee.

The chairman shall decide whether it is competent for the committee to discuss any subject matter not on the agenda introduced by a member thereof and the chairman's decision shall be final.

17. On all other points of procedure it shall be in the discretion of the chairman to be guided by those provisions of Part IV of the regulations referred to in regulation 11, which relate to the procedure to be followed by irrigation boards at meetings thereof.

PART C.

REGULATIONS FRAMED UNDER PARAGRAPHS (*a*) AND (*d*) OF SUBSECTION (1) OF SECTION *ten* OF THE ACT, PRESCRIBING THE METHOD OF PREPARING A SCHEDULE OF IRRIGABLE AREAS AND OF LEVYING AND RECOVERING IRRIGATION RATES ON LAND WHICH IS IRRIGABLE OR BENEFITS DIRECTLY OR INDIRECTLY BY WATER FROM THE WORKS.

Preparation of Schedule of Irrigable Areas.

1. The Minister shall determine, in such manner as he may deem fit; the extent of the land comprised in every piece of land within the area described in paragraph (*a*) of the Second Schedule to the Act, which may be irrigated by means of

Kwalifikasies van lede van raadgewende komitee.

7. Niemand wie se naam nie op die kieserslys voorkom nie of wie se belastings op die datum van sy voorgestelde verkiesing vir drie maande of meer agterstallig is, is bevoeg om as lid van die komitee verkies te word.

Verkiesing van lede van die komitee.

8. Die pligte van kiesbeampte by 'n verkiesing van lede van die komitee moet deur die magistraat waargeneem word.

9. Die kiesbeampte moet, vir doeleindes van elke algemene verkiesing, deur kennisgewing in die *Staatskoerant* en 'n nuusblad of nuusblaaie wat in die distrik in omloop is, die dag, uur en plekke vasstel en bepaal waar die stemming so'n verkiesing sal plaasvind; met dien verstande dat so'n kennisgewing soos voornoem nie minder as een maand voor die dag genoem in die kennisgewing vir die algemene verkiesing, gepubliseer moet word nie.

10. Op die dag wat soos voornoem vir die verkiesing van lede van die komitee bepaal is, moet die kiesbeampte 'n openbare hof hou vir die nominasie van persone wat voorgestel is as lede van die komitee. Iedere sodanige persoon moet deur 'n bevoegde kieser genomineer en deur 'n ander bevoegde kieser gesekondeer word. As die getal persone wat voorgestel is nie meer is as die getal lede wat verkies moet word nie, moet die voorgestelde persone daar en dan as behoorlik verkose verklaar en hul name onverwyld in die *Staatskoerant* as die behoorlik verkose lede van die komitee gepubliseer word.

11. In gevalle waar die getal voorgestelde persone meer is as die getal lede wat verkies moet word, is die bepalings van regulasies 11 tot 18 van Deel IV van die regulasies opgestel ingevolge die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, 1912 (Wet No. 8 van 1912), en gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1692 in die *Staatskoerant* van 9 Desember 1912, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 870 van 6 Julie 1917, 1271 van 28 September 1917, 1298 van 29 Julie 1925, en 889 van 29 Junie 1934, *mutatis mutandis* van toepassing.

12. As 'n lid van die komitee nie meer die kwalifikasies besit wat vereis word vir die opname van sy naam in 'n kieserslys indien 'n nuwe lys op daardie tydstip opgestel sou word, of as hy sterf of bedank of van vier agtereenvolgende vergaderings van die komitee sonder voorafgaande verlof afwesig is, word sy lidmaatskap as beëindig beskou.

So dikwels as wat so'n vakature ontstaan, is die regulasies wat op die algemene verkiesing van lede betrekking het *mutatis mutandis* van toepassing op die verkiesing van 'n lid om die toevallige vakature te vul; met dien verstande dat die datum wat vir die verkiesing in die geval van 'n toevallige vakature vasgestel moet word, aan die goeddunke van die kiesbeampte oorgelaat word.

13. Iedere aftredende lid is herkiesbaar indien hy volgens die bepalings van hierdie regulasies die vereiste kwalifikases besit.

Prosedure wat by komitee vergaderings gevolg moet word.

14. Die komitee moet eenmaal elke drie maande vergader op 'n plek en uur wat van tyd tot tyd deur die direkteur bepaal moet word; met dien verstande dat die voorsitter van die komitee spesiale vergaderings op enige ander tyd kan belê as hy van mening is dat spesiale omstandighede sulke vergaderings noodsaaklik maak.

15. Elke vergadering van die komitee moet deur die voorsitter of 'n beampte wat deur hom aangestel is deur skriftelike kennisgewing per pos aan elke lid van die komitee aan sy gewone adres belê word. Die kennisgewing moet die datum, uur en plek van so'n vergadering aangee, en moet vergesel gaan van 'n afskrif van die agenda wat op die vergadering oorweeg sal word.

16. Alle vraagstukke wat vir oorweging deur die komitee by enige vergadering voorgelê word, moet deur 'n meerderheid van die lede by so'n vergadering beslis word en ingeval van 'n staking van stemme, het die voorsitter 'n beslissende stem benewens sy beraadslagende stem. Die name van al die lede wat elke vergadering bywoon moet in 'n notuleboek, wat vir dié doel deur die sekretaris van die komitee gehou word, opgeteken word.

Die voorsitter moet besluit of die komitee bevoeg is om 'n saak wat nie op die agenda voorkom nie, maar wat deur 'n lid van die Komitee voorgestel is, te bespreek, en die voorsitter se besluit is finaal.

17. Op alle ander punte in verband met die prosedure kan die voorsitter hom na goeddunke deur daardie bepalings van deel IV van die regulasies, waarna in regulasie 11 verwys word, en wat op die prosedure wat by vergaderings van besproeiingsrade gevolg word, betrekking het, laat lei.

DEEL C.

REGULASIES OPGESTEL INGEVOLGE PARAGRAWE (*a*) EN (*d*) VAN SUBARTIKEL (1) VAN ARTIKEL *tien* VAN DIE WET, VIR DIE VASSTELLING VAN DIE METODE WAT GEVOLG MOET WORD BY DIE OPSTEL VAN 'N LYS VAN BESPROEIBARE GROND EN BY DIE HEFFING EN INVORDERING VAN BESPROEIINGSBELASTINGS OP GROND WAT BESPROEIBAAR IS OF WAT DIREK OF INDIREK DEUR WATER VAN DIE WERKE BEVOORDEEL WORD.

Opstel van lys van besproeibare oppervlaktes.

1. Die Minister stel op 'n manier wat hy goed dink die grootte vas van die grond wat begrepe is in elke stuk grond binne die gebied wat beskryf is in paragraaf (*a*) van die Tweede Bylae van die Wet, wat besproei mag word deur

water from the works, and shall cause to be prepared a schedule in respect of every such area setting forth—

(*a*) a description of every piece of land in that area;

(*b*) the extent of every such piece of land;

(*c*) particulars of the title deed according to which that piece of land was last transferred;

(*d*) the name of the owner of that piece of land; and

(*e*) the extent of the land forming part of that piece of land in respect of which water may be supplied from the works.

2. The Minister may at any time extend or reduce the extent of the land, forming part of any piece of land which is, in terms of a determination made by him under regulation 1 to be irrigated by means of water from the works, and shall in that event cause the necessary amendments to be made to the schedule prepared under that regulation in respect of the area to be so irrigated.

3. The schedule prepared in terms of regulation 1 shall lie in the office of the Administration Engineer and shall be open to inspection, free of charge, by any person interested.

Assessment of Rates.

4. Irrigation rates shall be assessed by the Minister each year (hereinafter referred to as an assessment year) per morgen of scheduled irrigable land in respect of which water is supplied from the works.

5. When an irrigation rate has been assessed, notification thereof shall be given in the *Gazette*, and in a newspaper or newspapers circulating in the district.

Preparation of Assessment Roll.

6. As soon as may be after an irrigation rate has been assessed the Director shall cause to be prepared an assessment roll specifying the assessment year in respect of which such rate has been assessed and, in respect of each person liable to pay irrigation rates, the name of that person, the land in respect of which such rate is assessed, the number of morgen rateable, the rate per morgen, and the total amount payable by that person.

7. A copy of the assessment roll shall lie in the office of the Administration Engineer, and shall be open to inspection, free of charge, by any person interested.

Notification of Rate.

8. A notice shall be posted in a conspicuous place at the office of the Administration Engineer to the effect that an irrigation rate has been assessed. Such notice shall state the assessment year in respect of which the rate has been assessed and shall contain the particulars of the rate and the time when and the place where the rate is payable.

9. The Administration Engineer shall send a notice of assessment, in which the details referred to in regulations 6 and 8 shall be specified, to each person liable for irrigation rates, but the non-receipt of such notice shall not relieve any person of the obligation to pay the rate at the place and on the date so specified.

Period of Assessment Year.

10. An assessment year shall begin on the first day of April and end on the succeeding thirty-first day of March but the full rate levied for an assessment year shall be due on the thirty-first day of December preceding the end of that year.

Penalties.

11. Failure to pay the rate due on or before the day referred to in regulation 8 shall render owners liable to have their supply of irrigation water cut off without notice, and the Director may take such further steps for the recovery of the debt as he may deem fit.

auctioneer are not obtainable. If after satisfying the execution creditor there are surplus proceeds of such property, such deposit shall be returned to the depositor, but if there is not such a surplus such deposit shall, as far as may be necessary, be applied in payment of the auctioneer's fees and expenses.

(*c*) If two or more such notices are given, the first shall have the preference.

(10) The sale shall be by public auction without reserve and the property shall, subject to the provisions of sub-section (2) of section *sixty-six* of the Act and to the other conditions of sale, be sold to the highest bidder.

(11) The sale shall be held in front of the court house of the district and in the presence of a judicial officer or such person as he may appoint, whose certificate that such sale was duly and properly conducted and of the name of the execution debtor and of the purchaser and of the amount of the purchase price shall be conclusive evidence thereof: Provided that when the sale is in execution of a judgment of a periodical court, the judicial officer may authorise that the sale be held before the court house in the presence of such person as he may appoint.

(12) Where the said property is situate in a district other than that in which the judgment was given, the sale of the said property shall be effected by the messenger of the court of the district in which it is situate in the manner provided by this rule.

(13) Upon receipt of the certificate referred to in sub-rule (11) the messenger shall give transfer to the purchaser against payment of the purchase money and upon performance of the conditions of sale and may for that purpose do anything necessary to effect registration of transfer, and anything so done by him shall be as valid and effectual as if he were the owner of the property

(14) (*a*) The messenger shall not pay out the purchase money until transfer has been given to the purchaser. The messenger shall forthwith pay into court all monies received by him in respect of the purchase price.

(*b*) The messenger shall immediately after the sale, prepare in order of preference as hereinafter provided in this rule, a plan of distribution of the purchase money received. The plan shall lie in his office for inspection of persons having an interest therein (unless they shall signify in writing their agreement to the said plan) for a period of fourteen days.

A copy of such plan shall be lodged with the clerk of the court.

(*c*) After deduction from the purchase money of the costs of execution, the following shall be the order of preference:—

(i) the claims of any creditors ranking in priority to the judgment creditor in their legal order of preference;

(ii) the claims of the judgment creditor to the extent of his judgment plus costs;

(iii) the claims of other creditors secured in respect of that property in their legal order of preference.

(*d*) Any person having an interest in such plan and objecting thereto shall, within fourteen days, give notice in writing to the messenger, clerk of the court and all other persons having an interest therein of the particulars of his objection and may bring such plan before the court for review.

(*e*) Such review shall be on four days notice to the persons mentioned in paragraph (*d*).

(*f*) The court, on review, may hear and determine the matter in dispute in a summary way and may thereafter amend or confirm the plan of distribution or may make such order as may be just.

(*g*) If—

(i) no objection be lodged to such plan; or

(ii) the persons having an interest signify their concurrence therewith; or

(iii) the plan is confirmed on review,

the clerk of the court shall, on production of evidence that transfer has been given to the purchaser, pay to the messenger the amount paid into court under paragraph (*a*).

(*h*) When the messenger has received such amount from the clerk of the court, he shall pay it out in accordance with the plan of distribution and any surplus shall, subject to section *seventy-one* of the Act, be paid to the judgment debtor, if he can be found, and if he cannot be found, into court.

(15) The messenger shall when endorsing on or annexing to the warrant the result of the execution required by sub-rule (4) of rule 3, show also the disposal of the amount recovered by him, supported by the receipts of the judgment creditor and of the person entitled to the balance, if any.

INTERPLEADER.

41. (1) Relief by way of interpleader may be granted—

(i) where the person seeking relief (in this rule called "the applicant") is under any liability for any debt, money or movable property, for or in respect of which he is or expects to be sued by two or more parties (in this rule called "the claimants") making adverse claims thereto;

(ii) where the applicant is the messenger of the court and claim is made to any property attached by him in

doening van die eis van die eksekusieskuldeiser 'n oorskot uit die opbrings van die goed, word die gestorte bedrag terugbetaal aan die persoon wat dit gestort het, maar as daar nie so'n oorskot is nie, word so'n bedrag vir sover nodig aangewend vir die betaling van die afslaersgelde en die koste.

(*c*) In die geval van twee of meer sulke kennisgewings het die eerste voorkeur.

(10) Die verkoop geskied by wyse van openbare veiling sonder voorbehoud en, onderworpe aan die bepalings van subartikel (2) van artikel *ses-en-sestig* van die Wet en aan die ander verkoopsvoorwaardes, word die goed op die hoogste bieër toegeslaan.

(11) Die verkoop vind plaas voor die hofgebou van die distrik en in die teenwoordigheid van 'n regterlike amptenaar of van iemand wat hy mag benoem, en sy sertifikaat dat die verkoop behoorlik gehou is en betreffende die naam van die eksekusieskuldenaar, van die koper en die bedrag van die koopsom is afdoende bewys daarvan: met dien verstande dat indien die verkoop ter tenuitvoerlegging van 'n vonnis van 'n periodieke hof is, die regterlike amptenaar magtiging kan verleen dat die verkoop plaasvind voor die hofgebou in die teenwoordigheid van iemand wat hy benoem het.

(12) Wanneer genoemde goed in 'n ander distrik as dié waarin die vonnis gevel is, geleë is, word dit deur die bode van die distrik waarin dit geleë is volgens voorskrif van hierdie reël verkoop.

(13) By ontvangs van die sertifikaat vermeld in subreël (11), gee die bode transport aan die koper teen betaling van die koopsom en by nakoming van die verkoopsvoorwaardes en kan hy vir die doel alle handelinge verrig wat nodig is om die registrasie van die transport te bewerkstellig, en 'n handeling aldus deur hom verrig word beskou ewe geldig en doeltreffend te wees asof hy die eienaar van die goed was.

(14) (*a*) Voor en aleer die koper transport van die goed ontvang het, betaal die bode nie die koopsom uit nie. Die bode moet onverwyld alle gelde wat hy ten opsigte van die koopprys ontvang het geregtelik inbetaal.

(*b*) Onmiddellik na die verkoop moet die bode in orde van voorrang soos hierna in hierdie reël bepaal 'n staat opstel waarvolgens die koopsom wat ontvang is gedistribueer moet word. Die staat moet in sy kantoor lê vir insae deur persone wat daarby belang het (tensy hulle skriftelik te kenne gee dat hulle met voornoemde staat instem) vir 'n tydperk van 14 dae.

'n Afskrif van voornoemde staat moet by die klerk van die hof ingedien word.

(*c*) Nadat die eksekusiekoste van die koopsom afgetrek is, is die orde van voorrang as volg—

(i) Die eise van enige skuldeisers wat voorkeur het bo die vonnisskuldeiser in hul wetlike voorrangsorde;

(ii) die eise van die vonnisskuldeiser in soverre hy daarvoor vonnis verkry het, plus koste;

(iii) Die eise van ander skuldeisers, waarvan die betaling ten opsigte van daardie goed gedek is, in hul wetlike voorrangsorde.

(*d*) Enigeen wat by so'n staat belang het en beswaar daarteen maak, moet binne 14 dae skriftelik aan die bode, klerk van die hof en alle ander belanghebbendes kennis gee van die besonderhede van sy beswaar en kan so'n staat aan die hof vir hersiening voorlê.

(*e*) Sodanige hersiening geskied met 4 dae kennisgewing aan die persone vermeld in paragraaf (*d*).

(*f*) By hersiening kan die hof die saak in geskil summier verhoor en beslis en kan dan die distribusiestaat wysig of bekragtig of sodanige bevel gee as wat billik mag wees.

(*g*) Indien—

(i) geen beswaar teen so'n staat ingedien word nie; of

(ii) die persone wat daarby belang het hul instemming daarmee betuig; of

(iii) die staat by hersiening bekragtig word, moet die klerk van die hof by voorlegging van bewys dat transport aan die koper gegee is, die bedrag wat ingevolge paragraaf (*a*) geregtelik inbetaal is, aan die bode betaal.

(*h*) Wanneer die bode sodanige bedrag vanuit die klerk van die hof ontvang het, moet hy dit volgens die distribusiestaat uitbetaal en behoudens die bepalings van artikel *een-en-sewentig* van die Wet moet enige oorskot aan die vonnisskuld naar betaal word indien hy gevind kan word, en as hy nie gevind kan word nie, moet die oorskot geregtelik inbetaal word.

(15) Wanneer die bode ooreenkomstig subreël (4) van reël 3 die uitslag van die eksekusie op die lasbrief endosseer of daarby aanheg moet hy ook vermeld hoe oor die bedrag wat hy ingevorder het beskik is en sy opgawe staaf met die kwitansies van die vonnisskuldeiser en van die persoon wat op die saldo, as daar een is, geregtig is.

TUSSENPLEITGEDING.

41. (1) Verligting kan by wyse van 'n tussenpleitgeding verleen word—

(i) waar op die persoon wat om verligting aansoek doen (in hierdie reël die applikant genoem) 'n verpligting rus ter sake van enige skuld, geld of roerende goed, waarvoor of ten opsigte waarvan hy gedagvaar is of verwag om gedagvaar te word, deur twee of meer partye (in hierdie reël die eisers genoem) wat teenstrydige aansprake daarop maak;

(ii) waar die geregsbode die applikant is en die goed waarop hy kragtens 'n geregtelike prosesstuk vir eksekusie

execution under any process of the court, or to the proceeds or value of any such property, by any person other than the person against whom the process issued, and the execution creditor has not after notice admitted the claim in manner provided by sub-rule (5) of rule 36;

(iii) when the execution creditor has not admitted the claim as provided in sub-rule (5) of rule 36, within two days after he has notice thereof, the messenger shall forthwith prepare and sue out a summons in the form No. 40.

(2) An applicant other than the messenger shall annex to the summons sued out in terms of sub-rule (3) an affidavit setting out—

(i) that he claims no interest in the subject matter in dispute other than for charges or costs; and

(ii) that he does not collude with any of the claimants; and

(iii) that he is willing to pay or transfer the subject matter into court or dispose of it as the court may direct.

(3) (*a*) The applicant may take out a summons calling upon the claimants to appear and state the nature and particulars of their claims, and either to maintain or relinquish them.

(*b*) When the applicant is the messenger the clerk of the court shall sign and issue the interpleader summons without fee, but when the judgment is delivered, the court shall direct which party shall pay the fee, and such party shall thereupon pay to the clerk of the court the appropriate fee provided in item 1 (1) (*a*) or (*b*) or Table D.

(4) If a claimant does not appear in pursuance of the summons or having appeared neglects or refuses to comply with any order made after his appearance, the court may make an order declaring him and all persons thereafter claiming under him barred against the applicant; but the order shall not affect the rights of the claimants between themselves.

(5) If one or more claimants appear in pursuance of the summons, the court may—

(i) order any such claimant to state, orally or in writing on oath or otherwise, as to the court may seem expedient, the nature and particulars of his claim;

(ii) order that the matters in issue shall be tried on a day to be appointed for that purpose;

(iii) order which of the claimants shall be plaintiff and which defendant for the purpose of trial; or

(iv) try the matters in dispute in a summary manner.

(6) Where the matters in issue are tried, whether summarily or otherwise, the provisions of rule 28 as to the trial of an action shall mutatis mutandis apply.

(7) The court may, in and for the purpose of any interpleader proceedings, make all such orders as to any additional expenses of execution occasioned by the claim as may be just, and may make such order as may be just as to the payment of costs incurred by the applicant.

ENQUIRY INTO FINANCIAL POSITION OF DEBTOR.

42. (1) When the judgment referred to in sub-section (1) of section *sixty-five* of the Act has been given in any court other than the court of the district in which the application is being made, the clerk of the court shall not issue the notice until there is lodged with him a copy of the judgment of such other court duly certified by the clerk of such court.

(2) The warrant referred to in sub-section (7) of section *sixty-five* of the Act shall be prepared by the judgment creditor and signed by the clerk of the court. No fees shall be claimable as between party and party by the judgment creditor for the prepration and issue of such order unless the court shall find that the defendant wilfully absented himself from the hearing.

(3) The court may at the request of the judgment creditor or for good cause stay the execution of any warrant issued under sub-rule (2).

(4) No costs as between party and party shall be recoverable in respect of any proceedings under section *sixty-five* of the Act unless the court finds that the debtor has executable property or that he is in a position to pay the judgment in full at once or by instalments, and if the last, that he has not, previous to the proceedings, made an offer to pay by instalments, which the court finds reasonable in all the circumstances.

ATTACHMENT OF A DEBT BY GARNISHEE ORDER.

43. (1) An application for an attachment of a debt shall be made on notice to the judgment debtor and to the garnishee supported by an affidavit setting out—

(i) that the applicant has obtained judgment against the judgment debtor in a magistrate's court, that the said judgment does not arise out of any of the provisions referred to in section *eighteen* of the Hire-Purchase Act, No. 36 of 1942, and that the said section *eighteen* is not applicable;

(ii) that such judgment is still unsatisfied, naming the amounts still payable thereunder;

(iii) that no order under section *seventy-four* of the Act has been made, or if such an order has been made that the same has not been complied with;

(iv) that the garnishee resides, carries on business or is employed within the district;

beslag lê of die opbrings of waarde van daardie goed deur iemand anders as die persoon teen wie die prosesstuk uitgereik is, geëis word, en die eksekusieskuldeiser nie na kennisgewing volgens voorskrif van subreël (5) van reël 36 die eis erken het nie;

(iii) wanneer die eksekusieskuldeiser nie volgens voorskrif van subreël (5) van reël 36 binne 2 dae nadat hy kennis daarvan ontvang het, die eis erken het nie, moet die bode onverwyld 'n dagvaarding volgens vorm No. 40 opstel en uitneem

(2) 'n Ander applikant as die bode moet aan die dagvaarding wat ooreenkomstig subreël (3) uitgeneem is, 'n beëdigde verklaring heg waarin verklaar word—

(i) dat hy nie aanspraak maak op enige belang in die voorwerp waaroor dit gaan nie, behalwe wat betref koste; en

(ii) dat hy nie met enigeen van die eisers saamspan nie; en

(iii) dat hy bereid is om die voorwerp geregtelik in te betaal of oor te dra of ooreenkomstig die voorskrif van die hof daaroor te beskik.

(3) (*a*) Die applikant kan by dagvaarding die eisers oproep om te verskyn en die aard en besonderhede van hulle eise uit een te sit en die eise of te verdedig of prys te gee.

(*b*) Wanneer die applikant die bode is, moet die klerk van die hof die tussenpleitdagvaarding onderteken en gratis uitreik, maar wanneer vonnis gevel word, gelas die hof watter party die gelde moet betaal en daardie party moet vervolgens die toepaslike gelde wat in item 1 (1) (*a*) of (*b*) of Tabel D voorgeskryf is, aan die klerk van die hof betaal.

(4) Indien 'n eiser nie ingevolge die dagvaarding verskyn nie of nadat hy verskyn het versuim of weier om aan enige bevel wat na sy verskyning gegee is, te voldoen, kan die hof 'n bevel gee wat hom, sowel as sy regopvolgers, van die eis teen die applikant uitsluit; so 'n bevel maak egter geen inbreuk op die onderlinge regte van die eisers nie.

(5) Wanneer een of meer eisers ingevolge die dagvaarding verskyn, kan die hof—

(i) enige sodanige eiser gelas om mondelings of skriftelik onder eed of andersins, of na die hof wenslik ag, die aard en besonderhede van sy eis uiteen te sit;

(ii) gelas dat die geskilpunte verhoor word op 'n dag wat daarvoor bepaal word;

(iii) gelas wie van die eisers by die verhoor as eiser en wie as verweerder moet optree; of

(iv) die geskilpunte summier verhoor.

(6) Wanneer die geskilpunte verhoor word, hetsy summier of andersins, is die bepalings van reël 28 betreffende die verhoor van 'n aksie *mutatis mutandis* van toepassing.

(7) By en vir doeleindes van 'n tussenpleitgeding kan die hof al sulke bevele gee betreffende verdere eksekusiekoste wat deur die eis meegebring is as wat billik mag wees, asook 'n billike bevel betreffende die betaling van koste wat deur die applikant aangegaan is.

ONDERSOEK NA GELDELIKE TOESTAND VAN SKULDENAAR.

42 (1) Wanneer die vonnis waarna in subartikel (1) van artikel *vyf-en-sestig* van die Wet verwys word, gevel is in 'n ander hof as dié van die distrik waarin die aansoek gedoen word moet die klerk van die hof nie dié kennisgewing uitreik nie voordat 'n afskrif van die vonnis van so'n ander hof, wat behoorlik deur die klerk van daardie hof gewaarmerk is, by hom ingedien is.

(2) Die lasbrief waarna in subartikel (7) van artikel *vyf-en-sestig* van die Wet verwys word, moet deur die vonnisskuldeiser opgestel en deur die klerk van die hof onderteken word. Geen gelde tussen party en party kan deur die vonnisskuldeiser vir die opstel en uitreiking van so'n bevel gevorder word nie tensy die hof bevind dat die verweerder opsetlik van die verhoor weggebly het.

(3) Op versoek van die vonnisskuldeiser en om 'n gegronde rede kan die hof die tenuitvoerligging van enige lasbrief wat ingevolge subreël (2) uitgereik is, opskort.

(4) Geen koste tussen party en party is ten opsigte van enige verrigtinge ingevolge artikel *vyf-en-sestig* van die Wet verhaalbaar nie tensy die hof bevind dat die skuldenaar goedere het wat vir eksekusie vatbaar is of dat hy in die vermoë is om die vonnis dadelik ten volle of in paaiemente te betaal en, indien laasgenoemde die geval is, dat hy nie, voor die verrigtinge, 'n aanbod om in paaiemente te betaal, wat die hof redelik in al die omstandighede vind, gemaak het nie.

BESLAGLEGGING OP 'N SKULD DEUR SKULDBESLAGORDER.

43. (1) 'n Aansoek om beslaglegging op skuld word gedoen by kennisgewing aan die vonnisskuldenaar en die beslagskuldenaar, gesteun deur 'n beëdigde verklaring waarin vermeld word—

(i) dat die applikant in 'n magistraatshof vonnis teen die vonnisskuldenaar verkry het, dat so'n vonnis nie ontstaan uit die bepalings waarna in artikel *agtien* van die Wet op Huurkoop, No. 36 van 1942, verwys word en dat voornoemde artikel *agtien* nie van toepassing is nie;

(ii) dat die vonnis nog onvoldaan is, met vermelding van die bedrae wat nog daaronder betaalbaar is;

(iii) dat geen bevel kragtens artikel *vier-en-sewentig* van die Wet gegee is nie, of indien so'n bevel wel gegee is, dat nie daaraan voldoen is nie;

(iv) dat die beslagskuldenaar in die distrik woonagtig is, daarin besigheid dryf of daarin werksaam is;

(v) that the garnishee is or will be indebted to the judgment debtor; and

(vi) that sufficient means will, after satisfaction of the order, be left to the judgment debtor to maintain himself and those dependent on him.

(2) Unless the judgment was obtained in the court in which the application is made, a certified copy of such judgment shall be annexed to the affidavit.

(3) If in open court the judgment debtor admits sufficient of the facts set out in sub-rule (1) of this rule to warrant an attachment being granted, such admissions shall be recorded and application for a garnishee order may be made orally without an affidavit.

(4) Upon such application the court may require such further evidence as it shall see fit.

(5) Upon such application the court may order the garnishee to pay to the messenger so much of the debt at present or in future owing and accruing from him to the debtor as may be sufficient to satisfy the said judgment together with the costs of the garnishee proceedings (including the costs of service) or failing such payment to appear before the court on a day to be named in the said order and show cause why he should not pay such debt.

(6) The clerk of the court shall note upon the face of such order the day and hour at which it was made.

(7) Such order shall be served upon the garnishee and upon the judgment debtor and shall operate as an attachment of the said debt in the hands of the garnishee.

(8) The judgment debtor shall appear on the day fixed for the hearing of the application but may not question the correctness of the judgment on which the application is based.

(9) If the garnishee does not dispute his indebtedness to the debtor, or allege that he has a set-off against the debtor, or that the debt sought to be attached belongs to or is subject to a claim by some other person, or if he shall not appear to show cause as mentioned in sub-rule (5), the court may order the garnishee to pay the debt (or such portion of it as the court may determine) to the messenger of the court on the dates set out in the said order; and should the garnishee make default, execution for the amount so ordered and costs of the said execution may be issued against the garnishee. Such execution shall be as nearly as possible in accordance with the provisions of rules 34 to 40.

(10) If the garnishee disputes his liability to pay the said debt or alleges that he has any other defence, set off or claim in reconvention which would be available to him if he were sued for the said debt by the judgment debtor, the court may order the garnishee to state, orally or in writing, on oath or otherwise, as to the court may seem expedient, the particulars of the said debt and of his defence thereto and may either hear and determine the matters in dispute in a summary way or may order—

(i) that the matters in issue shall be tried under the ordinary procedure of the court; and

(ii) that, for the purpose of such trial, the judgment creditor shall be plaintitff and the garnishee defendant or vice versa.

(11) If the garnishee alleges that the said debt belongs to or is subject to a claim by some other person, the court may order such other person to appear and state the nature and particulars of his claim and either to maintain or relinquish it and may deal with the matter as if the judgment creditor and such other person were claimants in interpleader under rule 41.

(12) If the judgment debtor alleges that the judgment has been satisfied or is for some other reason not operative against him, or that the garnishee is not indebted to him, the court may try the issue summarily.

(13) After hearing the parties or such of them as appear, the court may—

(*a*) order payment by the garnishee in terms of sub-rule (5);

(*b*) declare the claims of any person to the debt attached to be barred;

(*c*) dismiss the application;

(*d*) make such other order as may be just.

ATTACHMENT OF EMOLUMENTS BY GARNISHEE ORDER.

44. (1) Application for the attachment of emoluments shall be on notice to the judgment debtor and the garnishee. Such notice shall operate as an attachment of the emoluments in the hands of the garnishee.

(2) The notice shall set forth the particulars specified in paragraphs (i), (ii), (iii), (iv) and (vi) of sub-rule (1) of rule 43, and in addition that emoluments are, or will in future be owing or accruing to the judgment debtor by the garnishee.

(3) At the hearing of the application the court may, subject to the provisions of section *seventy-two* of the Act, order the garnishee to pay to the messenger out of emoluments accruing to the judgment debtor such sums at such future times as it may direct.

(v) dat die beslagskuldenaar by die vonnisskuldenaar in die skuld staan of sal staan; en

(vi) dat die vonnisskuldenaar, nadat aan die bevel voldoen is, genoeg middele sal hê om homself en sy afhanklikes te onderhou.

(2) Tensy die vonnis verkry is in die hof waarin die aansoek gedoen is, moet 'n gewaarmerkte afskrif van sodanige vonnis aan die beëdigde verklaring geheg word.

(3) Indien die vonnisskuldenaar in die ope hof voldoende van die feite aangegee in subreël (1) van hierdie reël erken om te regverdig dat 'n beslaglegging toegestaan word, moet sulke erkennings genotuleer en kan mondelings sonder beëdigde verklaring om 'n skuldbeslagorder aansoek gedoen word.

(4) Op so'n aansoek kan die hof sodanige verdere bewys verlang as wat hy goed dink.

(5) Op so'n aansoek kan die hof die beslagskuldenaar beveel om soveel van die skuld wat dan of in die toekoms deur hom verskuldig is of van hom toekom aan die skuldenaar, aan die bode te betaal as wat voldoende mag wees om genoemde vonnis, tesame met die koste van die skuldbeslagproses, met inbegrip van die dieningskoste, te dek, of om, by gebreke van sodanige betaling op 'n dag wat in genoemde bevel bepaal moet word voor die hof te verskyn en gronde aan te voer waarom hy voornoemde skuld nie sou betaal nie.

(6) Die klerk van die hof moet op die voorkant van so'n bevel, die dag en uur waarop dit toegestaan is, aanteken.

(7) So'n bevel moet op die beslagskuldenaar, asook op die vonnisskuldenaar, gedien word en het die uitwerking van 'n beslaglegging op gemelde skuld in hande van die beslagskuldenaar.

(8) Die vonnisskuldenaar moet op die dag wat vir die verhoor van die aansoek vasgestel is, verskyn, maar mag nie die juistheid van die vonnis waarop die aansoek berus in twyfel trek nie.

(9) Indien die beslagskuldenaar dit nie betwis dat die skuld deur hom aan die skuldenaar verskuldig is nie of nie beweer dat skuldvergelyking tussen hom en die skuldenaar plaasgevind het nie, of dat die skuld waarop beslaglegging verlang word, behoort aan of onderworpe is aan 'n eis deur iemand anders nie of indien die beslagskuldenaar nie verskyn om gronde aan te voer soos vermeld in subreël (5) nie, kan die hof die beslagskuldenaar beveel om die skuld (of so'n gedeelte daarvan as wat die hof bepaal) aan die geregsbode te betaal op die datums wat in voornoemde bevel aangegee is, en indien die beslagskuldenaar versuim om sulks te doen, kan 'n lasbrief vir eksekusie vir die bedrag wat aldus beveel is en die koste van die eksekusie teen die beslagskuldenaar uitgereik word. So'n eksekusie moet so na moontlik geskied ooreenkomstig die bepalings van reëls 34 tot 40.

(10) Betwis die beslagskuldenaar sy verpligting om die skuld te betaal of beweer hy dat hy 'n ander verweer, skuldvergelyking of eis in rekonvensie kan opwerp waarop hy hom sou kon beroep het as hy deur die vonnisskuldenaar vir genoemde skuld gedagvaar was, kan die hof die beslagskuldebeveel om mondelings of skriftelik, onder eed of andersins, al na die hof wenslik ag, die besonderhede van sodanige skuld en van sy verweer daarteen voor te lê en kan óf die geskilpunte summier verhoor en beslis, óf beveel—

(i) dat die geskilpunte volgens die gewone prosedure van die hof verhoor word; en,

(ii) dat vir doeleindes van so'n verhoor die vonnisskuldeiser as eiser moet optree en die beslagskuldenaar as verweerder, of ongekeerd.

(11) Indien die beslagskuldenaar beweer dat genoemde skuld behoort aan of onderworpe is aan 'n eis deur 'n ander persoon kan die hof so'n persoon gelas om te verskyn en die aard en besonderhede van sy eis voor te lê en dit óf te verdedig óf prys te gee en kan die saak behandel asof die vonnisskuldeiser en sodanige ander persoon eisers is in 'n tussenpleitgeding ingevolge reël 41.

(12) Indien die vonnisskuldenaar beweer dat aan die vonnis voldoen is of dat dit om 'n ander rede nie van krag teen hom is nie, of dat die beslagskuldenaar nie by hom in die skuld staan nie, kan die hof die geskilpunte summier verhoor.

(13) Nadat die hof die partye of dié van hulle wat verskyn, gehoor het, kan hy—

(*a*) betaling deur die beslagskuldenaar ooreenkomstig subreël (5) beveel;

(*b*) die aanspraak van enige persoon op die skuld onder beslag as vervalle verklaar;

(*c*) die aansoek afwys;

(*d*) so'n ander bevel gee as wat billik mag wees.

BESLAGLEGGING OP BESOLDIGING DEUR SKULDBESLAGORDER.

44. (1) Aansoek om beslaglegging op besoldiging word gedoen by kennisgewing aan die vonnisskuldenaar en die beslagskuldenaar. So 'n kennisgewing het die krag van 'n beslaglegging op die besoldiging wat in die hande van die beslagskuldenaar is.

(2) Die kennisgewing moet die besonderhede wat in paragrawe (i), (ii), (iii), (iv) en (vi) van subreël (1) van reël 43 uiteengesit is, aangee, en daarbenewens dat besoldiging dan of in die toekoms deur die beslagskuldenaar verskuldig is of van hom toekom aan die vonnisskuldenaar.

(3) By die verhoor van die aansoek kan die hof, met inagneming van die bepalings van artikel *twee-en-sewentig* van die Wet, beveel dat die beslagskuldenaar uit die besoldiging wat aan die vonnisskuldenaar toekom, sodanige bedrae op sodanige toekomstige datums as wat die hof mag gelas aan die bode betaal.

(4) If the garnishee fail to pay to the messenger the sums of money at the times specified in such order, the judgment creditor may, on notice to the garnishee, make application for an order that execution issue against the garnishee. The provisions of sub-rules (10) and (11) of rule 43 shall *mutatis mutandis* apply to such application.

(5) After hearing the parties the court may—

(i) dismiss the application;

(ii) order that execution issue against the garnishee in respect of any sums payable and unpaid and of any costs ordered to be paid by him;

(iii) order that the costs of the application be paid by either party;

(iv) postpone the application in terms of sub-section (7) of section *seventy-two* of the Act;

(v) make such other order as may be just.

ADMINISTRATION ORDERS.

45 (1) Should the administrator be a government official the remuneration referred to in sub-section (11) of section *seventy-four* of the Act shall accrue to the State.

(2) All proceedings under the said section shall be in chambers.

(3) Proceedings for the suspension variation or rescission of an administration order may be instituted by any interested party on application.

REVIEW OF JUDGMENTS AND ORDERS.

46. (1) Any party to an action in which a default judgment is given may within one month after such judgment has come to the knowledge of the party against whom it is given apply to the court to rescind or vary such judgment.

(2) Every such application shall be on affidavit which shall set forth shortly the reasons why the applicant did not appear and the grounds of defence to the action or proceeding in which the judgment was given or of objection to the judgment.

(3) Save where leave has been given to defend as a pro Deo litigant under rule 7, no such application shall be set down for hearing until the applicant has paid into court, to abide the directions of the court, the amount of the costs awarded against him under such judgment and also the sum of two pounds as security for the costs of the application:

Provided that the judgment creditor may by consent in writing lodged with the clerk of the court waive compliance with this requirement.

(4) Unless the applicant proves the contrary, it shall be presumed that he had knowledge of such judgment within two days after the date thereof.

(5) The court may on hearing of any such application, unless it is proved that the applicant was in wilful default and if good cause be shewn rescind or vary the judgment in question and may give such directions and extensions of time as may be necessary in regard to the further conduct of the action or application.

(6) The court may also make such order as may be just in regard to moneys paid into court by the applicant.

(7) If such application is dismissed, the default judgment shall become a final judgment.

(8) This rule shall mutatis mutandis govern all proceedings for the rescission or variation of any judgment by the court in the exercise of the jurisdiction conferred by section *thirty-six* of the Act.

(9) Where rescission or variation of a judgment is sought on the ground of invalidity, fraud or mistake, application may be made not later than one year after the applicant first had knowledge of such invalidity, fraud or mistake.

(10) Any judgment of the court may, on the application of any person affected thereby who was not a party to the action or matter, made within one month after he has knowledge thereof be so rescinded or varied by the court to the extent only to which such applicant is affected thereby.

(11) The provisions of sub-rules (1) to (7) shall mutatis mutandis apply to any such application.

APPEALS IN CIVIL CASES.

47. (1) Upon a request in writing by any party within four days after judgment and before noting appeal and upon payment of such party of a fee of one pound, the judicial officer shall within ten days deliver to the clerk of the court a written judgment showing—

(i) the facts he found to be proved; and

(ii) his reasons for judgment.

(2) Such written judgment shall become part of the record.

(3) An appeal may be noted within twenty-one days after the date of the judgment appealed against or within fourteen days after the delivery to the clerk of the court by the judicial officer of a written judgment in terms of sub-rule (1) whichever period shall be the longer.

(4) An appeal shall be noted by the delivery of notice, and, unless the court of appeal shall otherwise direct, by giving security for the respondent's costs of appeal to the amount of twenty pounds:

Provided that no security shall be required from the State.

(5) A cross-appeal shall be noted by the delivery of notice within eight days after the delivery of the notice of appeal.

(4) Indien die beslagskuldenaar versuim om sodanige bedrae op die datums in die bevel genoem aan die bode te betaal, kan die vonnisskuldeiser, na kennisgewing aan die beslagskuldenaar, aansoek doen om 'n bevel dat 'n lasbrief vir eksekusie teen die beslagskuldenaar uitgereik word. Die bepalings van subreëls (10) en (11) van reël 43 is *mutatis mutandis* van toepassing op so'n aansoek.

(5) Nadat die hof die partye gehoor het kan hy—

(i) die aansoek afwys;

(ii) beveel dat 'n lasbrief vir eksekusie teen die beslagskuldenaar uitgereik word ten opsigte van enige bedrae wat deur hom betaalbaar en onbetaald is en van enige koste wat hy beveel is om te betaal;

(iii) beveel dat die koste van die aansoek deur die een of ander party betaal word;

(iv) die aansoek ooreenkomstig subartikel (7) van artikel *twee-en-sewentig* van die Wet uitstel;

(v) so'n ander bevel gee as wat billik mag wees.

ADMINISTRASIE-ORDERS.

45. (1) Indien die administrateur 'n staatsbeampte is, kom die besoldiging, waarna in subartikel (11) van artikel *vier-en-sewentig* van die Wet verwys word, die Staat toe.

(2) Alle verrigtinge ingevolge genoemde artikel moet in kamers geskied.

(3) Stappe vir die opskorting, wysiging of tenietdoening van 'n administrasie-order kan op aansoek deur enige belanghebbende party gedoen word.

HERSIENING VAN VONNISSE EN BEVELE.

46. (1) 'n Party in 'n aksie waarin vonnis by verstek gevel is, kan binne 'n maand nadat die party teen wie dit gevel is die vonnis te wete gekom het by die hof aansoek doen om die tenietdoening of wysiging daarvan.

(2) So'n aansoek geskied by wyse van 'n beëdigde verklaring waarin die redes vir nie-verskyning van die applikant en die gronde van verweer teen die aksie of proses in die loop waarvan die vonnis gevel is, of van beswaar teen die vonnis, kortliks uiteengesit word.

(3) Behalwe waar verlof verleen is om as 'n *pro deo* gedingvoerende party kragtens reël 7 te verdedig, word sodanige aansoek nie vir verhoor op die rol geplaas nie alvorens die applikant, in afwagting van die bevele van die hof, die koste waartoe hy deur die vonnis veroordeel is, asook die bedrag van £2 se sekerheidstelling vir die koste van die aansoek, geregtelik inbetaal het: met dien verstande dat die vonnisskuldeiser, deur skriftelike toestemming by die klerk van die hof ingedien, van hierdie vereiste kan afsien.

(4) Tensy die applikant teenbewys lewer, word vermoed dat hy kennis gedra het van genoemde vonnis binne 2 dae na die datum daarvan.

(5) Tensy bewys word dat die applikant opsetlik in gebreke gebly het en mits gegronde rede aangevoer word, kan die hof by die verhoor van so'n aansoek die betrokke vonnis te niet doen of wysig en sodanige bevele gee en uitstel verleen as wat nodig mag wees in verband met die verdere behandeling van die aksie of aansoek.

(6) Die hof kan ook sodanige bevel gee in verband met geld wat die applikant geregtelik inbetaal het as wat billik mag wees.

(7) Indien die aansoek afgewys word, word die vonnis by verstek 'n eindvonnis.

(8) Hierdie reël is *mutatis mutandis* van toepassing op alle verrigtinge vir die tenietdoening of wysiging van 'n vonnis deur de hof by die uitoefening van die regsbevoegdheid verleen by artikel *ses-en-dertig* van die Wet.

(9) Wanneer tenietdoening of wysiging van 'n vonnis op grond van ongeldigheid, bedrog of dwaling verlang word, kan aansoek daarom gedoen word hoogstens een jaar nadat die applikant vir die eerste keer die ongeldigheid of bedrog of dwaling te wete gekom het.

(10) 'n Vonnis van die hof kan op aansoek van iemand wat daardeur geraak word en nie 'n party in die aksie of saak was nie, gedoen binne 'n maand nadat hy die vonnis te wete gekom het, aldus deur die hof tenietgedoen of gewysig word alleen vir sover voornoemde applikant daardeur geraak word.

(11) Die bepalings van subreëls (1) tot (7) is *mutatis mutandis* op so'n aansoek van toepassing.

APPÈL IN SIVIELE SAKE.

47. (1) Op die skriftelike versoek van 'n party binne 4 dae na die vonnis en voordat appèl aangeteken word, en teen betaling deur so'n party van 'n bedrag van £1, moet die regterlike amptenaar binne 10 dae by die klerk van die hof 'n skriftelike vonnis inlewer waarin aangegee word:—

(i) die feite wat hy bevind het bewys te wees; en

(ii) sy redes vir die vonnis.

(2) So'n skriftelike vonnis maak deel uit van die stukke in die saak.

(3) 'n Appèl kan aangeteken word binne 21 dae na die datum van die vonnis waarteen geappelleer word of binne 14 dae nadat die regterlike amptenaar ooreenkomstig subreël (1) 'n skriftelike vonnis by die klerk van die hof ingelewer het, watter tydperk ook al die langste is.

(4) 'n Appèl word aangeteken deur inlewering van 'n kennisgewing, en tensy die hof van appèl anders gelas, deur sekerheidstelling vir die appèlkoste van die respondent ten bedrae van £20: met dien verstande dat geen sekerheid van die Staat vereis word nie.

(5) 'n Teenappèl word aangeteken deur inlewering van 'n kennisgewing binne 8 dae nadat kennisgewing van appèl ingelewer is.

(6) A notice of appeal or of cross-appeal shall state—

(i) whether the whole or part only of the judgment or order is appealed against and if part only then what part; and

(ii) the ground of appeal, specifying the findings of fact or rulings of law appealed against.

(7) The noting of an appeal or cross-appeal and the date thereof shall be recorded in the "remarks" column of the civil judgment book.

(8) (*a*) Upon the delivery of a notice of appeal the judicial officer shall within seven days deliver to the clerk of the court a statement in writing showing (so far as may be necessary having regard to any written judgment already delivered by him)—

(i) the facts he found to be proved;

(ii) the grounds upon which he arrived at any finding of fact specified in the notice of appeal as appealed against; and

(iii) his reasons for any ruling of law or for the admission or rejection of any evidence so specified as appealed against.

(*b*) Such statement shall become part of the record.

(*c*) The provisions of this rule shall also, so far as may be necessary, apply to a cross-appeal.

(9) The party noting appeal or cross-appeal shall prosecute the same within such time as may be prescribed by rule of the court of appeal and, in default of such prosecution, the appeal or cross-appeal shall be deemed to have lapsed, unless the court of appeal shall see fit to make an order to the contrary.

(10) The clerk of the court shall, within seven days after he receives notice that an appeal has been set down for hearing, transmit to the registrar of the court of appeal the record in the action duly certified.

(11) (*a*) A respondent desiring to abandon the whole or any part of a judgment appealed against may do so by the delivery of a notice in writing stating whether he abandons the whole or if part only what part of such judgment.

(*b*) Every such notice of abandonment and the dates thereof shall be duly recorded in the "remarks" column of the civil judgment book and shall become part of the record.

(12) Where the parties agree, under section *eighty-two* of the Act, that the decision of the court shall be final, either party may lodge the memorandum of such agreement with the clerk of the court, and such memorandum shall thereupon become part of the record in the action or matter and shall be recorded in the "remarks" column of the civil judgment book.

(13) Whenever any judgment is affirmed, reversed or varied on appeal or review, that fact and the date of the decision shall be recorded in the "remarks" column of the civil judgment book.

ASSESSORS.

48. (1) The court may from time to time frame a list of persons who, having regard to the nature of the business of the court and to their ability and reputation, appear to be qualified to act as assessors under section *thirty-four* of the Act and who are willing so to act upon reasonable notice and upon payment of the fees prescribed in Table C of the second annexure.

(2) Every person for the time being named in such list shall be an assessor for the purposes of this rule and shall continue to be an assessor until a new list has been framed or until he gives to the clerk of the court his resignation in writing. Upon receipt of such resignation the clerk of the court shall remove the name of such assessor from the list; provided that an assessor summoned to act as such in any action may not without the leave of the court resign during the trial of the action.

(3) Nothing in this rule shall prevent the court from summoning, with the consent of all parties to the action, persons not on the list to act as assessors in any special action.

(4) The number and names of the assessors to sit in any case shall be decided by consent of the parties or, where they are unable to agree, by the court; provided that not more than two assessors shall sit in any case.

(5) A party who desires the trial to take place with assessors shall deliver notice of application for assessors, if he be the plaintiff with the notice of trial and if he be the defendant not more than three days after receiving notice of trial. Such notice shall contain either a consent by the other party or a notice setting down the application for hearing.

(6) The party shall, at the time of delivering the notice of application, deposit with the clerk of the court the sum of three guineas for each assessor applied for and shall be liable for any further sum becoming due to the assessors for fees. The fees and expenses of the assessors shall, unless otherwise ordered by the court, be costs in the action.

(7) If the application be consented to or granted, the clerk of the court shall summon the assessors named in the consent or selected by the court by serving a summons upon each of

(6) 'n Kennisgewing van appèl of van teenappèl moet vermeld—

(i) of teen die hele vonnis of bevel of slegs teen 'n gedeelte daarvan geappelleer word en, as laasgenoemde die geval is, teen watter gedeelte; en

(ii) die gronde van appèl, met aangifte van die bevindings aangaande feite of die beslissings oor regsvrae waarteen geappelleer word.

(7) Die aantekening van 'n appèl of teenappèl en die datum daarvan moet ingeskryf word in die kolom onder die hoof „ Opmerkings " in die Siviele Vonnisboek.

(8) (*a*) As 'n kennisgewing van appèl ingelewer is, moet die regterlike amptenaar binne 7 dae by die klerk van die hof 'n skriftelike verklaring inlewer waarin (vir sover dit, 'n skriftelik vonnis alreeds deur hom ingelewer, in ag genome, nodig mag wees) aangegee word—

(i) die feite wat hy bevind het bewys te wees;

(ii) die gronde waarop hy tot 'n bevinding gekom het aangaande feite, waarteen, blykens aangifte in die kennisgewing van appèl, geappelleer word; en

(iii) sy redes vir enige beslissing oor 'n regsvraag of vir die toelating of verwerping van getuienis waarteen, blykens sodanige aangifte, geappelleer word.

(*b*) So'n verklaring maak deel uit van die stukke in die saak.

(*c*) Die bepalings van hierdie reël is, sover nodig, ook van toepassing op 'n teenappèl.

(9) Die party wat appèl of teenappèl aanteken, moet voortgaan met die appèl binne die termyn deur die reëls van die hof van appèl voorgeskryf en as hy versuim om dit te doen, word die appèl of teenappèl, tensy die hof van appèl dit goedvind om anders te beveel, geag te verval het.

(10) Die klerk van die hof moet binne 7 dae nadat hy kennis ontvang het dat 'n appèl vir verhoor op die rol geplaas is, die stukke in die saak, behoorlik gewaarmerk, aan die griffier van die hof van appèl deursteur.

(11) (*a*) 'n Respondent wat afstand wil doen van die hele vonnis waarteen geappelleer is of van 'n gedeelte daarvan, kan dit doen deur inlewering van 'n skriftelike kennisgewing waarin vermeld word of hy afstand doen van die hele vonnis of, indien slegs van 'n gedeelte daarvan, van watter gedeelte.

(*b*) Al sulke kennisgewings van afstanddoening met die datums daarvan, moet behoorlik ingeskryf word in die kolom onder die hoof „ Opmerkings " in die Siviele Vonnisboek, en maak deel uit van die stukke in die saak.

(12) Waar die partye kragtens artikel *twee-en-tagtig* van die Wet ooreengekom het dat die beslissing van die hof 'n eindbeslissing sal wees kan enigeen van die partye die memorandum van so'n ooreenkoms by die klerk van die hof indien; en daardie memorandum maak deel uit van die stukke in die aksie of saak en word ingeskryf in die kolom onder die hoof „ Opmerkings " in die Siviele Vonnisboek.

(13) Wanneer 'n vonnis by appèl of hersiening, bekragtig ter syde gestel of gewysig word, moet daardie feit en die datum van die beslissing in die kolom onder die hoof „ Opmerkings " in die Siviele Vonnisboek aangeteken word.

ASSESSORE.

48. (1) Die hof kan van tyd tot tyd 'n lys opstel van persone wat, met inagneming van die aard van die werksaamhede van die hof en hul geskiktheid uit hoofde van bekwaamheid en reputasie, blyk bevoeg te wees om kragtens artikel *vier-en-dertig* van die Wet as assessore op te tree en wat gewillig is om met redelike kennisgewing en teen betaling van die gelde wat in Tabel C van die tweede aanhangsel voorgeskryf is, aldus op te tree.

(2) Iedereen wat asdan in so'n lys genoem word, is 'n assessor vir doeleindes van hierdie reël en bly 'n assessor totdat 'n nuwe lys opgestel is of totdat hy by die klerk van die hof sy skriftelike bedanking indien. Na ontvangs van so'n bedanking moet die klerk van die hof die naam van so'n assessor van die lys skrap; met dien verstande dat 'n assessor wat opgeroep is om as sulks in 'n aksie op te tree, nie sonder verlof van die hof gedurende die verhoor van die aksie kan bedank nie.

(3) Die bepalings van hierdie reël belet nie die hof om met toestemming van al die partye in die aksie persone wat nie op die lys verskyn nie op te roep om as assessore in 'n spesiale aksie op te tree nie.

(4) Die getal en name van die assessore wat in 'n saak moet sit, word deur toestemming van die partye bepaal of, as hulle nie kan ooreenkom nie, deur die hof: met dien verstande dat hoogstens twee assessore in enige saak mag sit.

(5) 'n Party wat verlang dat 'n verhoor met assessore moet plaasvind, moet, as hy die eiser is, 'n kennisgewing van aansoek om assessore gelyktydig met die kennisgewing van verhoor inlewer, en as hy die verweerder is, nie later as 3 dae nadat hy die kennisgewing van verhoor ontvang het nie. So'n kennisgewing moet óf die toestemming van die ander party bevat óf 'n kennisgewing waardeur die aansoek vir verhoor op die rol geplaas word.

(6) Wanneer die party die kennisgewing van aansoek inlewer, moet hy die bedrag van drie ghienies vir elke assessor waarom aansoek gedoen word by die klerk van die hof stort en is hy aansprreeklik vir enige verdere bedrag wat aan die assessore by wyse van gelde verskuldig word. Tensy die hof anders gelas is die gelde en onkoste van die assessore koste in die aksie.

(7) Indien toegestem word in die aansoek of as dit toegestaan word, moet die klerk van die hof die assessore in die toestemming genoem of deur die hof uitgekies oproep deur op elkeen van hulle 'n dagvaarding te dien op enigeen van die

them in any manner provided for the service of a summons commencing an action.

(8) If at the time and place appointed for the trial either of the assessors summoned does not attend, the court may either proceed to try the action with the assistance of the assessor, if any, who is in attendance or without assistance, if none attended, or may adjourn the trial.

(9) Where a trial is postponed or adjourned, the party applying for assessors shall, forthwith after the order for postponement or adjournment, pay to the clerk of the court [in addition to the deposit mentioned in sub-rule (6)] the fees due up to the hour of postponement or adjournment to such assessors as have attended.

(10) Where such payment is not made the court may stay the action until it be made or may continue the trial without the assistance of assessors or may make such order as may be just.

(11) Every assessor acting in a case shall be entitled to the fees set out in Table C of the second annexure.

COSTS.

49. (1) The court in giving judgment or in making any order, including therein adjournment and amendment, may award such costs as may be just.

(2) The costs of any application or order or issue raised by the pleadings may be awarded by the court irrespective of the judgment in the action, or may be made costs in the action, or may be reserved to be dealt with on the conclusion of the action; but if no order is made, such costs shall be costs in the action.

(3) Unless the court shall for good cause otherwise order, costs of interim orders shall not be taxed until the conclusion of the action, and a party may present only one bill for taxation up to and including the judgment or other conclusion of the action.

(4) Where a judgment or order for costs is made against two or more persons it shall, unless the contrary is stated, have effect against such persons severally as well as jointly.

(5) The scale of fees to be taken by attorneys as between party and party shall be that set out in Table A of the second annexure in addition to necessary expenses: Provided that until the date which the Governor-General may declare to be the date on which the Union ceased to be at war or earlier alteration of this sub-rule by the Rules Board, such fees shall be increased by 15 per centum.

(6) Such fees shall (save as to appearance in open court without counsel) be allowable whether the work has been done by the attorney or by his clerk but shall, except in the case of the fee mentioned in section 3 (6) of Table A of the second annexure, be allowable only in so far as the work to which they have been allocated has in fact and necessarily been done.

(7) The court may on request made at or immediately after the giving of judgment in any contested action or proceeding in which—

(i) is involved any difficult question of law or of fact; or

(ii) the plaintiff makes two or more claims which are not alternative claims; or

(iii) the claim or defence is frivolous or vexatious,

award costs on any scale higher than that on which the costs of the action would otherwise be taxable.

(8) Where an action is defended and it is impossible for a party to obtain the services of a local attorney, he may employ the nearest available or some other attorney and upon proof thereon the court may, if costs are awarded to him, order that such costs shall include the reasonable travelling expenses of such attorney and also a special allowance not exceeding five pounds for each day's absence from such attorney's usual place of business: Provided that if the attorney employed be not the nearest available attorney, the travelling expenses and special allowance so allowed shall not exceed the expenses and allowance which would have been allowed if the nearest available attorney had been employed.

(9) Where the court is of opinion that at the hearing the party to whom costs are awarded has occupied time unnecessarily or in relation to matters not relevant to the issue, the court may disallow a proportionate part of the hearing fee payable to his attorney or counsel.

(10) The court may in its discretion order that the whole of the costs of an action (including the costs of any claim in reconvention) be paid by the parties in such proportions as it may direct.

(11) Where the court is of opinion that expense has been unnecessarily incurred because of the successful party's failure to take a course which would have shortened the proceedings and decreased the costs it shall award only such costs as would have been incurred if the successful party had taken such course.

(12) Where costs in convention and reconvention are awarded to different parties, the clerk of the court shall on taxation, subject to any order which has been made by the court, award as costs in convention all such costs as would in his judgment have been incurred if no claim in reconvention had been made and as costs in reconvention all other costs allowed.

(13) The costs of issuing any warrant of execution or arrest shall, where they are payable by the party against whom

maniere wat bepaal is vir die diening van 'n dagvaarding waardeur 'n aksie begin word.

(8) As die een of die ander van die assessore wat opgeroep is hom nie op die tyd en plek wat vir die verhoor bepaal is aanmeld nie, kan die hof óf oorgaan tot verhoor van die aksie met behulp van die assessor wat hom aangemeld het (as daar een is) of sonder die hulp van assessore as geeneen hom aangemeld het nie, óf die verhoor verdaag.

(9) Indien die verhoor uitgestel of verdaag word, moet die party wat om assessore aansoek gedoen het, onverwyld na die bevel vir uitstel of verdaging, benewens die bedrag vermeld in subreël (6), die gelde wat tot op die uur van uitstel of verdaging verskuldig is aan die assessore wat hulle aangemeld het, by die klerk van die hof inbetaal.

(10) Indien sodanige betaling nie gedoen word nie, kan die hof die aksie opskort totdat betaling gedoen is of die verhoor sonder die hulp van assessore voortsit of sodanige ander bevel gee as wat billik mag wees.

(11) Elke assessor wat in 'n saak optree, is geregtig tot die gelde wat in Tabel C van die tweede aanhangsel aangegee is.

KOSTE.

49. (1) Wanneer die hof vonnis vel of 'n bevel gee, met inbegrip van verdaging en wysiging, kan hy koste toewys volgens hy billik vind.

(2) Die koste ten opsigte van 'n aansoek of 'n bevel, of geskilpunt wat uit die pleitskrifte ontstaan, kan deur die hof toegewys word sonder om rekening te hou met die vonnis in die aksie of kan tot koste van die aksie verklaar word, of kan voorbehou word vir behandeling na afloop van die aksie, maar as geen bevel gegee word nie, is sulke koste koste van die aksie.

(3) Tensy die hof om 'n gegronde rede anders beveel, word koste in sake tussentydse bevele nie voor afloop van die aksie getakseer nie en 'n party kan slegs een kosterekening vir taksasie voorlê tot en met die vonnis of ander eindpunt van die aksie.

(4) Wanneer 'n vonnis of bevel vir koste teen twee of meer persone gevel of gegee word, geld dit, tensy die teendeel vermeld word, teen daardie persone afsonderlik sowel as gesamentlik.

(5) Die tarief in Tabel A van die tweede aanhangsel van hierdie reëls is die tarief van gelde wat prokureurs, benewens noodsaaklike uitgawes, tussen party en party kan bereken: met dien verstande dat tot op die datum wat die Goewerneur-generaal mag verklaar as die datum waarop die Unie nie meer oorlogvoerend is nie of vroeër verandering van hierdie subreël deur die Reëlsraad, sulke gelde met 15 persent vermeerder word.

(6) Behalwe wat betref verskyning in die ope hof sonder advokaat is voornoemde gelde geoorloof onverskillig of die werk deur die prokureur of deur sy klerk verrig is, maar is, behalwe in die geval van gelde vermeld in artikel 3 (6) van Tabel A van die tweede aanhangsel alleen geoorloof vir sover die werk waarvoor hulle in rekening gebring word werklik en noodsaaklikerwys verrig is.

(7) Die hof kan op 'n versoek gedoen by of onmiddellik na vonnis in 'n bestrede aksie of proses waarin—

(i) dit gaan oor 'n moeilike regspunt of 'n feitlike vraag; of

(ii) die eiser twee of meer eise instel wat nie alternatief is nie; of

(iii) die eis of verweer beuselagtig of ergerend is;

koste toeken volgens 'n hoër tarief as dié waarvolgens die koste van die aksie anders takseerbaar sou wees.

(8) Wanneer 'n aksie bestry word en dit onmoontlik is vir 'n party om die dienste van 'n plaaslike prokureur te verkry, kan hy die naaste beskikbare of 'n ander prokureur aanstel en by bewys daarvan kan die hof, as koste aan hom toegeken word, gelas dat die redelike reiskoste van so'n prokureur by sodanige koste ingesluit word, asook 'n spesiale toelae van hoogstens £5 vir elke dag wat so'n prokureur van sy gewone besigheidsplek afwesig is: met dien verstande dat as die prokureur wat aangestel is nie die naaste beskikbare prokureur is nie, die aldus toegewese reiskoste en spesiale toelae nie die onkoste en toelae wat toegewys gewees het as die naaste prokureur aangestel was, moet oorskry nie.

(9) Indien die hof van oordeel is dat die party aan wie koste toegeken word tydens die verhoor onnodig of ten aansien van nie-tersaaklike aangeleenthede tyd in beslag geneem het, kan die hof hom 'n eweredige gedeelte ontsê van die gelde wat vir die verhoor aan sy prokureur of advokaat betaalbaar was.

(10) Die hof kan na goeddunke beveel dat die totale koste van 'n aksie (met inbegrip van die koste van 'n eis in rekonvensie) deur die partye betaal word in die verhoudings wat die hof voorskryf.

(11) Wanneer die hof van oordeel is dat onkoste onnodig aangegaan is vanweë die suksesvolle party se versuim om 'n gedragslyn te volg wat die verrigtinge sou verkort het en die koste sou verminder het, ken hy slegs sodanige koste toe as wat aangegaan sou gewees het indien die suksesvolle party so'n gedragslyn gevolg het.

(12) Waar koste in konvensie en in rekonvensie aan verskillende partye toegeken word, moet die klerk van die hof by taksasie, met inagneming van enige bevel wat die hof gegee het, al die koste wat volgens sy oordeel aangegaan sou gewees het indien geen eis in rekonvensie ingestel was nie as koste in konvensie toeken en alle ander koste wat toegewys is as koste in rekonvensie.

(13) Die uitreikingskoste van 'n lasbrief vir eksekusie of arres word, as dit betaalbaar is deur die party teen wie die

the warrant is issued, be assessed by the clerk of the court without notice and inserted in the warrant.

(14) Witness fees and expenses shall be allowed in respect of the attendance of a party to an action or proceeding only if such party has been declared by the court to be a necessary witness.

(15) Where costs or expenses are awarded to any party by the court, otherwise than by a judgment in default of the defendant's appearance to defend or on the defendant's consent to judgment before the time for such appearance has expired, the party to whom such costs or expenses have been awarded shall deliver a bill of such costs or expenses and give at least four hours' notice of taxation for an hour to be fixed (generally or specially) by the clerk of the court; and he may include in such bill all such payments as have been necessarily and properly made by him.

(16) The clerk of the court shall thereupon tax and allow the costs and expenses so awarded; Provided that witness fees shall not be allowed in taxation unless properly vouched for.

(17) Where more than one-fourth of the bill (excluding expenses) is taxed off, the party presenting the bill shall not be allowed any costs of taxation.

(18) Where a bill of costs as between attorney and client is required to be taxted, taxation shall take place on at least two days' notice thereof to the attorney or client, whether an action therefor is pending or not; Provided that, notwithstanding anything in sub-rule (3) a bill of costs as between attorney and client may be taxed at any time after determination of the mandate.

(19) Where liability for costs is determined without judgment of the court by the provisions of sub-rule 19 (5) or by a settlement recorded in terms of sub-rule 29 (8) such costs shall be taxable by the clerk of the court as if they had been awarded by the court.

FEES OF THE MESSENGER AND OF THE CLERK OF THE COURT.

50. (1) The fees and charges to be taken by the messenger of the court shall be those prescribed by Table B of the second annexure: Provided that until the date which the Governor-General may declare to be the date on which the Union ceased to be at war, or earlier alteration of this sub-rule by the Rules Board, such fees and charges shall be increased by 15 per centum.

(2) Every account of fees or charges furnished by the messenger shall contain the following note:—

"You may require this account to be taxed and vouched before payment."

(3) (*a*) Any party having an interest may by notice in writing require the fees, charges or expenses claimed by or paid to the messenger to be taxed by the clerk of the court, and may attend on such taxation.

(*b*) Upon such taxation the messenger shall vouch to the satisfaction of the clerk of the court all expenses claimed by him.

(*c*) Where the messenger's fees or charges are taxed and passed in full the messenger shall be allowed an additional fee of 5s. for attending the taxation.

(4) The fees to be taken by the clerk of the court shall be those prescribed by Table D of the second annexure.

REVIEW OF TAXATION.

51. (1) Any party having an interest may, within one week after he has knowledge thereof, bring before the court for review:—

(*a*) The costs and expenses claimed in any undefended action;

(*b*) the assessment by the clerk of the court of any costs and expenses;

(*c*) the taxation by such clerk of any costs awarded in any action or matter;

(*d*) the taxation by such clerk of any fees or charges of the messenger.

(2) Such review shall be on 24 hours' notice to the party entitled to receive or liable to pay such costs or expenses or to the messenger, as the case may be.

(3) Any party dissatisfied with the decision of the judicial officer as to any item or part of an item which was objected to before the clerk, may, after notice to the other party, within 48 hours of the decision require the judicial officer to state a case for the decision of a judge, which case shall embody all relevant findings of fact by the judicial officer: Provided that, save with the consent of such officer, no case shall be stated where the total of the amounts which he has disallowed or allowed as the case may be, and which the dissatisfied party seeks to have allowed or disallowed respectively, is less than £2.

(4) Either party may within a further 7 days submit contentions in writing to the judicial officer.

(5) The judicial officer shall lay the case forthwith, but not later than 10 days after receipt of such contentions together with the contentions submitted and his own report before a judge of the court of appeal, who may then decide the matter upon the case and contentions so submitted, together with any further information which he may require from the judicial officer; or he may decide it after hearing, if he deem fit, the parties or their counsel or attorneys in chambers; or he may refer the case for decision to the court of appeal.

lasbrief uitgereik is, sonder kennisgewing deur die klerk van die hof vasgestel en op die lasbrief aangeteken.

(14) Getuiegelde en koste ten opsigte van 'n party in 'n aksie of proses se opwagting by die hof word alleen toegestaan as die hof daardie party tot 'n noodsaaklike getuie verklaar het.

(15) Wanneer die hof koste of uitgawes aan 'n party toeken op 'n ander wyse as deur 'n vonnis by verstek as gevolg van die verweerder se versuim om vir verdediging te verskyn of deur toestemming van die verweerder tot vonnis voordat die termyn vir verskyning verstryk het, moet die party aan wie die koste of uitgawes toegeken word 'n rekening van die koste of uitgawes inlewer en minstens 4 uur kennis gee van taksasie op 'n uur wat (in die algemeen of in die besonder) deur die klerk van die hof bepaal moet word; en hy kan alle betalings wat noodsaaklikerwys en behoorlik deur hom gedoen is in die rekening opneem.

(16) Die klerk van die hof moet vervolgens die aldus toegekende koste en uitgawes takseer en toestaan: met dien verstande dat getuiegelde nie by taksasie toegestaan word nie tensy hulle behoorlik gestaaf is.

(17) Indien meer as 'n kwart van die rekening (met uitsluiting van uitgawes) afgetakseer word, word aan die party wat die rekening voorlê geen taksasiekoste toegestaan nie.

(18) Indien 'n kosterekening tussen prokureur en kliënt getakseer moet word, vind taksasie plaas met minstens twee dae kennisgewing daarvan aan die prokureur of aan die kliënt, onverskillig of 'n aksie ten opsigte daarvan hangende is of nie; met dien verstande dat ondanks andersluidende bepalings van subreël (3) 'n kosterekening tussen prokureur en kliënt te eniger tyd na beëindiging van die opdrag getakseer kan word.

(19) Indien aanspreeklikheid vir koste sonder vonnis van die hof vasgestel word deur die bepalings van subreël 19 (5) of deur 'n skikking ooreenkomstig subreël 29 (8) aangeteken, is daardie koste deur die klerk van die hof takseerbaar asof hulle deur die hof toegeken was.

BODELONE EN GELDE VAN DIE KLERK VAN DIE HOF.

50. (1) Die lone en onkoste wat die geregsbode kan bereken is dié wat in Tabel B van die tweede aanhangsel voorgeskryf is: met dien verstande dat tot op die datum wat die Goewerneur-generaal mag verklaar as die datum waarop die Unie nie meer oorlogvoerend is nie, of vroeër verandering van hierdie subreël deur die Reëlsraad, sulke gelde en onkoste met 15 persent vermeerder word.

(2) Elke rekening wat die bode ten opsigte van lone en onkoste verstrek, moet onderstaande kennisgewing bevat:—

„U kan eis dat hierdie rekening voor vereffening getakseer en gestaaf word."

(3) (*a*) 'n Belanghebbende party kan by skriftelike kennisgewing eis dat die lone, onkoste of uitgawes wat deur die bode gevorder of aan hom betaal is, deur die klerk van die hof getakseer word en kan die taksasie bywoon.

(*b*) Die bode moet by so'n taksasie alle uitgawes deur hom geëis staaf met bewyse wat die klerk van die hof oortuigend vind.

(*c*) As die volle bedrag van die bodelone en -koste by taksasie goedgekeur word, word aan die bode 'n addisionele bedrag van 5s. vir die bywoning van die taksasie toegestaan.

(4) Die gelde wat die klerk van die hof kan bereken is dié wat in Tabel D van die tweede aanhangsel voorgeskryf is.

HERSIENING VAN TAKSASIE.

51. (1) 'n Belanghebbende party kan binne 'n week nadat dit tot sy kennis gekom het die volgende aan die hof vir hersiening voorlê:—

(*a*) Die koste en uitgawes in 'n onbestrede aksie geëis.

(*b*) Die klerk van die hof se vasstelling van enige koste en uitgawes.

(*c*) Sy taksasie van koste toegeken in enige aksie of saak.

(*d*) Sy taksasie van bodelone of -koste.

(2) So'n hersiening geskied met 24 uur kennisgewing aan die party wat geregtig is om gemelde koste of uitgawes te ontvang of wat aanspreeklik is vir die betaling daarvan, of aan die bode, al na die geval.

(3) 'n Party wat met die beslissing van die regterlike amptenaar ontevrede is wat betref 'n besondere item of gedeelte van die item waarteen voor die klerk beswaar gemaak is, kan, nadat hy aan die ander party kennis gegee het, binne 48 uur na die beslissing, van die regterlike amptenaar verlang dat hy 'n casus-posisie vir die beslissing van 'n regter opstel en in so'n casus-posisie moet al die tersaaklike feitlike bevindings van die regterlike amptenaar beliggaam wees: met dien verstande dat behalwe met die toestemming van so'n amptenaar geen casus-posisie opgestel word nie wanneer die bedrae wat hy, na gelang van die geval, afgekeur of toegestaan het en wat die ontevrede party onderskeidelik toegestaan of afgekeur wil hê, in geheel minder as £2 bedra.

(4) Enigeen van die twee partye kan binne 'n verdere 7 dae skriftelike bewerings aan die regterlike amptenaar voorlê.

(5) Die regterlike amptenaar moet die saak onverwyld, dog nie later as 10 dae na ontvangs van sulke bewerings tesame met die bewerings wat voorgelê is en sy eie verslag aan 'n regter van die hof van appèl voorlê wat dan die saak volgens die gestelde casus-posisie en aldus voorgelegde bewerings kan beslis, tesame met enige verdere inligting wat hy van die regterlike amptenaar mag verlang; of hy kan dit beslis nadat hy, indien hy dit goed dink, die partye of hul advokate of hul prokureurs in kamers gehoor het; of hy kan die saak na die hof van appèl vir beslissing verwys.

(6) The judge or the court so deciding may make such order as he or it deems fit, including an order that the unsuccessful party shall pay to the opposing party a sum fixed by the judge or the court as costs.

APPEALS TO MAGISTRATES' COURTS.

52. (1) Where an appeal lies to a magistrate's court it may be noted by delivery of notice within seven days after the date of the judgment appealed against.

(2) The notice of appeal shall set out concisely and distinctly the grounds of appeal.

(3) The party noting the appeal shall prosecute the same within twenty-one days after the noting of the appeal.

(4) The hearing of the appeal shall be subject to the delivery by the appellant of notice of set down for a day approved by the clerk of the court.

(5) Such notice shall be delivered at least seven days before the day of hearing.

(6) At any time after delivery of notice of appeal and not later than delivery of notice of set down the appellant shall so far as he is able cause to be filed with the clerk of the court the record (if any), or a duly certified copy thereof, of the proceedings which resulted in the judgment, order or decision appealed against.

(7) Subject to the provisions of any other law regulating procedure of the court on such appeals, the court may if it think fit grant leave to either party to adduce oral evidence at the hearing of the appeal or may in its discretion proceed by way of rehearing either in whole or in part.

(8) The court may in its discretion award to either party the costs incurred in the appeal. Such costs shall be taxed on such scale of costs prescribed for actions in the court as the court may direct.

GENERAL.

NON-COMPLIANCE WITH RULES, INCLUDING TIME LIMITS AND ERRORS.

53. (1) Except as is otherwise provided in these rules, failure to comply with these rules or with any request made in pursuance thereof shall not be ground for the entry of judgment against the party in default.

(2) Where any provision of these rules or any request made in pursuance of any such provision has not been fully complied with the court may on application order compliance therewith within a stated time.

(3) Where any order so made is not fully complied with within the time so stated, the court may on application forthwith enter judgment in the action against the party so in default or may adjourn the application and grant an extension of time for compliance with the order on such terms as to costs and otherwise as may be just.

(4) The court may on either such application order such stay of proceedigns as may be necessary.

(5) Any time limit prescribed by these rules [except the period prescribed in sub-rules (3) and (5) of rule 47 for the noting of appeal or of cross-appeal] may at any time whether before or after the expiry of the period limited be extended:—

(i) by the written consent of the opposite party; and

(ii) if such consent is refused, then by the court on application and on such terms as to costs and otherwise as may be just.

(6) Where there has been short service without leave, the court may, instead of dismissing the application, adjourn it until (at earliest) the expiration of the period required for full service; and thereupon any objection to short service shall lapse.

(7) No process or notice shall be invalid by reason of any obvious error in spelling or in figures or of date.

(8) If any party has in fact been misled by any such error in any process or notice served upon him, the court may on application grant him such relief as may be just, and may for that purpose set aside the process or notice and rescind any default judgment given thereon.

ADJOURNMENT AND POSTPONEMENT.

54. (1) The trial of an action or the hearing of an application or matter may be adjourned or postponed by consent or by the court, either on application or of its own motion.

(2) Where such an adjournment or postponement is made sine die, either party may by delivery of notice of reinstatement set down the action application or matter for further hearing on a day generally or specially fixed by the clerk of the court, not earlier than seven days after delivery of such notice.

(3) Any adjournment or postponement shall be on such terms as to costs and otherwise as the parties may agree to or as the court may order.

(6) Die regter of die hof wat aldus beslis kan sodanige bevel gee as wat hy goed dink, met inbegrip van 'n bevel dat die onsuksesvolle party 'n bedrag wat die regter of die hof ten opsigte van koste vasstel aan die teenparty moet betaal.

APPÈL NA MAGISTRAATSHOWE.

52. (1) Appèl kan aangeteken word deur inlewering van 'n kennisgewing binne 7 dae na die datum van die vonnis waarteen geappeleer word.

(2) Die kennisgewing van appèl moet kort en duidelik die gronde van appèl uiteensit.

(3) Die party wat die appèl aanteken, moet daarmee voortgaan binne 21 dae nadat die appèl aangeteken is.

(4) Vir die verhoor van 'n appèl is dit nodig dat die appellant 'n kennisgewing inlewer dat die appèl vir verhoor op 'n dag deur die klerk van die hof goedgekeur op die rol geplaas is.

(5) So'n kennisgewing moet minstens 7 dae voor die dag van verhoor ingelewer word.

(6) Die appellant moet te eniger tyd na inlewering van die kennisgewing van appél en nie later as die inlewering van die kennisgewing dat die saak op die rol geplaas is sover sulks in sy vermoë is die notule (as daar is) van die verrigtinge wat uitgeloop het op die vonnis, bevel of beslissing waarteen geappelleer word of 'n behoorlik gewaarmerkte afskrif van sulke notule by die klerk van die hof laat indien.

(7) Met inagneming van die bepalings van enige ander wet wat die prosedure van die hof van appél reël, kan die hof, as hy dit goedvind, aan enigeen van die twee partye verlof verleen om by die verhoor van die appél mondelinge getuienis aan te voer of kan na goeddunke die saak geheel of gedeeltelik opnuut verhoor.

(8) Die hof kan na goeddunke aan enigeen van die twee partye die koste wat by appèl aangegaan is, toeken. Sulke koste word getakseer volgens sodanige hoër tarief van koste vir aksies in die hof voorgeskryf as wat die hof gelas.

ALGEMEEN.

NIE-VOLDOENING AAN REËLS, MET INBEGRIP VAN TYDBEPERKINGS EN FOUTE.

53. (1) Behalwe waar anders in hierdie reëls bepaal word, lewer nie-nakoming van hierdie reëls of van 'n versoek ingevolge daarvan gedoen geen grond op vir die aantekening van vonnis teen die party wat aan die versuim skuldig is nie.

(2) Wanneer 'n bepaling van hierdie reëls of 'n versoek wat volgens so'n bepaling gedoen is nie ten volle nagekom is nie, kan die hof op aansoek beveel dat binne 'n bepaalde termyn daaraan voldoen word.

(3) Indien aan 'n bevel wat aldus gegee is nie ten volle binne die bepaalde termyn voldoen word nie, kan die hof op aansoek onmiddelik vonnis in die aksie aanteken teen die party wat aan die versuim skuldig is of die aansoek uitstel en 'n verlenging van tyd toestaan om op sulke voorwaardes betreffende koste en andersins as wat billik mag wees aan die bevel te voldoen.

(4) Die hof kan op enigeen van sulke aansoeke gelas dat die verrigtinge sodanig opgeskort word as wat nodig mag wees.

(5) 'n Termyn deur hierdie reëls voorgeskryf [behalwe die termyn voorgeskryf in subreëls (3) en (5) van reël 47 vir die aantekening van appèl of teenappèl] kan te eniger tyd voor of na verloop van die gestelde termyn verleng word—

(i) deur die skriftelike toestemming van die teenparty; en

(ii) as sodanige toestemming geweier word, dan deur die hof op aansoek en op sulke voorwaardes betreffende koste of andersins as wat billik mag wees.

(6) Indien kort diening sonder verlof van die hof plaasgevind het, kan die hof in plaas van die aansoek af te wys, dit uitstel tot (op sy vroegste) die verloop van die termyn wat vir volle diening nodig is; en daarop verval alle besware teen kort diening.

(7) Geen prosesstuk of kennisgewing is ongeldig ter oorsake van 'n klaarblyklike spelfout of fout betreffende syfers of datum nie.

(8) Indien 'n party werklik mislei is deur so'n fout in 'n prosesstuk of kennisgewing wat op hom gedien is, kan die hof hom op aansoek sodanige verligting toestaan as wat billik mag wees en kan vir dié doel die prosesstuk of kennisgewing ter syde stel en 'n vonnis by verstek wat ingevolge so'n prosesstuk of kennisgewing verleen is, tenietdoen.

VERDAGING EN UITSTEL.

54. (1) Die verhoor van 'n aksie, of die behandeling van 'n aansoek of saak kan deur toestemming of deur die hof, hetsy op aansoek of uit eie beweging, verdaag of uitgestel word.

(2) Wanneer so'n verdaging of uitstel *sine die* geskied, kan enigeen van die twee partye die aksie, aansoek of saak deur inlewering van 'n kennisgewing van herstel op die rol plaas vir verdere verhoor op 'n dag in die algemeen of spesiaal deur die klerk van die hof bepaal, maar nie vroeër as 7 dae na inlewering van genoemde kennisgewing nie.

(3) 'n Verdaging of uitstel geskied op sulke voorwaardes betreffende koste en andersins as wat die partye by ooreenkoms mag bepaal of die hof mag gelas.

NON-APPEARANCE OF A PARTY, WITHDRAWAL, ETC.

55. (1) If a plaintiff or applicant does not appear at the time appointed for the trial of the action or the hearing of the application, the action or application may be dismissed with costs.

(2) If a defendant or respondent does not so appear, a judgment against him (not exceeding the relief claimed) may be given with costs.

(3) The withdrawal or dismissal of an action or a decree of absolution from the instance shall not be a defence to any subsequent action; but if a subsequent action is brought for the same or substantially the same cause of action before payment of the costs awarded on such withdrawal, dismissal or decree of absolution, the court may on application, if it thinks fit and if the said costs have been taxed and payment thereof has been demanded, order a stay of such subsequent action until such costs shall be paid and that the plaintiff shall pay the costs of such application to stay proceedings.

RECORD, ENTRY, ETC., AS EVIDENCE IN CIVIL MATTERS.

56. (1) Where it is necessary to give in evidence in the court any record, entry or document of the same court in another action, the clerk of the court shall, on reasonable notice, produce and show the original thereof, and the cost of copies shall not be allowed.

(2) Where it is necessary to give in evidence in another court any such record, entry or document, a copy thereof certified by the clerk of the court may be given in evidence without production of the original.

INTERVENTION OF THIRD PARTY IN ACTION.

57. (1) The court may, on application by a person desiring to intervene in an action and having an interst therein, grant leave to such party to intervene on such terms as may be just.

(2) The court may, on application by any party to an action, order that another person shall be added either as a plaintiff or as a defendant on such terms as may be just.

SECURITY FOR COSTS BY PLAINTIFF.

58. (1) Where a plaintiff:—

(*a*) is not resident within the Union;
(*b*) is an unrehabilitated insolvent;
(*c*) is a registered or incorporated company; or
(*d*) has no substantial interest in the cause of action;

the defendant may (unless the plaintiff has obtained leave to sue as a pauper) after service of the summons and before the close of the pleadings require him to give security for the costs of the action (not including the principal or costs of any claim in reconvention made by the defendant):

Provided that if the fact relied upon first came to the knowledge of the defendant after the close of pleadings, the defendant may within two days after such fact has come to his knowledge, require that such security be given.

(2) If such request is not complied with within 48 hours, the court may on application either stay the proceedings until such request is complied with or dismiss the action.

(3) In this rule 'plaintiff' shall not include a plaintiff in reconvention nor shall 'action' include a claim in reconvention.

DELAY IN PROSECUTION OF ACTION.

59. If summons in an action be not served within twelve months of the date of its issue or, having been served, the plaintiff has not within that time taken further steps in the prosecution of the action, the summons shall lapse, provided that where the plaintiff or his attorney files an affidavit with the clerk of the court before the expiration of such period setting out:—

(*a*) that at the request of the debtor an extension of time in which to pay the debt claimed or any portion thereof has been granted to him;
(*b*) that in terms of the agreement judgment cannot, save in case of default, be sought within a period of twelve months from the issue of the summons;
(*c*) the period of the said extension;

the summons shall not lapse until twelve months after the expiration of the period of extension.

RECOVERY OF SMALL DEBTS.

60. (1) These rules shall mutatis mutandis apply to proceedings under Chapter VIII of the Act, subject to the provisions of this rule.

(2) The summons commencing an action shall be in the form No. 52 set out in the first annexure.

(3) The summons shall be signed by the plaintiff or by the person permitted by the clerk of the court to act in terms of section *fifty-five* of the Act.

(4) The provisions of any rule in regard to the delivery of or failure to deliver a plea shall not apply.

(5) A defendant who has entered an appearance to defend may at any time before the hearing of a claim lodge with the clerk of the court a written statement setting forth the nature of his defence and the particulars of the grounds on which it it based

(6) The defendant shall furnish a copy of such statement to the plaintiff.

NIE-VERSKYNING VAN 'N PARTY, TERUGTREKKING, ENS.

55. (1) Indien 'n eiser of applikant nie verskyn op die tyd wat vir die verhoor van die aksie of aansoek bepaal is nie, kan die aksie of aansoek met koste afgewys word.

(2) Indien die verweerder of respondent nie aldus verskyn nie, kan vonnis (wat die geëiste verligting nie oorskry nie) met koste teen hom gevel word.

(3) Die terugtrekking of afwysing van 'n aksie of 'n bevel van absolusie van die instansie lewer geen verweer teen 'n later aksie op nie; maar as 'n later aksie ingestel word ingevolge dieselfde of wesenlik dieselfde skuldoorsaak voordat die koste wat toegeken is by die terugtrekking, afwysing of bevel van absolusie betaal is, kan die hof op aansoek, as hy dit goedvind en mits vermelde koste getakseer en vereffening daarvan geëis is, beveel dat sodanige later aksie opgeskort word totdat daardie koste betaal is en dat die eiser die koste van die aansoek om opskorting moet betaal.

NOTULE; INSKRYWING, ENS. AS BEWYS IN SIVIELE SAKE.

56. (1) Wanneer dit nodig is om by die hof enige notule, inskrywing of dokument van dieselfde hof in 'n ander aksie as bewysstuk in te dien, moet die klerk van die hof na redelike kennisgewing die oorspronklike daarvan voorlê en die koste van afskrifte word nie toegestaan nie.

(2) Wanneer sodanige notule, inskrywing of dokument by 'n ander hof as bewysstuk ingedien moet word, kan 'n afskrif daarvan wat deur die klerk van die hof gewaarmerk is sonder oorlegging van die oorspronklike as bewysstuk ingedien word.

TUSSENKOMS VAN DERDE PARTY IN AKSIE.

57. (1) Op aansoek van 'n belanghebbende persoon wat in 'n aksie tussenbei wil tree, kan die hof aan so'n persoon verlof verleen om op sulke voorwaardes as wat billik mag wees tussenbei te tree.

(2) Op aansoek van 'n party in 'n aksie kan die hof gelas dat iemand anders as 'n eiser of as 'n verweerder op sulke voorwaardes as wat billik mag wees bygevoeg word.

SEKERHEID VIR KOSTE DEUR EISER

58. (1) Indien 'n eiser—

(*a*) nie binne die Unie woonagtig is nie;
(*b*) 'n ongehabiliteerde insolvent is;
(*c*) 'n geregistreerde of ingelyfde maatskappy is; of
(*d*) geen wesenlike belang by die skuldoorsaak het nie,

kan die verweerder, tensy die eiser vergun is om die eis as 'n behoeftige in te stel, na diening van die dagvaarding en voordat die pleitskrifte gesluit is van hom eis dat hy sekerheid stel vir die koste van die aksie (met uitsluiting van die hoofsom of koste van 'n eis in rekonvensie deur die verweerder ingestel): met dien verstande dat indien die feit waarop gesteun word eers na die sluiting van die pleitskrifte tot die verweerder se kennis gekom het, die verweerder binne 2 dae nadat daardie feit tot sy kennis gekom het, kan eis dat voornoemde sekerheid gestel word.

(2) Indien daar nie binne 48 uur aan die versoek voldoen word nie, kan die hof op aansoek óf die verrigtings opskort totdat aan die versoek voldoen is of die aksie afwys.

(3) In hierdie reël omvat „eiser" nie 'n eiser in rekonvensie nie, en omvat „aksie" nie 'n eiser in konvensie nie.

VERTRAGING IN VOORTSETTING VAN AKSIE.

59. Indien 'n dagvaarding in 'n aksie nie binne 12 maande na die datum waarop dit uitgereik is gedien word nie, of indien die eiser, as dit wel gedien is, nie binne daardie tydperk stappe gedoen het om die aksie voort te sit nie, veral die dagvaarding: met dien verstande dat as die eiser of sy prokureur by die klerk van die hof, voordat genoemde tydperk verloop het, 'n beëdigde verklaring indien waarin vermeld word:—

(*a*) dat op versoek van die skuldenaar 'n verlenging van tyd om die geëiste skuld of 'n gedeelte daarvan te betaal, aan hom toegestaan is;
(*b*) dat volgens die ooreenkoms vonnis, behalwe in die geval van verstek, nie binne 'n tydperk van 12 maande vanaf die uitreiking van die dagvaarding versoek kan word nie;
(*c*) die tydperk van genoemde verlenging;

die dagvaarding nie voor 12 maande na verloop van die tydperk van verlenging verval nie.

INVORDERING VAN KLEIN SKULDE.

60. (1) Met inagneming van die bepalings van hierdie reël is hierdie reëls *mutatis mutandis* van toepassing op verrigtinge ingevolge Hoofstuk VIII van die Wet.

(2) Die dagvaarding waardeur 'n aksie begin word, moet opgestel wees in die vorm No. 52 wat in die eerste Aanhangsel aangegee word.

(3) Die dagvaarding moet onderteken wees deur die eiser of deur die persoon wat deur die klerk van die hof vergun word om ooreenkomstig artikel *vyf-en-vyftig* van die Wet op te tree.

(4) Die bepalings van enige reël betreffende inlewering van 'n verweerskrif of versuim om 'n verweerskrif in te lewer is nie van toepassing nie.

(5) 'n Verweerder wat verskyning tot verdediging aangeteken het, kan te eniger tyd voordat die eis verhoor word by die klerk van die hof 'n skriftelike verklaring indien waarin die aard van sy verweer en besonderhede van die grondé waarop die berus uiteengesit word.

(6) Die verweerder moet 'n afskrif van so'n verklaring aan die eiser verstrek.

(7) If an appearance to defend is entered the clerk of the court shall appoint a day for hearing of the claim and shall notify the parties in writing thereof at least seven days before such hearing.

(8) Where an adjournment or postponement is made sine die, the clerk of the court shall notify the parties in writing of the day appointed for rehearing at least seven days before such date.

CRIMINAL RECORD BOOK.

61. (1) The clerk of the court shall keep a book to be styled the "criminal record book" in which he shall daily enter particulars of every criminal case coming before the court on that day.

(2) The charge sheet or, when the matter comes before the court by way of preparatory examination, the inner sheet, shall, when the matter first comes before the court, be numbered by him with a consecutive number for the year and the case shall then be entered in the criminal record book under that number.

(3) The particulars recorded in the criminal record book shall include:—

(i) date of hearing;
(ii) number of case;
(iii) name and description of accused;
(iv) crime or offence charged;
(v) verdict;
(vi) sentence or other disposal;
(vii) remarks (including date and effect of any order of a superior court on review or appeal).

(4) The judicial officer presiding at the hearing shall himself record in the criminal record book any sentence imposed or other order of disposal made by him including acquittal, or other discharge, postponement of sentence, adjournment, remand to another court or committal for trial.

SHORTHAND NOTES IN CRIMINAL CASES.

62. (1) The court may in any criminal trial direct that the plea and statement of the accused, the evidence orally given, any exception or objection taken during the course of the proceedings, the rulings and judgment of the court and such other portion of the proceedings as the court may specially indicate, be taken down in shorthand either verbatim or in narrative form.

(2) Every person employed for the taking of shorthand notes in terms of sub-rule (1) or for the transcription of notes so taken by another person shall be deemed to be an officer of the court and shall before entering on his duties take before a judicial officer an oath in the form prescribed in the first annexure of these rules.

(3) The shorthand notes taken in terms of sub-rule (1) shall be certified as correct by the writer and shall be filed by the clerk of the court with the record of the case. Unless the judicial officer presiding at the trial shall otherwise direct, the notes shall be transcribed as soon as may be after the conclusion of the trial, and the transcription shall be certified as correct by the person making it and also filed with the record.

(4) Shorthand notes and transcripts thereof certified as provided in sub-rule (3) shall be deemed to be correct and shall form part of the record of the proceedings in the trial: Provided, however, that the court may on application by the prosecutor or by the accused made within fourteen days after the conclusion of the trial or after the completion of the transcription of such notes order the amendment of such notes or such transcript.

(5) Where by direction of the judicial officer in terms of sub-rule (3) the shorthand notes have not been transcribed, any person may at any time by notice to the clerk of the court require that a transcription be made. Any person other than the prosecutor or the accused so requiring transcription shall pay to the clerk of the court at the time of making the request fees at such rates as the Minister may from time to time prescribe.

(6) Any person may on request obtain from the clerk of the court a copy of any transcript made in terms of sub-rule (3) or sub-rule (5) of this rule, upon payment, save in the case of the State, at the time of making the request of fees at such rates as the Minister may from time to time prescribe.

CRIMINAL APPEALS.

63. (1) A convicted person desiring to appeal under subsection (1) of section *one hundred and three* of the Act, shall within fourteen days after the date of conviction, sentence or order in question, lodge with the clerk of the court a notice of appeal in writing, in which he shall set out clearly and specifically the grounds, whether of fact or law or both fact and law, on which the appeal is based.

(2) If the appellant is unable, owing to illiteracy or physical defect, to write out such notice of appeal, the clerk of the court shall, upon his request, do so.

(3) Upon an appeal being noted, the judicial officer shall, within seven days, furnish to the clerk of the court a statement in writing showing:—

(i) the facts he found to be proved;

(ii) his reasons for any finding of fact specified in the appellant's statement as appealed against; and

(7) Indien verskyning tot verdediging aangeteken word, moet die klerk van die hof 'n dag vasstel vir die verhoor van die eis en moet hy die partye minstens 7 dae voor die verhoor skriftelik daarvan in kennis stel.

(8) Waar 'n verdaging of uitstel *sine die* gedoen word, moet die klerk van die hof die partye skriftelik in kennis stel van die dag wat vir herverhoor vasgestel is minstens sewe dae voor so'n datum.

REGISTER VAN STRAFSAKE.

61. (1) Die klerk van die hof moet 'n register hou, die Register van Strafsake genoem, waarin hy daagliks die besonderhede van elke strafsaak wat op die dag voor die hof kom, moet aanteken.

(2) Die akte van aanklag, of as die saak by wyse van voorlopige ondersoek voor die hof kom, die binneblad, moet wanneer die saak vir die eerste keer voor die hof kom, deur die klerk van die hof met 'n volgnommer vir die jaar genommer word en die saak word dan onder daardie nommer in die Register van Strafsake ingeskryf.

(3) Die besonderhede wat in die Register van Strafsake opgeteken word, moet die volgende bevat:—

(i) die datum van verhoor;
(ii) die nommer van die saak;
(iii) die naam en beskrywing van die beskuldigde;
(iv) die misdaad of misdryf waarvan aangekla;
(v) die uitspraak;
(vi) die vonnis of ander beskikking;
(vii) opmerkings (met inbegrip van die datum en inhoud van enige bevel van 'n hoër hof by hersiening of appèl).

(4) Die voorsittende regterlike amptenaar moet persoonlik in die Register van Strafsake 'n opgelegde vonnis of ander beskikkingsbevel met inbegrip van vryspraak of ander ontslag, uitstel van vonnis, verdaging, verwysing na 'n ander hof, of verwysing ter strafsitting aanteken.

SNELSKRIFAANTEKENINGS IN STRAFSAKE.

62. (1) Die hof kan by die verhoor van 'n strafsaak gelas dat die pleit en verklaring van die beskuldigde, die mondelinge getuienis, enige eksepsie of beswaar wat in die loop van die verrigtings opgewerp is, die beslissings en vonnis van die hof, asook sodanige ander gedeelte van die verrigtings as wat die hof in die besonder mag aanwys, in snelskrif opgeteken word óf woord vir woord of in verhaalvorm.

(2) Iedereen wat in diens geneem is om ingevolge subreël (1) in snelskrifaantekenings neer te skryf, of om die snelskrifaantekenings wat deur iemand anders neergeskryf is in gewone skrif oor te skryf, word geag 'n beampte van die hof te wees en moet voordat hy sy werk begin voor 'n regterlike amptenaar 'n eed aflê in die vorm wat in die eerste aanhangsel van hierdie reëls voorgeskryf is.

(3) Die snelskrifaantekenings wat ingevolge subreël (1) neergeskryf is, moet deur die snelskrywer as juis gewaarmerk word en word deur die klerk van die hof by die stukke in die saak opgeberg. Tensy die voorsittende regterlike amptenaar ander gelas, moet die aantekenings so spoedig doenlik na afloop van die verhoor in gewone skrif oorgeskryf word en die oorskrywing moet deur die persoon wat dit doen as juis gewaarmerk word en ook by die stukke in die saak opgeberg word.

(4) Snelskrifaantekenings en oorskrywings daarvan wat volgens voorskrif van subreël (3) gewaarmerk is, word geag juis te wees en deel uit te maak van die notule van die verrigtinge by die verhoor; met dien verstande egter dat die hof op aansoek deur die vervolger of deur die beskuldigde gedoen binne 14 dae na afloop van die verhoor of na voltooiing van die oorskrywing van die aantekenings, die wysiging van sulke aantekenings of oorskrywing kan gelas.

(5) Wanneer die snelskrifaantekenings op las van die regterlike amptenaar ooreenkomstig subreël (3) nie in gewone skrif oorgeskryf is nie, kan enigeen te eniger tyd by kennisgewing aan die klerk van die hof versoek dat hulle aldus oorgeskryf word. Iemand anders as die vervolger of die beskuldigde wat aldus oorskrywing versoek moet by die doen van die versoek aan die klerk van die hof 'n bedrag betaal volgens die skaal wat die Minister van tyd tot tyd voorskryf.

(6) Enigeen kan op versoek van die klerk van die hof 'n afskrif verkry van enige oorskrywing wat ooreenkomstig subreël (3) of subreël (5) van hierdie reël gemaak is, by betaling, behalwe in die geval van die Staat, op die tyd waarop die versoek gedoen word van gelde teen 'n tarief wat die Minister van tyd tot tyd voorskryf.

APPÈL IN STRAFSAKE.

63. (1) 'n Veroordeelde wat verlang om ingevolge subartikel (1) van artikel *honderd-en-drie* van die Wet te appelleer moet binne 14 dae na die datum van die betrokke veroordeling, vonnis of bevel by die klerk van die hof 'n skriftelike kennisgewing van appèl indien waarin hy duidelik en in besonderhede die gronde, hetsy feitlik of regsgronde of feitlike sowel as regsgronde waarop die appèl gegrond word, uiteensit.

(2) As die appellant weens ongeletterheid of liggaamsgebrek nie in staat is om so'n kennisgewing van appèl op te stel nie, moet die klerk van die hof dit op sy versoek doen.

(3) As 'n appèl aangeteken word, moet die regterlike amptenaar binne 7 dae aan die klerk van die hof 'n skriftelike verklaring, verstrek waarin aangegee word—

(i) die feite wat hy bevind het bewys te wees;
(ii) sy redes vir 'n beslissing aangaande feite waarteen, blykens aangifte in die appellant se verklaring, geappelleer word; en

(iii) his reasons for any ruling on any question of law or as to the admission or rejection of evidence so specified as appealed against.

(4) The appellant may, within seven days after the delivery to the clerk of the court of such statement, by notice to the clerk of the court, amend his notice of appeal, and the judicial officer may, in his discretion, within seven days thereafter furnish to the clerk of the court a further or amended statement of his findings of fact and reasons for judgment.

(5) When appeal is noted in a case in which the prosecution was not at the public instance the notice referred to in sub-rule (1) and any amended notice provided for in sub-rule (4) shall also be served by the appellant upon the prosecutor.

(2) Indien dit vir die bode nodig is om verder as sodanige afstand te gaan ten einde 'n ampsplig te vervul, is die voorgeskrewe reistoelae betaalbaar vir die heen- en terugreis, en word dit bereken vanaf die hofgebou van die distrik waarvoor die bode aangestel is.

(3) Reistoelae omvat alle onkoste wat op reis gemaak is, bv. vir treinkaartjies.

(4) Reistoelae word bereken op die grondslag dat die bode die goedkoopste vervoermiddel gebruik het wat onder die omstandighede verenigbaar is met behoorlike spoed.

(5) Reistoelae word bereken volgens elke afsonderlike diening behalwe dat, wanneer meer as een diening gedoen word op dieselfde rit, die afstand na die eerste plek van diening slegs eenmaal in rekening gebring word, en gelyk verdeel word oor die onderskeie dienings, en die afstand van die eerste plek van diening na die ander plekke eweneens gelyk verdeel word oor die ander dienings.

(6) Reistoelae word nie bereken nie tensy die bode in werklikheid noodsaaklikerwys die betrokke afstand gereis het.

(7) Wanneer dit vir die bode nodig is om iemand onder arres oor 'n afstand te vervoer, word enige reistoelae wat aan die bode betaalbaar is ten opsigte van daardie gedeelte van sy reis waarop hy deur so iemand vergesel was, verdubbel.

(8) Indien van die dienste van 'n Indiër- of naturelle-onderbode gebruik gemaak word, is die reistoelae een-derde van dié wat in die tarief aangegee word.

(9) Die bepalings van sub-paragrawe (2), (3), (4), (5), (6) en (8) van hierdie paragraaf is nie van toepassing nie indien 'n spesiale tarief van reistoelaes in enige distrik deur die magistraat volgens voorskrif van paragraaf 2 (3) van hierdie Tabel ingestel is.

15. (1) „Besit" beteken werklike liggaamlike besit deur 'n persoon in diens van die bode en deur hom betaal, wie se enigste werk asdan is om op die perseel waar op die goedere beslag gelê is, te bly, en wat in werklikheid in besit bly vir die tydperk waarvoor besit bereken word.

(2) „Verwyderingskoste" beteken die bedrag in werklikheid en noodsaaklikerwys uitbetaal.

(3) „Bergingskoste" beteken die bedrag in werklikheid en noodsaaklikerwyse vir berging uitbetaal, as die goedere by 'n derde persoon geberg is, of, as die bode die bergplek verskaf het, sodanige bedrag as wat billikerwyse in die gewone loop van besigheid toegestaan sou kon geword het as die goedere by 'n derde persoon geberg was.

16. Indien die bode in besit is kragtens meer as een lasbrief vir eksekusie, kan hy vir slegs een besit gelde bereken, en sodanige besit moet, sover doenlik, *pro rata* oor die onderskeie lasbriewe verdeel word; maar iedere eksekusieskuldeiser is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir sodanige besit tot 'n bedrag van hoogstens dié wat verskuldig sou gewees het ingevolge sy eksekusie, as dit die enigste was.

17. Fees payable on the value of goods attached or on the proceeds of the sale of goods in execution shall not be chargeable on such value or proceeds so far as they are in excess of the amount of the warrant.

18. In addition to the fees prescribed, the messenger shall be entitled to charge the amount of postage paid by him.

19. The messenger's fees and expenses of a garnishee order shall be added to the amount to be recovered under the order, and shall be chargeable against the judgment debtor.

TABLE C.

Fees to Assessors.

1. For every attendance when the case is wholly or partially heard, £1. 1s. 0d. for each hour or part of an hour of such attendance, but not to be less than £3. 3s. 0d. or more than £5. 5s. 0d. for every such attendance.

2. For every attendance when the case is not heard but is postponed or settled, at the above rate, but the minimum to be £1. 1s. 0d.

3. Attendances to be reckoned from the hour for which the assessor is summoned to the hour at which judgment is given or reserved, or to the hour at which the assessor is expressly released by the court from further attendance, whichever shall be the earlier.

4. When the case is adjourned, postponed, or settled, attendances to be reckoned from the hour for which the assessor is summoned to the hour at which the case is adjourned, postponed, or settled or to the hour at which the assessor is expressly released by the court from further attendance, whichever shall be the earlier.

5. An assessor who has neither a residence nor a place of business within three miles of the court-house shall also be entitled to a travelling allowance at the rate of one shilling a mile for each journey actually and necessarily taken between the court-house and his residence or place of business.

TABLE D.

Tariff of Court Fees.

No.	Document.	Amount £ s. d.
1.	Summons commencing an action :—	
	(1) (*a*) On each £25 or part of £25 of the amount of the claim or the value of the matter in dispute where such value is stated in the summons	0 1 0
	(*b*) Otherwise	0 2 0
	(2) On each claim for ejectment or for confirmation of an interdict or other interlocutory order. To be calculated on each claim in the summons, but not upon any but the largest of any alternative claims	0 2 0
2.	Statement of particulars of a claim in reconvention : fees as on a summons commencing an action	
3.	Any other summons except an interpleader summons at the instance of the messenger	0 1 0
4.	Notice of application (other than an application for summary judgment)	0 1 0
5.	Order made ex parte	0 2 6
6.	Subpoena	0 1 0
7.	Notice of withdrawal, discontinuance or abandonment of and claim or defence	0 1 0
8.	Request for judgment in an undefended action :— The same fees as were required on the summons commencing the action	
9.	Notice of application for summary judgment— Double the fees which were required on the summons commencing the action	
10.	Notice of set down of exception or motion to strike out.	0 1 0
11.	Notice of trial of any defended action—	
	(1) As regards any part of the claim not in dispute, fees at the same rate as required on the summons commencing the action.	
	(2) As regards any disputed part of the claim, fees at three times the rate required on the summons commencing the action ; and also fees similarly calculated upon the claim in reconvention (if any)	
12.	Notice of reinstatement of any action application or matter postponed sine die	0 1 0
13.	Warrant for the execution of any judgment, decree or order	0 1 0
14.	Security bond, other than security de restituendo	0 2 6
15.	Notice of appeal	0 7 6
16.	Request to inspect any record :—	
	(*a*) if the number of the record is given	0 1 0
	(*b*) if the number of the record is not given, for every month required to be searched	0 1 0
17.	Request for a copy of a record to be made by the clerk of the court :—	
	(*a*) for the first 100 words	0 1 0
	(*b*) for each additional 100 words or part thereof.	0 0 6
18.	For examining and certifying any copy of a record, for each 100 words but not to be less than 1s. in any case	0 0 3
19.	Bill of costs :— On each £1 or part of £1 allowed	0 0 6
20.	For the use of the services of the official interpreter for each fifteen minutes or fraction thereof during the interpreter's attendance in court, unless the interpretation was needed in one of the official languages and was for use of the court	0 1 0

1. (1) Anything to the contrary in the Stamp Duties and Fees Act 1911, notwithstanding, a notice of trial shall be received although the stamps required for any claim in reconvention be not affixed thereto ; but no such claim in reconvention shall be tried until the stamps due thereon have been affixed.

(2) A clerk of the court who has omitted to take any such fees shall be liable to pay and make good the amount thereof to the Treasury.

2. (1) Where any dispute arises between the clerk of the court and any person desiring to lodge any document as to whether the document is or is not sufficiently stamped, the question shall be referred to the magistrate, who shall decide the same in a summary manner.

(2) The magistrate's decision shall be final for the purpose of the action or matter in respect to which such document is lodged and shall discharge the clerk of the court from any responsibility under clause 1 (2) hereof ; but such decision shall be without prejudice to any other rights of any person interested.

3. No charge shall be made for the inspection of the record of any case on the business day next succeeding the day on which judgment was delivered in such case nor to any party to any case at any time before judgment or within seven days after judgment.

17. Gelde wat op die waarde van die goedere onder beslag of op die opbrings van 'n verkoop van goedere in eksekusie betaalbaar is, word vir sover sodanige waarde of opbrings meer is as die bedrag op die lasbrief, nie op sodanige waarde of opbrings bereken nie.

18. Benewens die voorgeskrewe gelde, is die bode geregtig om die bedrag deur hom aan posgeld betaal in rekening te bring.

19. Die bode se lone en onkoste by tenuitvoerlegging van 'n skuldbeslagorder word by die bedrag gevoeg wat kragtens die order verhaal moet word, en kan teen die vonnisskuldenaar in rekening gebring word.

TABEL C.

Gelde aan assessore.

1. Vir elke bywoning waarby die saak in sy geheel of gedeeltelik verhoor word, £1. 1s. 0d. vir elke uur of gedeelte van 'n uur van sodanige bywoning, maar nie minder as £3. 3s. 0d. of meer as £5. 5s. 0d. vir iedere sodanige bywoning nie.

2. Vir elke bywoning waarby die saak nie verhoor maar uitgestel of geskik word, teen bogenoemde tarief, maar met 'n minimum van £1. 1s. 0d.

3. Bywonings word bereken vanaf die uur waarvoor die assessor opgeroep word tot die uur waarop vonnis gevel of voorbehou word, of tot die uur waarop die assessor uitdruklik deur die hof vrygestel word van verdere bywoning, watter van die twee ook al eerste plaasvind.

4. Wanneer die saak verdaag, uitgestel of geskik word, moet die bywoning bereken word vanaf die uur waarvoor die assessor opgeroep is tot die uur waarop die saak uitgestel, verdaag of geskik word, of tot die uur waarop die assessor uitdruklik deur die hof vrygestel word van verdere bywoning, watter van die twee ook al eerste plaasvind.

5. 'n Assessor wat nòg 'n woonplek nòg 'n besigheidsplek binne drie myl van die hofgebou het, is ook geregtig op 'n reistoelae teen die tarief van een sjieling per myl vir elke rit wat hy werklik en noodsaaklikerwyse aflê tussen die hofgebou en sy woonplek of besigheidsplek.

TABEL D.

Tarief van hofgelde.

No.	Dokument.	Bedrag. £ s. d.
1	Dagvaarding waardeur aksie begin word :—	
	(1) (*a*) Vir elke £25 of gedeelte van £25 van die bedrag van die eis of die waarde van die saak in geskil, as sodanige waarde in die dagvaarding vermeld word	0 1 0
	(*b*) Anders	0 2 0
	(2) Vir elke eis vir ontruiming of vir bekragtiging van 'n interdik of ander tussenbevel. Word bereken op elke eis in die dagvaarding maar alleen op die grootste van alternatiewe eise	0 2 0
2	Opgawe van besonderhede van 'n eis in rekonvensie : gelde dieselfde as by 'n dagvaarding waardeur aksie begin word	
3	Enige ander dagvaarding behalwe 'n tussenpleitdagvaarding op versoek van die bode	0 1 0
4	Kennisgewing van aansoek (behalwe 'n aansoek om summiere vonnis)	0 1 0
5	Bevel *ex parte* gegee	0 2 6
6	Subpoena	0 1 0
7	Kennisgewing van terugtrekking, staking of afstanddoening van 'n eis of verweer	0 1 0
8	Versoek om vonnis in 'n onbestrede aksie : dieselfde gelde as dié wat by die dagvaarding waardeur aksie begin is, vereis was	
9	Kennisgewing van aansoek om summiere vonnis : dubbel die gelde wat by die dagvaarding waardeur die aksie begin is, vereis was	
10	Kennisgewing dat 'n eksepsie of mosie om deur te haal op die rol geplaas is	0 1 0
11	Kennisgewing van verhoor van 'n bestrede aksie :—	
	(1) Wat betref enige gedeelte van die eis wat nie in geskil is nie, gelde teen dieselfde tarief as wat vereis was by die dagvaarding waardeur die aksie begin is	
	(2) Wat betref enige gedeelte van die eis wat in geskil is, gelde teen driekeer die tarief wat vereis was by die dagvaarding waardeur die aksie begin is ; asook gelde op dieselfde wyse bereken op die eis in rekonvensie (as daar een is)	
12	Kennisgewing van herstel van enige aksie, aansoek of saak wat uitgestel is *sine die*	0 1 0
13	Lasbrief vir tenuitvoerlegging van 'n vonnis of bevel	0 1 0
14	Akte van borgtog, behalwe borgtog *de restituendo*	0 2 6
15	Kennisgewing van appèl	0 7 6
16	Versoek om notule in te sien :—	
	(*a*) Indien die nommer van die notule aangegee word	0 1 0
	(*b*) Indien die nommer van die notule nie aangegee word nie, vir elke maand wat nagegaan moet word	0 1 0
17	Aanvraag om 'n afskrif van 'n stuk wat deur die Klerk van die Hof gemaak moet word :—	
	(*a*) Vir die eerste 100 woorde	0 1 0
	(*b*) Vir elke verdere 100 woorde of gedeelte daarvan	0 0 6
18	Vir die insien en sertifiseer van 'n afskrif van 'n stuk vir elke 100 woorde maar in geen geval minder as 1s. nie	0 0 3
19	Kosterekening : vir elke £1 of gedeelte van £1 toegestaan	0 0 6
20	Vir gebruik van die dienste van die amptelike tolk, vir elke vyftien minute of gedeelte daarvan gedurende die tolk se verskyning in die hof, tensy die tolking nodig was in een van die amptelike tale en vir gebruik van die hof was	0 1 0

1. (1) Niteenstaande andersluidende bepalings in die „Zegelwet, 1911", word 'n kennisgewing van verhoor aangeneem al is die seëls wat vereis word ten opsigte van 'n eis in rekonvensie nie daarop geplak nie ; maar geen sodanige eis in rekonvensie word verhoor nie alvorens die seëls ten opsigte daarvan verskuldig aldus daarop geplak is.

(2) 'n Klerk van die hof wat versuim om sodanige gelde te in, kan verplig word om die bedrag daarvan by die Tesourie in te betaal.

2. (1) Indien 'n geskil ontstaan tussen die klerk van die hof en iemand wat 'n dokument wil indien betreffende die vraag of die dokument van voldoende seëls voorsien is of nie, moet die vraag na die magistraat verwys word, en hy moet dit op 'n summiere wyse beslis.

(2) Die magistraat se beslissing is vir die doeleindes van die aksie of saak in verband waarmee sodanige dokument ingedien word, 'n eindbeslissing, en stel die klerk van die hof vry van enige aanspreklikheid ingevolge klousule 1 (2) hiervan ; dog sodanige beslissing doen geen afbreuk aan enige ander regte van 'n belanghebbende persoon nie.

3. Geen gelde word bereken vir die insae van die stukke van 'n saak op die eersvolgende besigheidsdag na die dag waarop vonnis in sodanige saak gevel is nie, en ook nie teen 'n party in 'n saak te eniger tyd voor vonnis of binne sewe dae na vonnis nie.

Printed in the Union of South Africa by and under the superintendence of the Government Printer, Pretoria.

Gedruk in die Unie van Suid-Afrika deur en onder die toesig van die Staatsdrukker, Pretoria.

INDUSTRIAL EMPLOYERS' ASSOCIATION,
(NATAL SECTION)

EXTRAORDINARY BUITENGEWONE

THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.] [Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

VOL. CXL.] PRICE 6d. PRETORIA, 1 JUNE / 1 JUNIE 1945. PRYS 6d. [No. 3500

All Proclamations, Government and General Notices, published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

GOVERNMENT NOTICE.

The following Government Notice is published for general information:—

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

✱ No. 930.] [1 June 1945.

PRICE CONTROL.

MAINTENANCE OF RECORDS OF COSTS AND SELLING PRICES BY CLOTHING MANUFACTURERS.

In terms of regulations 2 and 9 of War Measure No. 95 of 1943 as amended, I, FRANCIS ROBERT EMERY, Price Controller do hereby throughout the Union, excluding the Mandated Territory of South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay—

(1) prescribe that every clothing manufacturer shall, in respect of all articles of wearing apparel, other than ladies' millinery, boots, shoes, slippers or similar footwear, manufactured or processed by him on or after the 1st *July*, 1945, maintain, in either official language, the records of costs and selling prices specified in the Schedule hereto and comply with all the provisions of the said Schedule, *provided however that*—

(*a*) any such clothing manufacturer who, immediately prior to the date of this notice, maintained records which accurately set forth the cost of production and selling price of each article of wearing apparel or range of sizes of identical articles manufactured or processed by him and which were reconciled with his financial accounts, may, unless otherwise directed by me and subject to compliance with the provisions of paragraphs 2 and 3 hereof, continue to maintain such records and reconciliations in lieu of the records specified in the said Schedule; and

(*b*) any such clothing manufacturer who observes the provisions of paragraph (4) hereof, need not maintain the records of selling prices referred to in sub-paragraphs (vii), (viii), (ix), (x) and (xi) of sub-paragraph A of paragraph 16 and paragraphs 17 and 18 of Part VIII of the said Schedule;

(2) order every clothing manufacturer, who in terms of proviso (*a*) to paragraph (1) hereof intends to continue to maintain the costing and selling price records in use by him at the date of this notice, to notify me in writing by not later than the 1st July, 1945, at 115 Paul Kruger Street, Pretoria, of such intention;

(3) direct that every clothing manufacturer, who in terms of proviso (*a*) to paragraph (1) hereof continues to maintain the costing and selling price records in use by him at the date of this notice, shall from and after the 1st July, 1945, and notwithstanding his previous practice—

(*a*) save as is provided in sub-paragraph (*b*), include in respect of wages in his record of costs only those items of direct wages as are permissible in terms of the definition of "direct wages" contained in sub-paragraph (*h*) of paragraph 1 of Part I of the Schedule hereto;

(*b*) include, in respect of factory overhead expenses in his record of costs, only those items of factory overhead expenses as are specified in items (*a*) to (*j*) inclusive in Form 8 of the Schedule hereto;

(*c*) allocate the said items of factory overhead expenses in the manner specified in sub-paragraphs A and B of paragraph 15 of Part VII of the Schedule hereto;

(*d*) unless he keeps stock and consumed records in respect of trimmings, prepare within seven days after the end of each three monthly period or shorter period that may be desired, a trimmings cost reconciliation in a manner similar to that set out in Form 5 of the Schedule hereto;

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

Onderstaande Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer:—

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

✱ No. 930.] [1 Junie 1945.

PRYSBEHEER.

HOU VAN REGISTERS VAN KOSTE EN VERKOOPPRYSE DEUR KLERASIEFABRIKANTE.

Ek, FRANCIS ROBERT EMERY, Pryskontroleur, bepaal hierby ooreenkomstig regulasies 2 en 9 van Oorlogsmaatreël No. 95 van 1943, soos gewysig, vir die hele Unie, met uitsondering van die Mandaatgebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai as volg:—

(1) Elke klerasiefabrikant moet ten opsigte van alle kledingstukke behalwe dameshoede, stewels, skoene, pantoffels of soortgelyke skoeisel wat deur hom op of na 1 Julie 1945 vervaardig of verwerk is, in een van die offisiële tale die registers van koste en verkooppryse hou wat in die Bylae hiervan vermeld is en al die bepalings van genoemde Bylae, nakom, *met dien verstande egter dat*—

(*a*) enige sodanige klerasiefabrikant wat onmiddellik voor die datum van hierdie kennisgewing registers gehou het wat die produksiekoste en verkoopprys van elke kledingstuk of verskillende groottes van dieselfde kledingstuk deur hom vervaardig of verwerk, aangee en met sy finansiële rekenings gerekonsilieer is, tensy ek anders beveel en onderworpe aan nakoming van die bepalings van paragrawe 2 en 3 hiervan kan voortgaan om die registers en rekonsiliasies te hou in die plek van die registers wat in genoemde Bylae vermeld is; en

(*b*) enige sodanige klerasiefabrikant wat die bepalings van paragraaf 4 hiervan nakom, nie die registers van verkoopprys in subparagrawe vii, viii, ix, x en xi van subparagraaf A van paragraaf 16 en paragrawe 17 en 18 van deel VIII van vermelde Bylae genoem, hoef te hou nie;

(2) elke klerasiefabrikant wat ooreenkomstig voorbehoudsbepaling (*a*) van paragraaf (1) hiervan voornemens is om voort te gaan met die hou van die registers van koste en verkoopprys wat op die datum van hierdie kennisgewing deur hom gehou word, moet my voor of op 1 Julie 1945 by Paul Krugerstraat 115, Pretoria, skriftelik van dié voorneme in kennis stel;

(3) elke klerasiefabrikant wat ooreenkomstig voorbehoudsbepaling (*a*) van paragraaf (1) hiervan voortgaan met die hou van die registers van koste en verkoopprys wat op die datum van hierdie kennisgewing deur hom gehou word, moet vanaf 1 Julie 1945 en ondanks sy vorige gebruik—

(*a*) behoudens die bepaling van subparagraaf (*b*), ten opsigte van lone alleen die regstreekse loonitems wat ooreenkomstig die omskrywing van „regstreekse lone" vervat in subparagraaf (*a*) van paragraaf (1) van deel I van die Bylae hiervan veroorloof is, by sy register van koste insluit;

(*b*) ten opsigte van indirekte fabrieksuitgawes alleen die items indirekte fabrieksuitgawes wat in items (*a*) tot en met (*j*) in Vorm 8 van die Bylae hiervan vermeld is, by sy register van koste insluit;

(*c*) genoemde items indirekte fabrieksuitgawes toewys op die manier wat in subparagrawe A en B van paragraaf 15 van deel VII van die Bylae hiervan aangegee is;

(*d*) tensy hy registers van voorrade en verbruikte voorrade ten opsigte van garneersels hou, binne sewe dae na die end van elke tydperk van drie maande of 'n korter tydperk indien dit verlang word; 'n rekonsiliasie van garneerselskoste opstel soos in Vorm 5 van die Bylae hiervan aangetoon;

(*e*) unless he allocates the total of his weekly or fortnightly direct wages referred to in sub-paragraph (*a*) hereof to cutting or production order numbers or to manufacturing processes and ascertains the direct wage cost of each such cutting order number or process in the manner set out in the preamble to Part VI of the Schedule hereto, prepare within seven days after the end of each three monthly period that coincides with a date upon which a pay roll has been made up or of such shorter period as may be desired, a wage cost reconciliation in a manner similar to that set out in Form 7 of the Schedule hereto; and

(*f*) mark all articles of wearing apparel manufactured by him in the manner provided in Part IX of the Schedule hereto;

(4) direct that every clothing manufacturer, who by virtue of proviso (*b*) to paragraph (1) hereof does not maintain the records of selling prices referred to in the said proviso, shall maintain his sales invoices and other sales records in such a manner that when called upon by the Price Controller in writing he shall be able to produce for any specified period an analysis of sales that, but for the said proviso, he would have had to maintain.

(5) prescribe that every clothing manufacturer (including any clothing manufacturer who, in terms of proviso (*a*) to paragraph (1) hereof, continues to maintain the records of costs and selling prices that were in use by him on the date of this notice) shall preserve the records which, in terms of this notice, he is required to maintain for a period of not less than three years from the date of sale or disposal of the articles of wearing apparel to which such records relate;

(6) order every clothing manufacturer, who in terms of the Schedule hereto or sub-paragraphs (*d*) and (*e*) of paragraph (3) hereof, is required to prepare any trimmings cost reconciliation and/or wage cost reconciliation, shall, within 21 days of the completion of any such trimmings or wage cost reconciliation, furnish me at 115 Paul Kruger Street, Pretoria, with a copy thereof;

(7) amend Government Notice No. 301 of the 25th February, 1944 (Maintenance of Records of Costs and Prices) by the insertion after paragraph (4) of the following new paragraph (4)*bis*:—

"(4)*bis*. As from 1st July, 1945, the provisions of this notice shall not apply to any clothing manufacturer who is required by Government Notice No. 930 of 1st June, 1945 (Maintenance of Records of Costs and Selling Prices by Clothing Manufacturers) to maintain and preserve records of costs and selling prices, save that every such clothing manufacturer who, in terms of paragraph (4) hereof, had prior to the 1st July, 1945, to preserve any records for the period set forth in the said paragraph (4) shall continue to preserve such records for such period;

(8) direct that as from the 1st July, 1945, every clothing manufacturer shall, in addition to the particulars that he is required to state on any invoice issuable by him in terms of Government Notice No. 531 of 31st March, 1944 (Issue of Invoices) in respect of the sale by him of any article of wearing apparel, further state on such invoice the cutting order number (as defined in the Schedule hereto) under which each such article of wearing apparel was manufactured;

(9) direct that for the purposes of this notice—

"articles of wearing apparel" mean any articles of clothing whatsoever which fall within any category of goods specified in the Schedule of Government Notice No. 2012 of 24th November, 1944 (Maximum Prices of Men's, Women's and Infants' Wearing Apparel), as amended;

"clothing manufacturer" means any person who carries on the business of a manufacturer of any article of wearing apparel (other than ladies' millinery, boots, shoes, slippers or similar footwear) at any premises which in terms of the Factories Machinery and Building Work Act, 1941, requires to be registered as a factory, but shall not include any bespoke tailor or dressmaker in respect of any article of wearing apparel made by such bespoke tailor or dressmaker to the order of a person who is not a dealer and for the personal use of such person;

"cost of production" means in relation to any article of wearing apparel or range of sizes of identical articles of wearing apparel manufactured or processed, the total of the following items—

(i) the cost to the clothing manufacturer of the materials (including trimmings) used in such production or processing based on the cost per unit of such materials determined in the same manner as is set out in sub-paragraph (*g*) of paragraph 1 of Part I of the Schedule hereto;

(ii) the amount of direct wages paid by the clothing manufacturer to factory operatives for the production or processing; and

(iii) the amount allocated by the clothing manufacturer for factory overhead expenses incurred in the production or processing.

F. R. EMERY,
Price Controller.

(*e*) tensy hy die totale bedrag van sy weeklikse of tweeweeklikse direkte lone in subparagraaf (*a*) hiervan genoem, aan sny- of produksie-opdragte of aan vervaardigingsprosesse toewys en die direkte loonkoste van elke sodanige sny-opdrag of proses vasstel soos in die inleiding van deel VI van die Bylae hiervan aangetoon binne sewe dae na die end van elke tydperk van drie maande wat saamval met 'n datum waarop 'n betaalstaat opgemaak is of van 'n korter tydperk indien dit verlang word, 'n rekonsiliasie van loonkoste opstel soos in Vorm 7 van die Bylae hiervan aangetoon; en

(*f*) alle kledingstukke wat deur hom vervaardig is op die manier wat in deel IX van die Bylae hiervan voorgeskryf is, merk;

(4) elke klerasiefabrikant wat kragtens voorbehoudsbepaling (*b*) van paragraaf (1) hiervan nie die registers van verkoopprys in genoemde voorbehoudsbepaling vermeld hou nie, moet sy verkoopfakture en ander verkoopregisters op so'n manier hou dat wanneer hy deur die pryskontroleur skriftelik daarom versoek word, hy in staat sal wees om vir enige bepaalde tydperk 'n ontleding van verkope te verstrek wat hy sou moes bygehou het indien hy nie deur genoemde voorbehoudsbepaling daarvan vrygestel is nie;

(5) elke klerasiefabrikant [met inbegrip van 'n klerasiefabrikant wat ooreenkomstig voorbehoudsbepaling (*a*) van paragraaf (1) hiervan voortgaan om registers van koste en verkoopprys te hou wat op die datum van hierdie kennisgewing deur hom gehou word] moet die registers wat hy ooreenkomstig hierdie kennisgewing moet hou vir 'n tydperk van minstens drie jaar vanaf die datum van die verkoop of vervreemding van die kledingstukke waarop die registers betrekking het, bewaar;

(6) elke klerasiefabrikant wat ooreenkomstig die Bylae hiervan of subparagrawe (*d*) en (*e*) van paragraaf (3) hiervan 'n rekonsiliasie van garneerselskoste en/of 'n rekonsiliasie van loonkoste moet opstel, moet binne 21 dae na die voltooiing van die rekonsiliasie van garneersels- of loonkoste 'n afskrif daarvan aan my te Paul Krugerstraat 115, Pretoria, verstrek;

(7) Goewermentskennisgewing No. 301 van 25 Februarie 1944 (Hou van registers van koste en pryse) word hierby gewysig deur die volgende nuwe paragraaf (4)*bis* na paragraaf (4) in te voeg:—

(4)*bis*. Vanaf 1 Julie 1945 is die bepalings van hierdie kennisgewing nie van toepassing op 'n klerasiefabrikant wat ingevolge Goewermentskennisgewing No. 930 van 1 Junie 1945 (Hou van registers van koste en verkoopprys deur klerasiefabrikante) registers van koste en verkoopprys moet hou nie behalwe dat elke sodanige klerasiefabrikant wat ooreenkomstig paragraaf (4) hiervan voor 1 Julie 1945 registers moes bewaar vir die tydperk wat in genoemde paragraaf (4) bepaal is, dié registers vir dié tydperk moet bly bewaar;

(8) vanaf 1 Julie 1945 moet elke klerasiefabrikant benewens die besonderhede wat hy op 'n faktuur moet vermeld wat hy ooreenkomstig Goewermentskennisgewing No. 531 van 31 Maart 1944 (Uitreiking van fakture) kan uitreik ten opsigte van die verkoop van 'n kledingstuk deur hom, verder op die faktuur die nommer van die sny-opdrag (soos omskryf in die Bylae hiervan) waarvolgens elke sodanige kledingstuk vervaardig is, vermeld;

(9) vir doeleindes van hierdie kennisgewing beteken—

„kledingstukke", enige kledingstukke van watter aard ookal wat binne enige kategorie goedere val wat in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 2012 van 24 November 1944 (Maksimum pryse van mans-, dames- en kinderklere), soos gewysig, vermeld is;

„klerasiefabrikant", iemand wat die besigheid van 'n vervaardiger van enige kledingstuk (behalwe dameshoede, stewels, skoene, pantoffels of soortgelyke skoeisel) dryf op enige perseel wat ooreenkomstig die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, as 'n fabriek geregistreer moet wees, maar nie ook enige op-maat-kleremaker of -modemaakster ten opsigte van 'n kledingstuk wat deur dié op-maat-kleremaker of -modemaakster in opdrag van 'n persoon wat nie 'n handelaar is nie en vir die persoonlike gebruik van dié persoon gemaak is;

„produksiekoste", met betrekking tot enige kledingstuk of verskillende groottes van dieselfde kledingstukke wat vervaardig of verwerk is, die totaal van die volgende items:—

(i) Die koste van die materiaal (insluitende garneersels) wat by die vervaardiging of verwerking gebruik is vir die klerasiefabrikant, gebaseer op die koste per eenheid van die materiaal vasgestel soos in subparagraaf (*g*) van paragraaf (1) van deel I van die Bylae hiervan aangetoon;

(ii) die bedrag aan direkte lone wat deur die klerasiefabrikant aan fabrieks werkers vir die vervaardiging of verwerking betaal; en

(iii) die bedrag deur die klerasiefabrikant toegewys vir indirekte fabrieksuitgawe wat met die vervaardiging of verwerking opgeloop is.

F. R. EMERY,
Pryskontroleur.

SCHEDULE.

Subject to the provisos of paragraph (1) of this Notice, the minimum records of costs and selling prices to be instituted and maintained and the method by which unit costs are to be ascertained are set out hereunder.

PART I.—DEFINITIONS AND INTERPRETATIONS.

1. Wherever for the purposes of this Schedule—

(*a*) reference is made to a "cutting order" this shall mean the cutting or production order or any other term by which the order to commence production of wearing apparel according to specifications contained in such order is known, and each such cutting order shall bear a separate number referred to herein as the "*cutting order number*" and no such number shall be used more than once or for the purpose of identifying the cutting order for articles of wearing apparel that are different in specifications as to style or type or as to class and basic quality of materials used;

(*b*) reference is made to any numbered "form hereto", that reference refers to the *form* of that number appearing at the end of this Schedule but the entries of data therein are inserted for illustration purpose only;

(*c*) it is required that any "record shall be maintained in a manner similar to that set out in" any form hereto or any "reconciliation shall be prepared in a manner similar to that set out in" any form a *record* or *reconciliation* statement shall be prepared and kept in accordance with the relevant form appearing at the end of this Schedule and there shall be clearly, legibly and correctly recorded therein, in such manner and at such time as may be indicated in this Schedule and/or from time to time, or, if no time is indicated not less frequently than once per month, all the entries and data called for by the items contained in such form and the relevant provisions of this Schedule;

(*d*) reference is made to the "record of costs and selling prices" such reference is to the record of costs, selling prices and stocks, being Form 9 hereto;

(*e*) as "estimate" has to be made, such *estimate* shall, at the time of or prior to the commencement of the production of the garment concerned, be carefully computed by a responsible person able and competent to make such estimate;

(*f*) "the number of units" or "the cost per unit" is required to be recorded, *the unit* must be specified, e.g. yards, dozens, gross, etc., as the case may be;

(*g*) "the cost per unit" of any materials or trimmings is required to be recorded, such *cost* shall, notwithstanding the reference to manufacturer's cost contained in paragraph (3) of the Schedule to Government Notice No. 1687 of 10th September, 1943 (Determination of Costs), be determined as follows:—

(i) In respect of materials or trimmings imported by the manufacturer, in accordance with paragraphs (1) and (2) (importer's costs) of the Schedule to the said Government Notice;

(ii) in respect of materials or trimmings purchased but not imported by the manufacturer, in accordance with paragraph (4) (dealer's costs) of the Schedule to the said Government Notice; and

(iii) in respect of materials or trimmings acquired by the manufacturer, in any way other than importation or purchase, in accordance with paragraph (5) (costs to trustees, heirs, etc.) of the Schedule to the said Government Notice;

provided however, that the cost per unit of any materials or trimmings determined as aforesaid may be averaged in the manner provided in and subject to the conditions of Government Notice No. 1688 of 10th September, 1943 (averaging of costs), with the cost per unit similarly determined of any like materials or like trimmings and such average cost per unit may be recorded as the *cost* per unit of all the materials or trimmings so averaged;

(*h*) reference is made to "direct wages" such reference shall only relate to wages paid to factory operatives directly engaged in the production of the relevant garments and itemised in the wage book or record kept for the purposes of the regulations in force under Industrial Conciliation Act, 1937, or the Wage Act, 1937, as amended, but shall exclude—

(i) all wages included as factory overhead expenses in terms of paragraph 15 of Part VII of this Schedule; and

(ii) unless the prior written permission of the Price Controller has been obtained, that portion of any wage paid or payable to any employee, director, proprietor or partner that is in excess of a wage (inclusive of cost of living allowance, holiday and leave pay) at the rate of £1,200 per annum;

(*i*) reference is made to "materials", *materials* include trimmings for which the manufacturer maintains stock and consumed records; and

(*j*) reference is made to "trimmings" in paragraphs 8, 9, 10 and 11 of Part V hereof, *trimmings* do not include any trimmings for which the manufacturer maintains stock and consumed records.

BYLAE.

Die minimum registers van koste en verkoopprys wat behoudens die voorbehoudbepalings van paragraaf (1) van hierdie kennisgewing aangelê en gehou moet word en die metode waarvolgens die eenheidskoste vasgestel moet word, word hieronder uiteengesit.

DEEL I.—OMSKRYWINGS EN VERTOLKINGS.

1. Wanneer vir doeleindes van hierdie Bylae—

(*a*) na 'n „sny-opdrag" verwys word, beteken dit die sny- of produksie-opdrag of enige ander uitdrukking waarby die opdrag om 'n aanvang te maak met die vervaardiging van kledingstukke volgens die spesifikasies in die opdrag vervat bekend is, en elke sodanige sny-opdrag moet 'n afsonderlike nommer dra hierin die „*snyopdragnommer*" genoem en so'n nommer moet nie meer as eenmaal gebruik word of gebruik word om die sny-opdrag aan te wys vir kledingstukke wat verskil wat betref spesifikasies aangaande die soort of tipe of die klas en basiese kwaliteit van die materiaal wat gebruik is nie;

(*b*) na enige genommerde „; vorm hiervan" verwys word, het die verwysing betrekking op die *vorm* met dié nommer wat aan die einde van hierdie Bylae voorkom, maar die gegewens wat daarop aangegee is, dien slegs as 'n voorbeeld;

(*c*) vereis word dat 'n „register gehou moet word soos aangetoon in" enige vorm hiervan of 'n „rekonsiliasie opgestel moet word soos aangetoon in" enige vorm, moet 'n *register* of *rekorsiliasiestaat* opgestel en gehou word in ooreenstemming met die betrokke vorm wat aan die einde van hierdie Bylae voorkom en daarop moet al die gegewens wat deur die items in dié vorm vervat en die betrokke bepalings van hierdie Bylae vereis word in duidelike en leesbare vorm op die manier en tyd wat in hierdie Bylae aangegee word en/of van tyd tot tyd of, indien geen tyd aangegee word nie, minstens eenmaal per maand, noukeurig aangegee word;

(*d*) na die „Register van Koste en Verkoopprys" verwys word, het die verwysing betrekking op die register van koste, verkoopprys en voorrade, d.w.s. vorm 9 hiervan;

(*e*) 'n „raming" gemaak moet word, moet dié *raming* voor of wanneer met die vervaardiging van die betrokke kledingstuk 'n aanvang gemaak word noukeurig bereken word deur 'n verantwoordelike persoon wat in staat en bevoeg is om die raming te maak;

(*f*) „die getal eenhede" of „die koste per eenheid" aangegee moet word, moet *die eenheid* vermeld word, bv: jaarts, dosyne, gros, ens., na gelang van die geval;

(*g*) „die koste per eenheid" van materiaal of garneersels aangegee moet word, moet die *koste* ondanks die verwysing na Kospryse van Vervaardiger in paragraaf (3) van die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 1687 van 10 September 1943 (Vasstelling van kospryse) as volg vasgestel word:—

(i) Ten opsigte van materiaal of garneersel wat deur die fabrikant ingevoer is, ooreenkomstig paragrawe (1) en (2) (Kospryse van Invoerder) van die Bylae van genoemde Goewermentskennisgewing;

(ii) ten opsigte van materiaal of garneersels wat deur die fabrikant gekoop maar nie ingevoer is nie, ooreenkomstig paragraaf (4) (Kospryse van Handelaar) van die Bylae van genoemde Goewermentskennisgewing; en

(iii) ten opsigte van materiaal of garneersels wat deur die fabrikant op 'n ander manier as deur invoer of aankoop verkry is, ooreenkomstig paragraaf (5) (Kospryse van Trustees, Erfgename, ens.) van die Bylae van genoemde Goewermentskennisgewing;

met dien verstande egter dat die gemiddelde van die koste per eenheid van enige materiaal of garneersels soos voornoem vasgestel en van die koste per eenheid van enige soortgelyke materiaal of garneersels op dieselfde manier vasgestel, op die wyse wat voorgeskryf is in en onderworpe aan die voorwaardes van Goewermentskennisgewing No. 1688 van 10 September 1943 (Berekening van Gemiddelde van Koste) bereken kan word en dié gemiddelde koste per eenheid as die *koste* per eenheid van al die materiaal of garneersels waarvan die gemiddelde aldus bereken is, aangegee kan word;

(*h*) na „direkte lone" verwys word, het dié verwysing net betrekking op lone wat betaal is aan fabriekswerkers wat regstreeks betrokke is in die vervaardiging van die betrokke kledingstukke en wat aangegee is in die Loonboek of -register wat gehou word vir doeleindes van die regulasies wat van krag is ingevolge die Nywerheidversoeningswet, 1937, of die Loonwet, 1937, soos gewysig, maar dit sluit die volgende uit:

(i) alle lone wat ooreenkomstig paragraaf 15 van Deel VII van hierdie Bylae as indirekte fabrieksuitgawes ingesluit is en

(ii) tensy die skriftelike toestemming van die Pryskontroleur vooraf verkry is, dié gedeelte van enige loon met inbegrip van lewenskostetoelae, vakansie- en verlofbetaling wat aan 'n werknemer, direkteur, eienaar of vennoot betaal of betaalbaar is bo £1,200 per jaar;

(*i*) na „materiaal" verwys word, *materiaal* garneersels insluit waarvoor die fabrikant registers van voorrade en verbruikte voorrade hou; en

(*j*) in paragrawe 8, 9, 10 en 11 van Deel V hiervan na „garneersels" verwys word, *garneersels* nie enige garneersels insluit waarvoor die fabrikant registers van voorrade en verbruikte voorrade hou nie.

PART II.—FINANCIAL RECORDS.

2. In the manufacturer's financial books or records there shall be recorded separately—

(i) the purchase cost [see sub-paragraph 4 A (ii) (*d*) of Part IV hereof] of all materials recorded in the materials stock record;

(ii) the purchase cost [on the basis specified in sub-paragraph 4 A (ii) (*d*) of Part IV hereof] of all trimmings (other than trimmings included in materials stock record); and

(iii) the purchase cost [on the basis specified in sub-paragraph 4 A (ii) (*d*) of Part IV hereof] of all purchases of consumable stores included under the heading Factory Overhead Expenses in terms of paragraph 15 of Part VII hereof (see Form 8).

PART III—PRODUCTION REGISTER.

3. *Production Register* (*Form* 1).—A register of cutting orders, to be known as a production register shall be maintained in a manner similar to that set out in Form 1 hereto in which there shall be recorded, *inter alia*, on a separate page for each cutting order, the following information:—

(i) Dates—

(*a*) of cutting order;

(*b*) of issues from cutting room;

(*c*) when count taken at the end of the wage reconciliation period of garments cut but not yet issued from cutting room;

(*d*) of garments finished.

(ii) Number of cutting order.

(iii) Description and style of garment.

(iv) *Quantities under sizes and in totals—

(*a*) of issues from cutting room; and

(*b*) of number of garments cut but not issued, at the end of each wage reconciliation period.

(v) *The quantity, under sizes and in totals, of garments finished. (Where all the garments under a cutting order are not finished at the end of any wage reconciliation period, the entry under this item must be the quantity, under sizes and in totals, of garments finished up to and including the last day of such wage reconciliation period.)

(vi) *The quantity of each size and total quantity of garments in process at close of day on date to which each three monthly wage reconciliation is made up, being the difference between—

(*a*) the total quantity of each size and the total quantity of all such garments cut during the period; and

(*b*) the total quantity of each size and the total quantity of all such garments finished during the period.

*NOTE.—Quantities of sizes need not be recorded for the purposes of paragraphs (iv), (v) and (vi) unless different selling prices are charged for the different sizes of the same garment.

PART IV—MATERIALS.

4. *Materials Stock Record* (*Other than Trimmings*) (*Form* 2).—A materials stock record shall be maintained in a manner similar to that set out in Form 2 hereto in which there shall be recorded on a separate card or sheet for each type of material and for each purchase or other acquisition of each such type, *inter alia*, the following information under a full description of the type of material:—

A. *Receipts into Stock.*

(i) *Stock on Hand:*

The *stock on hand* at the date of the commencement of the first costing period to which this notice relates showing the reference to documents of acquisition (e.g. purchase) or the folio on which such acquisition is recorded in the financial books, the *number* of units, the *cost* per unit and the *total cost value*.

(ii) *Purchases and Acquisitions:*

(*a*) The *date* on which the material is received into stock during the costing period.

(*b*) The *reference* to all the documents of acquisition (e.g. purchase) or the *folio* on which such purchase is recorded in the financial books.

(*c*) The *number* of units purchased.

(*d*) The *total purchase cost* as entered in the financial records in the purchases account and as permissible in terms of Government Notice No. 1687 of 10th September, 1945.

(*e*) The *total of such items of cost* (e.g. railage, customs, etc.), as are permissible in terms of Government Notice No. 1687 of the 10th September, 1943, and have not been included under sub-paragraph (*d*) hereof.

(*f*) The *total cost* of the purchase, being the sum of the amounts under sub-paragraphs (*d*) and (*e*) hereof.

(*g*) The *cost* per unit, ascertained by reference to sub-paragraphs (*c*) and (*f*) hereof.

DEEL II.—FINANSIËLE REGISTERS.

2. Die volgende moet in die fabrikant se finansiële boeke of registers afsonderlik aangegee word:—

(i) Die aankoopkoste [kyk subparagraaf 4A (ii) (*d*) van Deel IV hiervan] van alle materiaal wat in die Register van die Materiaalvoorraad aangegee is;

(ii) die aankoopkoste [op die grondslag in subparagraaf 4A (ii) (*d*) van Deel IV hiervan vermeld] van alle garneersels (behalwe garneersels wat by die Register van Materiaalvoorraad ingesluit is); en

(iii) die aankoopkoste [op die grondslag in paragraaf 4A (ii) (*d*) van Deel IV hiervan vermeld] van alle aankope van verbruikbare voorrade wat onder die hoof Indirekte Fabrieksuitgawes ooreenkomstig paragraaf 15 van Deel VII hiervan (kyk Vorm 8) ingesluit is.

DEEL III.—PRODUKSIEREGISTER.

3. *Produksieregister* (*Vorm* 1).—'n Register van snyopdragte wat as 'n Produksieregister bekend sal staan, moet gehou word soos in Vorm 1 hiervan aangetoon waarin, *onderander*, onderstaande inligting op 'n afsonderlike bladsy vir elke sny-opdrag opgeteken moet word:—

(i) Datums—

(*a*) van sny-opdrag;

(*b*) van uitreikings uit snykamer;

(*c*) van telling, aan die einde van die loonrekonsiliasietydperk, van kledingstukke wat gesny maar nog nie uit die snykamer uitgereik is nie;

(*d*) waarop kledingstukke klaargemaak is.

(ii) Nommer van sny-opdrag.

(iii) Beskrywing van en tipe kledingstuk.

(iv) *Hoeveelhede, volgens groottes en in totale—

(*a*) van uitreikings uit snykamer, en

(*b*) van aantal kledingstukke wat gesny maar nog nie uitgereik is nie, aan die einde van elke loonrekonsiliasietydperk.

(v) *Die hoeveelheid, volgens groottes en in totale, van klaargemaakte kledingstukke. (As al die kledingstukke kragtens 'n sny-opdrag nog nie aan die einde van 'n loonrekonsiliasietydperk klaargemaak is nie, moet die inskrywing onder hierdie item die hoeveelheid, volgens groottes en in totale, kledingstukke wat tot en met die laaste dag van dié loonrekonsiliasietydperk klaargemaak is, aantoon).

(vi) *Die hoeveelheid van elke grootte en totale hoeveelheid kledingstukke nog in die verwerkingsproses aan die einde van die dag op die datum tot wanneer elke driemaandelikse loonrekonsiliasie opgestel word, naamlik die verskil tussen—

(*a*) die totale hoeveelheid van elke grootte en die totale hoeveelheid van al hierdie kledingstukke wat gedurende die tydperk gesny is; en

(*b*) die totale hoeveelheid van elke grootte en die totale hoeveelheid van al hierdie kledingstukke wat gedurende die tydperk klaargemaak is.

*OPMERKING.—Hoeveelhede van groottes hoef nie vir doeleindes van paragrawe (iv), (v) en (vi) aangegee te word nie tensy verskillende verkooppryse vir die verskillende groottes van dieselfde kledingstuk gevra word.

DEEL IV.—MATERIAAL.

4. *Register van Materiaalvoorraad* (*behalwe Garneersels*) (*Vorm* 2).—'n Register van materiaalvoorraad moet gehou word soos in Vorm 2 hiervan aangetoon waarin daar op 'n afsonderlike kaart of vel vir elke tipe materiaal en vir elke aankoop of ander verkryging van elkeen van hierdie tipes, *onder ander* onderstaande inligting onder 'n volledigde beskrywing van die tipe materiaal opgeteken moet word:—

A. *In voorraad ontvang.*

(i) *Voorraad voorhande:*

Die *voorraad voorhande* op die datum van die begin van die eerste kosteberekeningstydperk waarop hierdie kennisgewing betrekking het, met vermelding van die verwysing na verkrygingsdokumente (bv. van aankoop) of die folio waarop die verkryging opgeteken is in die finansiële boeke, die *aantal* eenhede, die *koste* per eenheid en die *totale kosprys*.

(ii) *Aankope en verkrygings:*

(*a*) Die *datum* waarop die materiaal gedurende die kosteberekeningstydperk in voorraad ontvang word.

(*b*) Die *verwysing* na al die verkrygingsdokumente (bv. van aankoop) *of* die *folio* waarop die aankoop in die finansiële boeke opgeteken word.

(*c*) Die *aantal* eenhede wat aangekoop is.

(*d*) Die *totale aankoopkoste* soos opgeteken in die finansiële registers in die aankoperekening en soos veroorloof ooreenkomstig Goewermentskennisgewing No. 1687 van 10 September 1943.

